2024
SANSSU
DRIE POSISIE REËLS
EN
SKIETTOESTANDE

17 Januarie 2024 (v3)

Hierdie reëls is geskoei op die
“National Standard Three-Position Air Rifle Rules”
Die SANSSU reëls is opgestel om met die gees en die gesindheid van die VSA-reëls saam te werk, maar dit verskil in inhoud en aanbieding om aan die Suid-Afrikaanse vereistes te voldoen.
Hierdie SANSSU reëls is die enigste reëls wat sal geld met enige SANSSU kompetisie en afrigting.

Die VSA-reëls is beskikbaar by die volgende

adres: National Three-Position Air Rifle Council
Camp Perry
P.O. Box 576
Port Clinton,
Ohio 43452

OF

besoek by die volgende webwerf:

www.sanssu.co.za

VEILIGHEIDSREËLS VIR LUGGEWEER-SKIETBANE

Die belangrikste reëls wat op enige skietbaan of by teikenskiet nagekom moet word, is die veiligheidsreëls.

Die reëls is van toepassing op luggewere, lugpistole of enige ander vuurwapens.

Hierdie veiligheidsmaatreëls moet by alle skietbane deur die wedstrydbeamptes, afrigters en skuts toegepas word.

Alle deelnemers, afrigters en wedstrydbeamptes moet hierdie reëls ken en nougeset toepas. Die veiligheidsreëls in afdeling 2.0 van hierdie reëlboek moet sorgvuldig bestudeer word.

1. GEWEERLOOP

Hou altyd die geweerloop in ‘n veilige rigting.
Geweerlope mag nooit in die rigting van ‘n ander persoon gehou word nie.
Op die baan is dit die veiligste om die geweerloop na bo, of in die rigting van die teikengebied te hou.

2. VEILIGHEIDSKOORD (vk)

Die veiligheidskoord of vk is `n helderkleurige grassnyer koord wat in die geweerloop geplaas word. Die punte van die vk moet by beide die oop slot en voor by die geweerloop uitsteek.
Die vk bevestig dat die Luggeweer ontlaai is. Die vk moet in die geweerloop geplaas word wanneer die geweer op die baan gebring word of van die baan verwyder word.
Die vk mag slegs verwyder word wanneer die “LAAI - BEGIN” bevel deur die baanoffisier in enige van die drie posisies gegee word. Die gebruik van die vk is verpligtend in al drie die posisies van die luggeweer kompetisies.

3. GEWEERAKSIE (SLUITMEGANISME/SLOT)

Hou altyd die geweeraksie oop, behalwe wanneer die geweer op die vuurlyn is; tussen die begin van die voorbereidingstyd en die einde van die skietperiode.
Sodra die skut klaar geskiet het, of die geweer neergesit word, moet die aksie oop en die geweer ontlaai wees. Die vk moet in die loop geplaas word.
Die enigste uitsondering is vir veergewere waar die “cocking lever” nie oopgelos kan word, sonder om die aksie van die geweer te beskadig nie.Veergewere moet geknak word en die vk in die loop geplaas word.
Die aksie moet toegemaak word, wanneer die geweer in ‘n geweerkas geplaas word, maar moet onmiddelik oopgemaak word wanneer die geweer uit die kas geneem word. Die vk moet dan in die loop geplaas word.

4. SNELLER

Dis veral belangrik om jou vinger buite die snellerbeuel te hou wanneer die geweer gelaai of in posisie geplaas word. Haal jou vinger van die sneller af totdat die geweer in die skietposisie geplaas word en jy werklik gereed is om die skoot af te trek.

5. TEIKEN

Skiet alleenlik na die teiken wat aan jou toegewys is. Maak seker dat die teiken voor ‘n veilige agtergrond geplaas is. Daar mag na geen ander voorwerp as jou eie teiken geskiet word nie.

6. BAANOFFISIER

‘n Baanoffisier is in beheer van alle skietaktiwiteite op die skietbaan.
Die opdragte van die baanoffisier of persoon in beheer moet altyd gehoorsaam word.
Baanoffisiere moet alle gewere wat na die skietbaan gebring word nagaan om te verseker dat die gewere veilig gemaak is.

7. SKIETBAANBEVELE

Maak seker dat jy die bevele van die baan waar jy skiet goed ken.
Geen skut mag ‘n geweer laai en voortgaan met skiet voordat die bevel LAAI-BEGIN gegee is nie.
Wanneer die bevel STOP (staak vuur) gegee word mag geen verdere poging aangewend word om ‘n skoot af te vuur nie. Die geweer moet dadelik laat sak word en die aksie oopgemaak word. Indien daar

nog ‘n koeëltjie in die geweer is, of die geweer gelaai is, moet die baanoffisier onmiddellik daarvan in kennis gestel word en gewag word vir verdere instruksies.

8. LAAI VAN DIE GEWEER

Die geweerslot word toegemaak wanneer die geweer in die skouer posisie is.
Die geweerloop moet opwaarts en in die rigting van die teiken-gebied gehou word wanneer dit hanteer word. Maak seker dat die geweerloop nooit in die rigting van ‘n mede-skut of na enige area agter die vuurlyn gehou word wanneer die geweer oorgehaal of gelaai word nie.

9. BEWEGING NA TEIKENGEBIED

Indien iemand teikens moet gaan plaas of afhaal of vir enige rede na die teikengebied moet beweeg, moet alle geweeraksies oop wees en gewere neergelê word voor op die vuurlyn op die baanoppervlakte.VK moet in geweerloop geplaas word. Niemand mag na die teikengebied beweeg voordat die baanoffisier toestemming daarvoor gegee het nie.

10. OOG- EN GEHOORBESKERMING (Sintuiglike Beskerming)

Oog- en gehoorbeskerming (sintuiglike beskerming) word aanbeveel selfs vir luggeweerskiet.
Op sommige skietbane is oog- en gehoorbeskerming (sintuiglike beskerming) ‘n vereiste.

11. HANTEER ELKE GEWEER ASOF DIT GELAAI IS.

Hanteer elke geweer asof dit gelaai is, selfs al is jy seker die geweer is nie gelaai nie en selfs as ‘n Baanoffisier seker gemaak het die geweer is nie gelaai nie. Die wapen mag nooit na ‘n ander persoon gerig word nie.

12. DUIKSILINDERS

Duiksilinders vir hervulling mag nie in die skietsaal gehou word nie. Daar moet ‘n hervulstasie in ‘n aparte vertrek geskep word. Geen duiksilinders mag in die die hervulstasie geplaas word met meer as 200 bar druk nie. Duiksilinders (hervulstasie) mag nie in die direkte son gehou word nie. Duiksilinders wat vir hervul van gewere gebruik word moet met ‘n raam of beskermer toegerus wees wat die “kop” beskerm teen beskadiging. Duiksilinders moet jaarliks visueel geinspekteer word en elke 4 jaar ‘n hidrostatiese toets ondergaan by ‘n geregistreerde instansie. Die silinder moet van ‘n “inspeksie datum” d.m.v. ‘n stempel op die silinder voorsien word. Slegs duiksilinders waarvan die stempel op datum is, mag in die hervulstasie toegelaat word. Duiksilinders vir hervulling mag nie in die omgewing van die skietsaal of tussen deelnemers/besoekers/toeskouers op die skouers gedra word nie.

13. SANSSU IDENTIFIKASIEKAARTJIE

Die identifikasiekaartjie wat die skut se foto, SANSSU nommer asook sy geweernommer bevat moet deur die skut tydens alle kompetisies vertoon word. Dit geld vir Provinsiale, Interprovinsiale, Nasionale en Internasionale kompetisies. As `n skut nie sy kaartjie kan toon nie moet hy gediskwalifiseer word. Tellings reeds geskiet sal nie verskaf word nie. Die tellings sal ook nie individueel of in spanverband tel nie.

SANSSU 3-POSISIE LUGGEWEERREËLS

Gebaseer op “National Standard Three-position Air Rifle Rules”

14. REËLS

Hierdie reëls vervang die ***2020*** SANSSU 3-Posisie Luggeweerreëls (31 januarie 2020 v1).
Hierdie reëls is gebaseer op die ***twaalfde*** uitgawe ***2018-2020*** National Standard Three-Position Air Rifle Rules. Hierdie reëls inkorporeer wysigings en toevoegings t.o.v. Sporter, Veer en Presisiegewere in oorleg met die ***2017-2020*** Uitgawe - Internasionale Skietsport Federasie (ISSF) reëls as ‘n verwysingsbron.
Hierdie SANSSU reëls is egter die enigste reëls wat sal geld met enige SANSSU kompetisie en afrigting.

INHOUDSOPGAWE

1 ALGEMENE REGULASIES 9
1.1 INLEIDING 9
1.2 DOEL VAN REËLS 9
1.3 DOELWIT EN GESINDHEID VAN DIE REËLS 9
1.4 GESAG OM REËLS VAS TE STEL 10
1.5 TOEPASSING VAN REËLS 10
1.6 WYSIGING VAN REËLS 10
1.7 JURIE / JURIERAAD 10
1.8 GEMAGTIGDE KOMPETISIES 10
1.9 GEBRUIK VAN VERBODE MIDDELS 10
2 VEILIGHEID 11
2.1 HANTERING VAN GEWERE 11
2.2 LAAI 11
2.3 BEGIN 11
2.4 STOP (staak vuur) 11
2.5 GELAAIDE LUGGEWEER 11
2.6 VERWYDERING VAN GEWEER VANAF VUURLYN 11
VEILIGHEIDSNOODGEVAL 12
2.7 PERSOONLIKE VEILIGHEID 12
2.7.1 Sintuiglike beskerming 12
2.7.2 Persoonlike Higiëne 12
3 TOELATINGSVEREISTES VIR DEELNAME 12
3.1 INDIVIDUELE DEELNEMERS 12
3.1.1 Juniors(o/21) 12
3.1.2 Spesiale ouderdomsgroepe 12
3.2 SPANNE 12
3.2.1 Betrokkenes 14
3.2.2 Inskrywing 14
3.2.3 Tellings 14
3.2.4 Klubs 14
3.2.5 Lidmaatskap van meer as een klub 14
3.3 SPESIALE KATEGORIEË EN KLASSIFIKASIES 14
3.3.1 Geslag 14
3.3.2 Organisasies 14
3.3.3 Gelyke vaardigheidsvlakke 14
3.3.4 Beginnerskuts 14
4 LUGGEWERE EN TOERUSTING 15
4.1 TOERUSTING KLASSE 15
4.2 OOPVISIER VEERKLAS 15
4.2.1 Algemeen 15
4.2.2 Toegelate Wapens 15
4.2.3 Kolf 15
4.2.4 Band en Handstop 15
4.2.5 Visiere 15
4.2.6 Sneller 16
4.2.7 Gewig 16
4.2.8 Trompsnelheid 16
4.2.9 Verhogingsblok 16
4.2.10 Wapengoedkeuringskomitee 16
4.2.11 Oopvisier Veerklas nuwe toevoeging 16
4.2.12 Veiligheid 17
4.1.1 Teiken 17
4.1.2 Eksterne hulp 17
4.3 VEERKLAS 18
4.3.1 Algemeen 18
4.3.2 Toelaatbare wapens 18

4.3.3 Kolf 18
4.3.4 Band en handstop 18
4.3.5 Visiere 18
4.3.6 Snellerdruk 18
4.3.7 Gewig 19
4.3.8 Trompsnelheid 19
4.3.9 Verhogingsblok 19
4.3.10 Veergeweer Afmetingstabel en diagram 19
4.3.11 Wapengoedkeuringskomitee: 19
4.4 SPORTERKLAS 20
4.4.1 Algemeen 20
4.4.2 Goedgekeurde Sporter Gewere 20
4.4.3 Kolf. 20
4.4.4 Geweerband 20
4.4.5 Handstop/Bandknip 20
4.4.6 Visiere 20
4.4.7 Snellerdruk 21
4.4.8 Gewig van die geweer 21
4.4.9 Trompsnelheid 21
4.4.12 Interne modifikasies. 22
4.4.13 Ander verbode modifikasies 22
4.4.14 Loopverlengstuk 22
4.4.15 Wapengoedkeuringskomitee: 22
4.5 KLERASIE VIR VEER- EN SPORTERKLAS 22
4.5.1 Klere 22
4.5.2 Skoene 23
4.5.3 Handskoene 23
4.5.4 Spesiale Toerusting 23
4.6 PRESISIEKLAS (Gebruik as riglyn) ISSF reëls word toegepas. 24
4.6.1 Algemeen 24
4.6.2 Presisiegeweer Afmetingstabel en diagram 24
4.6.3 Skouerstuk 25
4.6.4 Buite Gewigte / Gewigte aan die Buitekant 25
4.6.5 Bandknip of Handstop 25
4.6.6 Greep Materiaal / Klou Materiaal 25
4.6.7 Geweerloop verlengstukke 25
4.6.8 Pistoolgreep en Kolf-voorkant 26
4.6.9 Verstellings aan die Geweer 26
4.6.10 Spesiale Eienskappe 26
4.7 PRESISIEGEWEER VISIERE 26
4.7.1 Algemeen 26
4.7.2 Korrektiewe lense en Teleskopiese Visiere 26
4.7.3 Ligfiltreerders / Filters 26
4.7.4 Helling Aanwysers (“Cant Indicators”) 26
4.8 PRESISIE KLERASIE EN TOERUSTING 26
4.8.1 Algemeen 26
4.8.2 Skietbaadjie 27
4.8.3 Skietbroeke 28
4.8.4 Onderklere en Oefenklere 29
4.8.5 Skoene 29
4.8.6 Geweerband (“sling”) 30
4.8.7 Handskoen 30
4.8.8 Kniel Hakskeen Matjie 31
4.8.9 Oop-klas kompetisie 31
4.9 ALGEMENE TOERUSTING VIR ALLE KLASSE. 31
4.9.1 Ammunisie 31
4.9.2 Knielrol 31
4.9.3 Teleskoop 32
4.9.4 Skietmat 32
4.9.5 Hoorbare toestelle 32
4.9.6 Skietbril 32

4.9.7 Hoofbedekkings of sonskerms....32
4.9.8 Blinders....32
4.9.9 Agterste Visierblinder....32
4.9.10 Geweerstaander/tafel en stoel....33
4.9.11 Gebruik van spesiale toerusting. 33
5 KOMPETISIETOESTANDE 33
5.1 SKIETPOSISIES 33
5.1.1 Lê-posisie 33
5.1.2 Staanposisie 33
5.1.3 Knielposisie....34
5.1.4 Gestremdheid en Plaasvervangende Posisies....34
5.2 AFRIGTING 34
5.2.1 Afrigting tydens Sporter- en Veerbyeenkomste....34
5.2.2 Afrigting tydens Presisie-byeenkomste 35
5.2.3 Afrigting gedurende Kompetisies....35
5.3 Kompetisie-items en Tydsbeperkings....35
5.3.1 Individuele, 3x20 of 3x20 plus finaal....35
5.3.2 Individuele 10 m Staan-posisie, 2 x 20....35
5.3.3 Veelvuldige Reeks Saamgestelde kampioenskappe....36
5.3.4 Spanne 4 x 3Px2 = 4800 + 4 x 10 m Staan = 1600Totaal = 6400....36
5.3.5 Spansamestelling en voorwaardes. 36
5.4 TEIKENS 36
5.4.1 Proefskootteikens 36
5.4.2 Rekordhouding met Enkelteikens (Opskryf van Teikens)....36
5.4.3 Omruil van Teikens 37
5.5 BAANSPESIFIKASIES 37
5.5.1 Afstand....37
5.5.2 Vuurlyn en Vuurpunt 37
5.5.3 Teikenaanwysings en die nommer van teikens 37
5.5.4 Teikenhoogtes 37
5.5.5 Skiettafels 37
5.5.6 Beligting 38
5.5.7 Amptelike Tellingbord 38
5.5.8 Musiek 38
5.6 KOMPETISIEPROGRAM 38
6 KOMPETISIEBEAMPTES EN HULLE PLIGTE 38
6.1 KOMPETISIE-DIREKTEUR....38
6.2 BAANOFFISIERE....38
6.3 JURIE (SKEIDSREGTERS) 39
6.4 TOERUSTING KONTROLE-BEAMPTE/TEGNIESE DIREKTEUR 39
6.5 STATISTIEKE-BEAMPTE 39
6.6 TELLINGHOUERS 39
6.7 SPANAFRIGTER....39
7 KOMPETISIE PROSEDURES 41
7.1 INSKRYWINGS 41
7.2 BAANLOTINGS 41
7.3 TOERUSTING KONTROLE 41
7.4 PLASING/NEEM VAN TOERUSTING NA EN VAN VUURLYN 41
7.4.1 Afrigtingstyd 41
7.5 VOORBEREIDING EN INSKIET TYD 41
7.6 BEGIN EN EINDE VAN WEDSTRYD (WEDSTRYDTYD) 42
7.6.1 Vyf (5) minuut waarskuwing....42
7.6.2 Twee (2) minuut waarskuwing 42
7.7 POSISIE OORSKAKELINGSTYD 42
7.8 VERLAAT VAN BAAN EN VERWYDERING VAN TOERUSTING.....43
7.9 DROË SKOTE 43
7.10 VRYLAAT VAN ’N DRYFLADING. 43
7.11 PROEFSKOTE EN TELSKOTE 43
7.11.1 Proefskote....43
7.11.2 Telskote 43
7.12 SKIETBAAN BEVELE 44

7.13 ONGEWONE SKOTE EN ANDER VOORVALLE 44
7.13.1 Skote gevuur voor die “BEGIN” bevel 44
7.13.2 Skote gevuur na die “STOP” bevel 44
7.13.3 Eerste skote buite die afgemerkte area (*proefskote strook area en telskote teiken area)* 44
7.13.4 Gelaaide geweer na die “STOP” bevel 44
7.13.5 Ongevuurde skote 44
7.13.6 Meer as een skoot per teiken 44
7.13.7 Te veel skote in skietposisie 45
7.13.8 Kruisvuur 45
7.13.9 Misvuur 45
7.13.10 Geskil-skote 45
7.14 ONDERBREKINGS IN SKIET 45
7.14.1 Ekstra tyd verlang 46
7.14.2 Ekstra proefskote verlang 46
7.14.3 Onderbrekings op totale baan 46
7.14.4 Teikens wat loskom 46
7.15 WEIERINGS 46
7.15.1 Toelaatbare/nie toelaatbare weierings 46
7.15.2 Ongeoorloofde laai van ‘n geweer 47
7.15.3 Skote geskiet met lae gasdruk 47
7.15.4 Vervang van silinders 47
7.15.5 Herstel van ‘n geweer en toelating om dit weer te gebruik in die kompetisie 47
7.16 LAAT OPDAAG. 47
7.17 TOESKOUERS EN DIE MEDIA 47
7.18 STRAWWE VIR OORTREDING VAN REËLS 48
7.18.1 Openlike oortredings 48
7.18.2 Verborge oortredings 48
7.18.3 Veiligheidsoortredings 48
7.18.4 Afrigting oortredings 48
7.18.5 Onsportiewe Optrede 48
8 EVALUERING VAN TEIKENS 48
8.1 WAARDE VAN SKOTE 48
8.1.1 Misskote 49
8.1.2 Ongewone skote 49
8.2 PAPIERTEIKEN EVALUERING 49
8.2.1 Die gebruik van ‘n tellingmeter (PROP) 49
8.2.2 Die Gebruik van ‘n uitwaartse tellingring 49
8.2.3 Die gebruik van die inwaartse tellingring 50
8.2.4 Evaluering van voltelskote (10^e) 50
8.2.5 Evaluering van geskeurde gaatjies 50
8.3 ELEKTRONIESE TEIKENS 50
8.3.1 Elektroniese teikentellings 50
8.3.2 Elektroniese teikentellingbesware 50
8.4 VISUELE BEELD ELEKTRONIESE MERK STELSELS (VBS) 50
8.4.1 Definisie: 50
8.4.2 Goedgekeurde stelsels 50
8.4.3 Tellingringe op’n VBS teiken. 51
8.4.4 Visuele Beeld Elektroniese Tellings 51
8.4.5 Beswaar Teen VBS Tellings 51
8.5 BESLISSING VAN GELYKOP-UITSLAE 51
8.5.1 Individuele 3P-items 52
8.5.2 Individuele, een posisie items. 52
8.5.3 Individuele groottotale 52
8.5.4 Span-items 52
8.5.5 Onopgeloste gelykop-uitslae 52
8.6 LYS VAN RESULTATE 53
9 BESWARE EN APPÈLLE 53
9.1 BESWARE TEEN FOUTIEWE TELLINGS OF PUNTE 53
9.1.1 Wie mag beswaar aanteken? 53
9.1.2 Waarde van skote wat gemeet is, mag nie betwis word nie. 53

9.1.3 Besware teen skote in die finaal 53
9.1.4 Besware teen opponent (ander spanne/individue) 53
9.1.5 Gelde betaalbaar 54
9.2 BESWARE TEEN VOORWAARDES VAN KOMPETISIE 54
9.2.1 Gelde betaalbaar vir besware 54
9.2.2 Kompetisie besware 54
9.2.3 Verwysing van besware na die Nasionale Jurie/Raad 54
9.3 APPÈL TEEN BESLUITE OOR BESWARE 54
10 FINALE 54
10.1 FINALE RONDTE PROSEDURE 55
10.1.1 Bepaling van aanvangsposisies vir die finale rondte. 55
10.1.2 Puntetelling van finale teikens. 55
10.1.3 Uitvoering/ Aanbieding van finale rondtes, d.m.v. elektroniese teikens. 55
10.1.4 Uitvoering/ Aanbieding van finale rondtes d.m.v papierteikens en teikendraers. 55
10.1.5 Uitvoering/ Aanbieding van die finaal d.m.v. vaste papierteikens. 55
10.2 VOORBEREIDING VIR FINAAL 56
10.2.1 Aanwys van vuurpunte 56
10.2.2 Teikens 56
10.2.3 Voorstel van deelnemers 56
10.3 AANBIEDING VAN ‘N FINALE RONDTE 56
10.3.1 Bevele 56
10.3.2 Afsluiting van die finaal 56
10.4 SPESIALE PROSEDURES VIR DIE FINAAL 57
10.4.1 Verkorting van deelnemer se tyd 57
10.4.2 Funksiefoute (weierings) in die finaal 57
10.4.3 Vroeë en laat skote 57
10.4.4 Besware 57
11 SANSSU REKORDS 57
Veer-geweer: 40 skote in Staanposisie, individueel en spanne van 4 Veer-geweer: 3P, 3 X 20 skote, individueel en spanne van 4 58

AANHANGSEL A *: BAANBEVELE*.

AANHANGSEL B : LYS VAN VERBODE MIDDELS.

1 ALGEMENE REGULASIES

1.1 INLEIDING

Die Suid-Afrikaanse Nasionale Skole Skutters Unie (SANSSU) bedryf skyfskiet by skole sedert die Kadetjare. SANSSU ken SA Skole Kleure toe aan verdienstelike skuts by die SA Skole Luggeweer Kampioenskappe wat jaarliks in die Oktober vakansie aangebied word. Luggeweerskiet is `n sport waaraan seuns en dogters kan deelneem vanaf 8 jaar tot `n baie gevorderde ouderdom. Kompetisies vir individue en vir spanne van 4 skuts word gereeld aangebied.

Skyfskiet is ‘n sport wat ‘n betekenisvolle bydrae lewer tot die ontwikkeling van die deelnemer. Dissipline en verantwoordelikheid word gevestig elke keer as ‘n geweer hanteer word. Dink net aan die konsentrasie en toewyding wat benodig word met die afvuur van ‘n skoot. Selfdissipline word benodig om gereeld te oefen en die regte dieet te volg. Die selfvertroue wat gevestig word met die bemeestering van die skietkuns het gewoonlik akademiese vordering op skool as resutaat.

3P(drie posisie) skyfskiet bied veelsydige ontwikkeling van jong skuts in hul vormingsjare. Skole skiet is die voedingsbron vir die ander skietsporte in Suid-Afrika. Skoolverlaters kan met selfvertroue by enige van die skietdissiplines inskakel omdat hul reeds die drie posisies: Lê, Staan en Kniel magtig is.

Die volgende vier skietklasse word by skole aangebied:
Oopvisier veerklas
Veergewere met oopvisiere word gebruik. Beperk tot Laerskoolskuts. Een ouderdomsgroep naamlik o/13. Pistoolteikens word gebruik.
Veerklas
Beperk tot veergewere wat nie ’n spesiaal “match” vervaardigde wapen mag wees nie. Die wapen mag nie terugslagloos of semi-terugslagloos (“recoilless of semi-recoilless”) wees nie. Luggewere wat goedgekeur is vir die Veerklas is Weihrauch HW30S, CZ Slavia 630, CZ Slavia 631, Gamo Black Shadow, BSA Comet Evo Standard en BSA Meteor Evo Standard. Die volgende aanpassings word toegelaat volgens die reëls: gaatjievisiere, swakker vere, verstelbare sneller, verhogingsblok, verlenging van die kolf en die geweer mag swaarder gemaak word met interne en loopgewigte.
Sporterklas
Slegs goedgekeurde gewere word toegelaat (Avanti) Daisy M853/953/753, Daisy 888, CZ T200, CZ S200, Air Arms T200,Air Arms MPR, **Crossman PCP PCP (word nie aanbeveel vanaf 2020 weens looplengte reël oorskreiding. Bestaande gewere in die sisteem moet by SANSSU se Tegniese Beampte geregistreer word om aanvaar te word in kompetisies),** Custom Target Rifle, Airforce Air Guns Edge en BSA Scorpion 1200 Cadet. Die volgende aanpassings word toegelaat volgens die reëls: verhogingsblok (slegs Air Arms/CZ 200T) en loopgewigte.
Presisie klas
Presisiegewere, Skietbaadjies, Skietbroeke en skoene is kenmerkend. Deelname is streng volgens ISSF reëls. Skuts wat na skool met Luggeweer of .22 gewere aangaan kan vorder tot by wêreld-kampioenskappe en selfs die Olimpiese spele. Skuts wat grootkaliber (308) gaan skiet kan ook aan wêreldkampioenskappe deelneem.

SANSSU stuur ook jaarliks ‘n span na of Engeland om aan die British Junior International Match (BJI) of die VSA om aan die NRA en CMP se kompetisies deel te neem. Dit gee ons junior skuts internasionale blootstelling en bied `n uitdaging om voor te werk. Daar word ook jaarliks ‘n toets teen die VSA geskiet in die vorm van ‘n posliga.

1.2 DOEL VAN REËLS

Die doel van die reëls is om ‘n eenvormige nasionale standaard reëlboek vir 3P-luggeweer-kompetisies daar te stel. Alle deelnemers, afrigters en kompetisie-beamptes moet hierdie reëls ken en seker maak dat dit toegepas word. Hierdie reëls moet by enige 3P-luggeweerkompetisies, Nasionale byeenkomste of kleiner byeenkomste toegepas word.

1.3 DOELWIT EN GESINDHEID VAN DIE REËLS

Die doel van die reëls is dat alle kompetisies regverdig sal wees.
Enige iets wat ‘n skut onregverdig bevoordeel waarvoor nie in hierdie reëls voorsiening gemaak is nie, word verbied. Baanoffisiere en Juries (skeidsregters) moet oor dispute wat nie in hierdie reëls vervat is nie besluit. Die besluite moet altyd binne die raamwerk van hierdie reëls en die gees van die sport geneem

word.
Die baanbeampte of jurie (skeidsregter) mag geen besluit neem wat teenstrydig met hierdie reëls is nie.

1.4 GESAG OM REËLS VAS TE STEL

Die Suid-Afrikaanse Nasionale Skole Skuttersunie (SANSSU) is die nasionale beherende liggaam vir 3P-luggeweerskiet en het die mag om reëls vas te stel.
Hierdie reëls is daargestel om by goedgekeurde 3P-luggeweerkompetisies gebruik te word.
Reëls vir klerasie en toerusting vir 3P-luggewere word deur die Raad goedgekeur en is in die reëlboek opgeneem.

1.5 TOEPASSING VAN REËLS

Hierdie reëls moet by alle 3P-luggeweerkompetisies wat deur SANSSU georganiseer en goedgekeur word toegepas word. Alle organisasies wat skietkompetisies vir die jeug organiseer, word aangemoedig om hierdie reëls by 3P-luggeweerkompetisies toe te pas. Dit sal verseker dat alle 3P luggeweerdeelnemers en afrigters dieselfde reëls by kompetisies toepas.
`n Afskrif van hierdie reëls moet by alle skietbane waar `n kompetisie plaasvind beskikbaar wees. Geen skut mag aangespreek word oor die verbreking van `n reël as die reël nie spesifiek aan hom/haar uitgewys kan word nie.

1.6 WYSIGING VAN REËLS

Die SANSSU reëlkomitee moet jaarliks bymekaar kom om die 3P luggeweerreëls te hersien en wysigings vir die volgende uitgawe goed te keur.
Wanneer wysigings gemaak word, moet die komitee poog om internasionale reëls in ag te neem.
Die komitee moet ook die sienswyse van deelnemende organisasies en ander jeugorganisasies in ag neem.
Enige persoon wat aanbevelings vir veranderings aan die reëls wil maak, kan dit rig aan die Tegniese Beampte SANSSU, via provinsiale voorsitters.

1.7 JURIE / JURIERAAD

Die SANSSU President mag ‘n Jurieraad wat uit drie ervare deskundiges bestaan aanwys om die aanwending en toepassings van reëls by SANSSU byeenkomste te monitor.
Die Jurieraad moet besluite wat die Jurie (skeidsregters) en Hoofbaanoffisier op die baan geneem het verifieer, besware en dispute oplos en antwoorde betreffende die reëls verskaf .
Die Jurieraad is by magte om oor besware wat deur die deelnemers aan SANSSU kompetisies gemaak word te besluit. (Reël 9.3)
Besluite deur die Jurieraad is finaal en kan nie verder gevoer word nie.

By SANSSU byeenkomste moet minstens twee Jurielede (wedstryd skeidsregters) per aflos aangestel word. Die Jurie moet besware en dispute oplos en antwoorde betreffende die reëls verskaf op die skietbaan.

Die Jurie moet bevindings en interpretasies aangaande afgehandelde appèlle, skriftelik aan die SANSSU Reëlkomitee bekend maak.

1.8 GEMAGTIGDE KOMPETISIES

SANSSU stel jaarliks ‘n program van goedgekeurde kompetisies op. Kompetisies wat op Provinsiale skietprogramme gepubliseer word, word ook as gemagtigde kompetisies beskou. Amptelike SANSSU Rekord tellings kan by SA’s opgestel word.

1.9 GEBRUIK VAN VERBODE MIDDELS

Indien ‘n deelnemer skuldig bevind word aan die gebruik van verbode middels hetsy deur toetse of getuienis van ander persone, sal hy/sy gediskwalifiseer word vir die betrokke kompetisie en onderwerp word aan ‘n dissiplinêre ondersoek deur SANSSU wat kan lei tot skorsing van die sport vir ‘n bepaalde tydperk. Die lys van verbode middels is soos per die nuutste publikasies deur “World

Anti-doping Code", waarvan die 2018 lys in Aanhangsel "B" aangeheg is as voorbeeld.

2 VEILIGHEID

Veiligheid is die grootste bekommernis by enige skietsport. Om die veiligheid van deelnemers, beamptes en toeskouers te verseker, verg voortdurende opleiding in wapenhantering. 'n Deelnemer wat 'n wapen onveilig hanteer sal gediskwalifiseer word. Dit is die verantwoordelikheid van elke deelnemer en beampte om die veiligheidsreëls na te kom en veiligheidsprosedures te volg. Tydens kompetisies sal 'n Baanoffisier asook 'n aparte Veiligheidsbeampte aangestel word.

2.1 HANTERING VAN GEWERE

Alle wapens moet te alle tye met groot sorg en verantwoordelikheid hanteer word.
Wanneer 'n wapen hanteer word, maak seker dat die loop in 'n veilige rigting wys en dat die geweeraksie oop is met 'n vk in die loop.
Geen wapen mag hanteer word solank daar iemand voor by die teikens is nie.
'n Wapen wat op die baan geplaas word, moet te alle tye veilig verklaar word deur die gekleurde veiligheidskoord (Weed-eater koord) in die loop te plaas.

2.2 LAAI

Gewere mag net op die vuurlyn gelaai word.
Tydens die laaiprosedure moet die geweerloop opwaarts en in die rigting van die teikens wys.
Gewere mag slegs na die LAAI bevel gelaai word. ***'n Geweer word beskou as gelaai sodra die koeëltjie die geweer raak.***
Die geweerslot van Sporter en Presisie gewere mag slegs toegemaak word wanneer die geweer in die skouerposisie is. Sodra die geweer laat sak word vanuit die skouerposisie, moet die slot onmiddellik oopgemaak word.
Veer gewere mag by toerustinginspeksie gelaai word om die snellergewig te toets as die nodige apparaat om dit veilig af te vuur, beskikbaar is.

2.3 BEGIN

Deelnemers mag slegs na die teikens begin vuur nadat die baanoffisier die bevel BEGIN gegee het.
Enige skoot gevuur voor die "BEGIN" bevel van inskiettyd / afrigtingstyd of wedstrydtyd sal getel word as 'n mis op die eerste kompetisieteiken bereken word (met ander woorde, -10 punte).{reël 7.15}
Die bevel BEGIN mag slegs gebruik word om die aanvang van die skietperiode aan te dui, maar nooit om die begin van die voorbereidingsperiode of enige ander aktiwiteit aan te dui nie.

2.4 STOP (staak vuur)

Wanneer die bevel STOP of STOP ONTLAAI gegee word, moet alle deelnemers dadelik stop, die gewere veilig maak deur die aksie oop te maak en lope in die rigting van die teiken te plaas. Die VK moet ook in die loop geplaas word.
Enige skoot gevuur na die bevel STOP sal in 'n kompetisie as 'n misskoot (-10 punte) bereken word.
Na die bevel STOP moet al die gewere in 'n veilige toestand gelaat word, ontlaai, geen koeëltjies in die loop nie en die aksie moet oop wees.

2.5 GELAAIDE LUGGEWEER

Indien daar na die bevel STOP 'n gelaaide wapen op die vuurlyn is, moet die deelnemer roep, "GELAAIDE WAPEN" en sy hand opsteek. Die baanoffisier moet dan toepaslik die wapen ontlaai of laat afvuur voordat dit van die vuurlyn verwyder word. (Reël 7.14.4)
Let wel: Baie bane gebruik 'n ontlaaikas waarin 'n skoot afgevuur kan word om die wapen te ontlaai.

2.6 VERWYDERING VAN GEWEER VANAF VUURLYN

Voordat 'n geweer van die vuurlyn af verwyder mag word, moet dit veilig gemaak word.
Enige geweer wat nog gelaai is moet ontlaai word voordat dit van die vuurlyn verwyder word (reël 2.5)
Geen geweer mag van die vuurlyn verwyder word gedurende of na 'n kompetisie voordat dit deur die baanoffisier veilig verklaar is nie. Die reël geld met die hervulling van silinder wat nie van geweer

verwyder kan word.

VEILIGHEIDSNOODGEVAL

Enige persoon wat ‘n onveilige situasie op die baan opmerk moet die baanoffisier onmiddellik daarvan in kennis stel.

As ‘n baanoffisier nie in ‘n veiligheids-noodgeval beskikbaar is nie mag enige persoon die bevel STOP gee.

2.7 PERSOONLIKE VEILIGHEID

2.7.1 Sintuiglike beskerming

Alle deelnemers, spanbeamptes en kompetisie beamptes word ernstig ***aanbeveel*** om die nodige voorsorg te tref deur oog en gehoorbeskerming op die baan te dra.
As dit tydens ‘n kompetisie ‘n vereiste is of as die baan se reëls dit vereis dat deelnemers en beamptes oog- en gehoorbeskerming moet dra, moet die kompetisieprogram dit so aandui.

2.7.2 Persoonlike Higiëne

Alle deelnemers wat koeëltjies hanteer wat van lood vervaardig is, word ernstig versoek om dadelik na die skietsessie hulle hande deeglik te was.

3 TOELATINGSVEREISTES VIR DEELNAME

3.1 INDIVIDUELE DEELNEMERS

3.1.1 Juniors(o/21)

Enige persoon mag aan die junior 3P-luggeweerkompetisies deelneem tot die 31 ste Desember van die jaar waarin hy/sy 20 word. Daar is nie ‘n minimum ouderdomsbeperking nie.

3.1.2 Spesiale ouderdomsgroepe

Junior deelnemers mag in die volgende ouderdomsgroepe verdeel word:

Onder 21 : Enige persoon wat in die betrokke kalenderjaar nog nie 21 jaar oud word nie. Hy/sy moet 'n ingeskrewe skolier wees.
’n o/14 en o/16 mag uit vrye keuse as ’n o/21 deelneem solank hy dit voor die kompetisie reeds so aandui. (So 'n skut mag dan nie weer in dieselfde kompetisie in sy eie ouderdomsgroep deelneem nie.)

Onder 16 : Enige persoon wat in die betrokke kalenderjaar nog nie 17 jaar oud is nie. Hy/sy moet 'n ingeskrewe skolier wees.
’n o/14 mag uit vrye keuse as ’n o/16 deelneem solank hy dit voor die kompetisie reeds so aandui. (So 'n skut mag dan nie weer in dieselfde kompetisie in sy eie ouderdomsgroep deelneem nie.)

Onder 14 : Deelnemers wat nog nie 15 jaar oud is in die kalenderjaar van die kompetisie nie. Hy/sy moet ‘n ingeskrewe skolier wees.

‘n Ingeskrewe skolier beteken ‘n persoon wat ‘n skool kurrikulum studie volg en nog nie ‘n matrieksertifikaat verwerf het nie en as skut geaffilieerd is by ‘n skool skietspan of skool skietklub.

Geen lid mag aan meer as een klas (veer, sporter en presisie) deelneem op nasionaal nie. Mag wel aan Target Sprint deelneem.

3.2 SPANNE

Alle spanne bestaan uit vier deelnemers.
Elke deelnemer moet voldoen aan die vereistes van die span wat hy verteenwoordig.
Behalwe vir Organisasie Spanne (sien reël 3.3.2 hieronder), moet die name van al vier spanlede bekend

gemaak word voordat die kompetisie begin. Alle spanlede moet in die geografiese omgewing van die stad of dorp waar die klub, span, skool of organisasie gesetel is woon en gereeld aan aktiwiteite daar deelneem.

Let wel: die doel van hierdie reël is om kompetisies tussen wettige klub- en skoolspanne te bevorder en om die inskrywing deur kampioenspanne waar die beste deelnemers uit verskillende klubs ingeskryf word te verhoed. In spanverband mag `n o/14 of o/16 skut in `n hoër ouderdomsgroep deelneem hoewel hy individueel in sy eie ouderdomsgroep deelneem.

3.2.1 Betrokkenes

Enige skool, klub, vereniging of instansie wat by SANSSU geaffilieer is, mag een of meer spanne vir ’n kompetisie inskryf. (Afhangend van die betrokke kompetisie samestelling deur die organiseerders van die kompetisie.)

3.2.2 Inskrywing

Enige span moet voor die aanvang van ’n kompetisie genomineer word. Geen lid van die span mag later vervang word nie. ’n Lid mag nie vir meer as een span tydens ’n kompetisie deelneem nie. Geen lid mag in meer as een klas (veer, sporter en presisie) deelneem op Nasionaal nie.

3.2.3 Tellings

’n Deelnemer se tellings kan terselfdertyd vir die individuele- en spankompetisies tel.

3.2.4 Klubs

Slegs lede wie se skole nie skietafrigting aanbied nie mag vir ’n klubspan of ander skoolspan deelneem. ‘n Skut kan egter individuele afrigting ontvang, maar mag nie vir die ander skool of klub skiet nie. So ‘n skut mag egter individueel inskryf by sy/haar provinsie. (Op SA's moet so 'n skut deur sy provinsie ingeskryf word.)

3.2.5 Lidmaatskap van meer as een klub

‘n Persoon mag aan twee of meer klubs, skole, en/of weermageenhede of soortgelyke organisasies behoort en mag as lid van verskillende spanne aan verskillende kompetisies deelneem.
‘n Persoon mag egter nie as lid van meer as een span aan dieselfde kompetisie deelneem nie (d.w.s. ‘n lid kan nie in dieselfde kompetisie deelneem as die lid van die skool Sporter- span en ‘n klub Presisiespan nie) Geen lid mag in meer as een klas deelneem op nasionaal nie.

3.3 SPESIALE KATEGORIEË EN KLASSIFIKASIES

Dit word nie van kompetisieborge verwag om spesiale kategorieë of klassifikasies in 3P-luggeweerkompetisies te gebruik nie.
Kategorieë wat gebruik kan word mag die volgende deelnemers insluit, maar is nie daartoe beperk nie:

3.3.1 Geslag

Deelnemers kan in mans en vroue kategorieë verdeel word.

3.3.2 Organisasies

Deelnemers kan in groepe wat verskillende organisasies, skole ens. verteenwoordig verdeel word.

3.3.3 Gelyke vaardigheidsvlakke

Deelnemers kan in groepe verdeel word gebaseer op die gemiddelde tellings van vorige kompetisies. Hierdie klasse kan ook op vaardigheidsvlakke gebaseer word deur na vorige prestasies van deelnemers te kyk.

3.3.4 Beginnerskuts

Deelnemers wat nog nie baie ervaring in georganiseerde teikenskiet het nie, mag as ‘Beginnerskuts” aangedui word en spesiale toekennings kan aan deelnemers in hierdie kategorie toegeken word.
“Beginnerskuts” moet in die kompetisieprogram aangedui word.
“Beginnerskuts” is gewoonlik deelnemers wat in die voorafgaande 6, 9 of 12 maande begin skiet het en

wat nog nie voorheen aan kompetisies deelgeneem het nie.
“Beginnerskuts“ kan moontlik/waarskynlik jonger as die vasgestelde maksimum ouderdom wees.

4 LUGGEWERE EN TOERUSTING

4.1 TOERUSTING KLASSE

Kompetisieborge mag kompetisie-items in enige van die volgende toerustingklasse aanbied.
Elke item is gebaseer op die soort of klas toerusting wat deelnemers toegelaat word om te gebruik.
Die kompetisieprogram moet inligting verskaf oor die tipe kompetisie wat aangebied word.
Indien Veerklas, Sporterklas en Presisieklas in dieselfde kompetisie aangebied word, mag dieselfde individuele deelnemers of spanne vir slegs een afdeling ingeskryf word. (reël 3.2.5)
Wanneer ‘n Veerklas, Sporterklas of Presisieklas aangebied word, moet alle toerusting voldoen aan die vereistes betreffende die reëls van die betrokke klas.

Nota: Dit is moontlik dat ‘n geweer wat in die Sporterklas kwalifiseer ook in die Presisieklas kan kwalifiseer.

4.2 OOPVISIER VEERKLAS

Skuts wat nog nie 14 jaar oud is in die kalenderjaar van die kompetisie nie, mag in hierdie klas deelneem. Hy/sy moet ‘n ingeskrewe skolier wees.

In ‘n Oopvisier Veerklas item, moet alle gewere en toerusting voldoen aan die vereistes van die Oopvisier Veer-luggeweertoerusting-reëls.(Reëls 4.2)

4.2.1 Algemeen

Die wapen mag nie ’n spesiaal “match” vervaardigde wapen wees nie. Die wapen mag nie terugslagloos of semi-terugslagloos (“recoilless of semi-recoilless”) wees nie. Enige veergeweer moet egter deur die Tegniese Beampte goedgekeur word.

4.2.2 Toegelate Wapens

Enige standaard veeraangedrewe .177” (4,5 mm) windbuks wat algemeen in die handel beskikbaar is, mag gebruik word. Geen veranderinge mag aan die wapen aangebring word nie, behalwe soos hieronder uiteengesit. Indien enige twyfel ontstaan moet die wapen verwys word na die wapenkeuringskomitee wat skriftelik uitsluitsel daaroor sal gee. Dié komitee se besluit sal finaal wees. Die wapen moet aan die ondergenoemde vereistes voldoen.

4.2.3 Kolf

Die kolf moet ’n standaard kolf wees soos deur die fabriek vervaardig. Die kolflengte mag nie verstelbaar wees nie. Die wapen mag nie ’n verstelbare wangstuk hê nie. Die kolf mag nie ‘n vertikale verstelbare skouerstuk hê nie.

4.2.4 Band en Handstop

’n Skietband word toegelaat in die lê- en knielhouding. Die maksimum wydte van die band mag nie 40mm oorskry nie. Die band kan van leer of sintetiese materiaal wees en mag gevorm wees. Die band mag van lengte verander word. Die band mag slegs aan die boarm aangebring word. Die band mag net aan een kant van die hand en gewrig raak. Die band mag aan geen deel van die geweer of snellerhand raak, behalwe waar dit voor aan die geweer vas is nie. Daar mag van ’n handstop gebruik gemaak word. Die maksimum diepte van die handstop, met bandknip plat gevou, mag nie 25 mm oorskry nie. Die handstop mag van posisie verander word tydens die lê- en knielposisies, maar moet van die geweer verwyder word by die staanposisie. Waar die handstop nie van posisie kan verander nie omdat dit permanent gemonteer is, mag dit in die staan-posisie aan die geweer gelaat word

4.2.5 Visiere

Slegs die standaard V-visiere soos deur die vervaardiger geïnstalleer is toelaatbaar.

4.2.6 Sneller

Die sneller van die geweer mag vervang of verander word, maar mag nie ligter as 500 gram wees nie. Die sneller word op dieselfde manier as die van die Sportergeweer gemeet as die nodige apparaat om dit veilig af te vuur beskikbaar is.

4.2.7 Gewig

Die totale gewig van die geweer met visiere mag nie 3,5kg oorskry nie. Geen interne of eksterne gewig mag op die wapen aangebring word nie.

4.2.8 Trompsnelheid

Die maksimum trompsnelheid van die wapen mag nie 800vt/sek (244m/sek) oorskry nie, gemeet met ’n .52 gram platpunt patroon.

4.2.9 Verhogingsblok

`n Verhogingsblok mag wel onder die kolf aangebring word mits die maksimum afstand vanaf die middel van die loop tot die onderkant van die verhogingsblok nie 90 mm (wydte 60mm) oorskry nie. Dit mag in al die posisies aan die wapen bly. Indien dit nie verwyderbaar is nie, moet dit lank genoeg wees om in die lê- en kniel posisie in die handpalm te lê.

4.2.10 Wapengoedkeuringskomitee

Soos aangewys deur die Raad. Hierdie komitee moet bestaan uit die President van SANSSU, die Tegniese Beampte en ‘n sub-komitee bestaande uit twee lede wat Veergeweer-ervaring het.

4.2.11 Oopvisier Veerklas nuwe toevoeging

Klas	Ouderdomsgroep	Skiet posisie	Pistool Teikens/Skiet kaarte
1	O/8 en O/9	2 x lê met ondersteuning	2 Tel kaarte, 1 proef 100 punte, 5 skote per kaart
2	O/10	2 x lê geen ondersteuning	2 Tel kaarte, 1 proef 100 punte, 5 skote per kaart
3	O/11 en O/12	2 x lê geen ondersteuning 2 x staan met ondersteuning 2 x kniel met ondersteuning	6 Tel kaarte en 3 proef kaarte 300 punte, 5 skote per kaart en proef met elke nuwe posisie
4	O/13	2 x lê geen ondersteuning 2 x staan geen ondersteuning 2 x kniel geen ondersteuning	6 Tel kaarte en 3 proef kaarte 300 punte, 5 skote per kaart en proef met elke nuwe posisie

Oop Visier Tydsbeperking		
Neem Posisie in		5 minute
Inskiet met afrigting	Lê posisie: Op proefkaart	7:30 (min/sec)
Tel skote	5 tel skote per kaart Twee kaarte	7:30 per kaart – Enkel diagram 15 minute vir twee kaarte
Oorskakeling		5 minute
Inskiet	Staan posisie: Op proefkaart	7:30
Tel skote	5 tel skote per kaart Twee kaarte	7:30 per kaart – Enkel diagram 15 minute vir twee kaarte
Oorskakeling		5 minute
Inskiet	Kniel Posisie	7:30
Tel Skote	5 tel skote per kaart Twee kaarte	7:30 per kaart – Enkel diagram 15 minute vir twee kaarte

4.2.12 Veiligheid

Indien ‘n skut nie die wapen met veiligheid in ‘n posisie kan gebruik nie, (Soos wanneer die kas mis geskiet word) moet die baanoffisiere die skut aan die posisie onttrek. Die skut mag wel voort skiet in die posisies waar dit met veiligheid gedoen kan word.
Die veiligheidskoord moet ten alle tye in die loop van die wapen wees as die wapen nie hanteer word op die skietpunt nie.

4.2.13 **Bevele**:

GAAN VORENTOE EN SIT TEIKENS OP
BAAN IS GESLUIT, NEEM JULLE POSISIES IN (Lê, staan, kniel)
JOU SEWE EN ‘n HALWE MINUTE INSKIET TYD MET AFRIGTING IN DIE {POSISIE – Lê, staan, kniel} BEGIN NOU

- Gee twee minute waarskuwing

STOP

- Maak seker veiligheidskoorde is in die wapens
- Baanoffisiere gaan haal die teikens af

BAAN IS OOP, GAAN VORENTOE EN SIT TEIKENS OP
BAAN IS GESLUIT, JOU 5 MINUTE OORSKAKELINGSTYD BEGIN NOU

4.2.14 **Ondersteuning**:

In die lê posisie mag die skut ‘n SANSSU knielrol gebruik vir ondersteuning indien toelaatbaar.
In die staan en kniel posisie mag die skut skiet stokke gebruik indien toelaatbaar, soos bv.

4.1.1 Teiken

Die teiken sal die standaard 10m ISSF pistool-teiken wees. Die skut sal van een inskiet-teiken per posisie voorsien word. Op die kompetisie-teikens word 5 (vyf) skote per teiken geskiet.

4.1.2 Eksterne hulp

Waar die skut nie self die wapen met veiligheid kan laai nie, mag hy/sy gehelp word.

4.3 VEERKLAS

In ‘n Veerklas item, moet alle gewere en toerusting voldoen aan die vereistes van die Veer-luggeweertoerusting-reëls. (Reëls 4.3)

4.3.1 Algemeen

Die wapen mag nie ’n spesiaal “match” vervaardigde wapen wees nie.
Die wapen mag nie terugslagloos of semi-terugslagloos (“recoilless of semi-recoilless”) wees nie. Enige veergeweer moet egter eers deur die Tegniese Beampte goedgekeur word.

4.3.2 Toelaatbare wapens

Enige standaard staalveeraangedrewe .177” (4.5 mm) windbuks wat algemeen in die handel beskikbaar is, mag gebruik word. Luggewere wat goedgekeur is vir die Veerklas is Weihrauch HW30S (675vt/sek of 206 m/sek), CZ Slavia 630 (558vt/sek of 170m/sek), CZ Slavia 631 (558vt/sek of 170m/sek), Gamo Black Shadow (640vt/sek of 195m/sek), BSA Comet Evo Standard (13.5 Joule : 725vt/sek of 221m/sek) en BSA Meteor Evo Standard (13.5 Joule : 725vt/sek of 221m/sek). Geen veranderinge mag aan die wapen gedoen word nie, behalwe soos hieronder uiteengesit. Indien enige twyfel ontstaan moet die wapen verwys word na die wapenkeuringskomitee wat skriftelik uitsluitsel daaroor sal gee.
Die komitee se besluit sal finaal wees. Die wapen moet aan die volgende vereistes voldoen:

4.3.3 Kolf

Die kolf moet ’n standaard kolf wees soos deur die fabriek vervaardig. Die kolflengte mag verstel word. Die wapen mag nie ’n verstelbare wangstuk hê nie. Die kolf mag ‘n vertikale verstelbare skouerstuk hê.

4.3.4 Band en handstop

’n Skietband word toegelaat in die lê- en knielhouding. Die maksimum wydte van die band mag nie 40mm oorskry nie. Die band kan van leer of sintetiese materiaal wees en mag gevorm wees. Die band mag van lengte verander word. Die band mag slegs aan die boarm aangebring word. Die band mag net aan een kant van die hand en gewrig raak. Die band mag aan geen deel van die geweer of snellerhand raak, behalwe waar dit voor aan die geweer vas is nie. Daar mag van ’n handstop gebruik gemaak word. Die maksimum diepte van die handstop, met bandknip plat gevou, mag nie 25 mm oorskry nie. Die handstop mag van posisie verander word tydens die lê- en knielposisies, maar moet van die geweer verwyder word by die staanposisie. Waar die handstop nie van posisie kan verander nie omdat dit permanent gemonteer is, mag dit in die staan-posisie aan die geweer gelaat word.

4.3.5 Visiere

Enige tipe visier mag gebruik word. Gaatjie asook V-visiere is toelaatbaar. Gaatjiegrootte op die agtervisier mag nie verstelbaar wees nie en ook geen filters mag op die agterste visier gebruik word nie. Die korrel se gaatjiegrootte mag verander word, maar mag nie ‘n verstelbare korrel gebruik nie. Dit mag wel verander word en van ’n gekleurde element voorsien word. Geen werwelkorrel, rotasiekorrel of korrels toegerus met ’n waterpas mag gebruik word nie. ’n Blinder mag op die agtervisier aangebring word.

Korrektiewe lense mag deur die deelnemer gedra word, maar dit mag nie op die visiere aangebring word nie. Teleskopiese visiere en/of visiere met korrektiewe lense mag nie gebruik word nie. Die korrel mag nie voor by die geweerloop verby steek nie. Sien ook tabel 4.1 van reël 4.3.10 vir beperking op afstand tussen visiere (O2).

4.3.6 Snellerdruk

Die minimum snellerdruk mag nie laer as 500g wees nie. Die gespande sneller moet in staat wees om ’n gewig van 500g te kan optel. Die snellerdruk word gemeet met ’n soliede hanggewig. Indien die sneller nie die gewig met die eerste probeerslag optel nie, mag ’n maksimum van drie pogings aangewend word. Die gewig moet met een van die pogings opgetel word. Die deelnemer mag een van die pogings probeer.

4.3.7 Gewig

Die totale gewig van die geweer met visiere en ekstras (band uitgesluit) mag nie 4kg oorskry nie. Slegs loopgewigte met ‘n maksimum radius van 30mm vanaf die middel van die loop, mag aangebring word, solank dit nie die maksimum gewig van 4kg oorskry nie.

4.3.8 Trompsnelheid

Die maksimum trompsnelheid van die wapen mag nie 800vt/sek (244m/sek) oorskry nie, gemeet met ’n .52 gram platpunt patroon.

4.3.9 Verhogingsblok

`n Verhogingsblok mag wel onder die kolf aangebring word mits die maksimum afstand vanaf die middel van die loop tot die onderkant van die verhogingsblok nie 90 mm (wydte 60mm) oorskry nie. Dit mag in al die posisies aan die wapen bly. Indien dit nie verwyderbaar is nie moet dit lank genoeg wees om in die lê- en kniel posisie in die hand palm te lê (die geweer mag nie aan die verhogingsblok met die hand getrek word om die geweer styf in die skouer te hou nie).

4.3.10 Veergeweer Afmetingstabel en diagram



Tabel 4.1

Item	Beskrywing	Dimensie
A	Lengte van korreltonnel	50mm
B	Deursnee van korreltonnel	25mm
C	Vertikale hoogte van middel van korrel tot middel van loop	60mm
O1	Totale lengte vanaf die voorpunt van die loop tot die einde van die systeem +	850mm
O2	Totale lengte vanaf agterkant van agterste visier (sluit oogstuk uit) tot voorpunt van korrel	900mm
F	Laagste punt van kolf of toon van skouerstuk met die skouerstuk in laagste posisie	200mm

4.3.11 Wapengoedkeuringskomitee:

Soos aangewys deur die Raad.
Hierdie komitee moet bestaan uit die President van SANSSU, die Tegniese Beampte en ‘n sub-komitee bestaande uit drie lede wat Veergeweer-ervaring het.

4.4 SPORTERKLAS

In die Sporterklas word van goedgekeurde lugdruk-luggewere gebruik gemaak.

4.4.1 Algemeen

Die doel van ‘n Sporter-luggeweer is dat dit ‘n lae koste, intreevlak geweer sonder gespesialiseerde modifikasies sal wees. Die wapen mag nie ’n spesiaal “match” vervaardigde wapen wees nie. Sporter-luggewere is .177 (4.5 mm) saamgeperstelug-gewere of CO^2-gewere met ‘n konvensionele voorkoms wat aan die volgende vereistes voldoen:

4.4.2 Goedgekeurde Sporter Gewere

Luggewere wat goedgekeur is vir die Sporterklas is Daisy ***M599***/M853/953/753, Daisy 888, CZ T200, CZ S200, Air Arms T200, AirArms S200, Air Arms MPR, Custom Target Rifle, Airforce Air Guns Edge & BSA Scorpion 1200 Cadet. Die volgende aanpassings word toegelaat volgens die rëels: Enige luggewere wat nie op die lys voorkom nie, maar wel aan die reëls voldoen vir ’n Sporter geweer mag aan die Wapengoedkeuringskomitee (Reëls 4.4.15) voorgelê word vir goedkeuring.

Geen veranderinge mag aan die wapen gedoen word nie, behalwe soos hieronder uiteengesit. Indien enige twyfel ontstaan moet die wapen verwys word na die wapenkeuringskomitee wat skriftelik uitsluitsel daaroor sal gee. Die komitee se besluit sal finaal wees. Die wapen moet aan die volgende vereistes voldoen:

4.4.3 Kolf.

Die kolf moet fabrieksvervaardig wees.Die kolf mag linkshandig of regshandig wees as dit so deur die fabriek vervaardig is. Geen spesiaal vervaardigde kolwe word toegelaat nie. [Let wel in die ***VSA*** moet die kolf simmetries wees.] Die kolf mag verstelbaar wees in lengte en die wangstuk in hoogte. Die kolf mag ’n vertikale verstelbare skouerstuk hê. Die verstellings mag gedurende die drie posisies verander word. Die skouerstuk moet vertikaal bly en mag nie gedraai word op sy horisontale as nie, soos van toepassing op die AFAG Edge. Die wangstuk mag nie gerond of anatomies gevorm wees nie. Die skouerstuk mag grof wees om te verhoed dat dit gly, maar mag nie ‘n presisie skouerstuk hê nie. Die kolf mag oorgedoen of geverf word, maar geen ander modifikasies mag aangebring word wat nie deur die reëls gedek en toegelaat word nie.

4.4.4 Geweerband

’n Skietband word toegelaat in die lê- en knielhouding. Die maksimum wydte van die band mag nie 40mm oorskry nie. *[**VSA** 32 mm en dit mag nie gevorm wees nie.]* Die band kan van leer of sintetiese materiaal wees en mag gevorm wees. Die band mag van lengte verander word. Die band mag slegs aan die boarm aangebring word. Die band mag net aan een kant van die hand en gewrig raak. Die band mag aan geen deel van die geweer of snellerhand raak, behalwe waar dit voor aan die geweer vas is nie.

4.4.5 Handstop/Bandknip

Daar mag van ’n handstop gebruik gemaak word. Die maksimum diepte van die handstop, met bandknip plat gevou, mag nie 25 mm oorskry nie. Die handstop mag van posisie verander word tydens die lê- en knielposisies. In die staanposisie moet die handstop verwyder word.

4.4.6 Visiere

Enige gaatjievisiere is toelaatbaar. Gaatjiegrootte op die agtervisier mag nie verstelbaar wees nie. Geen filters mag op die agterste visier gebruik word nie. Die korrel se gaatjiegrootte mag verander word, maar 'n verstelbare korrel mag nie gebruik word nie. Dit mag wel verander word en van ’n gekleurde element voorsien word. Geen werwelkorrel, rotasievisiere of korrels toegerus met ’n waterpas mag gebruik word nie. ’n Blinder mag op die agtervisier aangebring word. Korrektiewe lense mag deur die deelnemer gedra word, maar nie op die visiere aangebring word nie. Teleskopiese visiere en/of visiere met korrektiewe lense mag nie gebruik word nie. Verhogingsblokkies mag onder die visier en korrel aangebring word. ***[VSA** word dit nie toegelaat nie. Die visier wat saam met die geweer gekoop is moet ook gebruik word bv sal met die 200T en MPR `n Gamo visier gebruik moet word.]* Die afstand van die middel van die loop tot die middel van die gaatjie mag nie 60 mm oorskry nie. Dit mag nie gebruik word om die afstand tussen

die visier en die korrel soos dit deur die fabriek vervaardig is te verleng nie. Die korrel mag nie voor by die geweerloop verby steek nie. Sien ook tabel 4.2 van reël 4.4.11 vir beperking op afstand tussen visiere (O2).

4.4.7 Snellerdruk

Die minimum snellerdruk mag nie laer as 500g wees nie. Die gespande sneller moet in staat wees om ’n gewig van 500g te kan optel. ***[VSA*** *680.4 gram.]* Die snellerdruk word gemeet met ’n soliede hanggewig. Indien die sneller nie die gewig met die eerste probeerslag optel nie, mag ’n maksimum van drie pogings aangewend word. Die gewig moet met een van die pogings opgetel word. Die deelnemer mag een van die pogings probeer.

4.4.8 Gewig van die geweer

Die totale gewig van die geweer met visiere en ekstras (band uitgesluit) mag nie 3,5 kg oorskry nie. Gewig mag by die geweer gevoeg word, solank die geweer se totale gewig nie 3,5kg oorskry nie. Gewig mag op enige interne plek bygevoeg word.
Eksterne gewigte (sigbaar aan die buitekant van die geweer) moet op die loop of aan die voor- ent geplaas word.

Loopgewigte mag nie ‘n maksimum radius van ***40***mm vanaf die middel van die loop in enige rigting oorskry nie.
Gewigte aan die voor- ent mag nie verder as 50mm vanaf die voor-ent uitsteek nie. Wanneer die geweerkolf in lengte gestel word, sal die materiaal gebruik as verlenging as toelaatbare gewigte gesien word, solank die geweer se totale gewig nie 3,5kg oorskry nie.

4.4.9 Trompsnelheid

Die maksimum trompsnelheid van die wapen mag nie 800vt/sek (240m/sek) oorskry nie, gemeet met ’n .52 gram platpunt patroon. ***[VSA*** *600 vt/sekonde.]*

4.4.10 Verhogingsblok

’n Verhogingsblok mag slegs in die staan posisie onder die kolf aangebring word, mits die maksimum afstand vanaf die middel van die loop tot die onderkant van die verhogingsblok nie 90 mm oorskry nie (wydte 60mm) en moet vir die lê en kniel posisie van die geweer verwyder word. Hierdie vergunning vir die gebruik van ‘n verhogingsblok is slegs van toepassing op die Air Arms/CZ 200T gewere. Die geweer mag nie aan die verhogingsblok met die hand getrek word om die geweer styf in die skouer te hou nie.
[VSA *moet die geweer gebruik word soos dit gekoop is en mag daar nie `n verhogingsblokkie aangebring word nie.]*
By die AFAG Egde mag die verskuifbare verhogingsblok (voorarm toebehore spoor) geskuif word tussen die drie posisies weens sy kort lengte.



Tabel 4.2

Item	Beskrywing	Dimensie
A	Vertikale hoogte van middel van korrel tot middel van loop	60mm
B	Deursnee van korreltonnel	25mm
C	Lengte van korreltonnel	50mm
D	Diepte van voor-ent	90mm
E	Laagste punt van pistoolgreep	160mm
F	Laagste punt van kolf of toon van skouerstuk met die skouerstuk in laagste posisie	200mm
G	Diepte van kurwe van skouerstuk (Geen haak toegelaat nie)	20mm
H	Hak tot toon van skouerstuk	Standaard
I	Maksimum dikte van voor-ent	60mm
J	Maksimum afstand van wangstuk vanaf middel van loop	40mm
K	Verplasing van skouerstuk vanaf middel van normale posisie	Standaard
O1	Totale lengte vanaf agtersluitstuk tot voorpunt van loop	700mm
O2	Totale lengte vanaf agterkant van agterste visier (sluit oogstuk uit) tot voorpunt van korrel	750mm

4.4.12 Interne modifikasies.

Die werking van interne komponente mag glad gemaak of verbeter word, maar slegs parte vervaardig deur die vervaardiger van die geweer mag gebruik word.

4.4.13 Ander verbode modifikasies

Enige veranderinge of modifikasies van die interne of eksterne dimensies van die geweer wat nie deur die reëls goedgekeur is nie, is verbode. Behalwe vir die skouerstuk van die geweer mag geen kleef- of teengly middels aan die geweer of skut se klerasie aangebring word nie.

4.4.14 Loopverlengstuk

Waar loopverlengstukke vervang word, mag dit nie gebruik word om die visierradius te verleng sodat dit langer sal wees as die fabriekvervaardigde produk nie, daar mag ook nie ‘n loopgewig voor die korrel aangebring word nie. Geen perforasie op enige manier is toelaatbaar op die verlengstuk nie. Geen kompenseerder of knaldempers mag aangebring word nie.

4.4.15 Wapengoedkeuringskomitee:

Soos aangewys deur die Raad. Hierdie komitee moet bestaan uit die President van SANSSU, die Tegniese Beampte en ‘n sub-komitee bestaande uit drie lede wat Sporter-geweer ervaring het.

4.5 KLERASIE VIR VEER- EN SPORTERKLAS

4.5.1 Klere

Skietbaadjies en spesiale skietbroeke word nie toegelaat nie.
‘n Maksimum van twee lospassende kledingstukke (hemde) mag gedra word.
Slegs een van die kledingstukke mag ‘n kraag hê.
‘n T-hemp of frokkie (kort of langmou), mits dit nie styf sit nie, mag onder die boonste hemp gedra word.
Geen styf passende onderhemp soos Under Armour ™ of “second skin” mag gedra word nie.
Die boonste hemp kan ‘n golfhemp, skiethemp, outback (kort of langmoue) wees.
Addisionele of spesiale kussinkies word nie toegelaat nie.

Hemp mag nie gedraai of gerol of op enige manier gevorm word ten einde ekstra dikte of addisionele ondersteuning te verskaf nie.
Hemp of bostukke mag nie in die broek ingesteek word nie (nie van toepassing op die T-hemp of onderhemp nie).
‘n Knipspeld of knoop geheg aan die skietbandarm of skouer om te verhoed dat die skietband teen die arm afgly, word toegelaat.
Een gewone sport- of gemaklike broek of denim word toegelaat. Geen geskeurde broeke word toegelaat nie, maar “stretch” denim sal wel toegelaat word en moet netjies wees.
Broeke mag nie so styf pas dat dit addsionele steun verskaf nie. Broekspyp moet by die hoogte van die bo-been en kuit gemaklik met die wysvinger en duim geknyp kan word om ongeveer 2cm tussen die vingers te hê (4cm materiaal), sonder om die materiaal te rek.
Kortbroek is toelaatbaar, maar die onderkant van die broekspyp mag nie hoër wees as 14cm bo die middel van die knieskyf nie.
Indien ‘n romp gedra word, moet dit lospassend wees oor die bene en nie steun bied aan die bene of die beweging beperk in die staan- of knielposisies nie. Die onderkant van die romp mag nie hoër wees as 15cm bo die middel van die knieskyf nie.
Wanneer toestande dit vereis mag die baanoffisier in samewerking met die jurie besluit om die deelnemers toe te laat om sweetpakbaadjies/trui te dra.
Uit/aantrek van klere op die baan op so `n wyse dat onderklere sigbaar is, is verbode.

Let wel dat camos nie by oorsese byeenkomste (BJI) toegelaat word nie. Amptelike SA Weermag of SA Polisie camos mag nie gedra word nie. Dit is teen die wet.

4.5.2 Skoene

Slegs gewone lae-snit-ligte-atletiekskoene (tekkies) of straatskoene (skool) mag gebruik word.
Skoene mag nie bo die enkel strek nie en moet ’n buigbare sool hê.
Alle tipes stewels (“boots”) is ontoelaatbaar.
Geen onpaar skoene word toegelaat nie.
Dieselfde paar skoene moet in al die posisies gedra word.
Skuts moet hul skietskoene vir die duur van die kompetisie aanhou tot hul die baan verlaat, skoene mag eers buite die skietlokaal uitgetrek word.
Skuts mag nie kaalvoet of net met kouse aan skiet nie.

4.5.3 Handskoene

’n Gewone handskoen of skiethandskoen is wel toelaatbaar.
Daar is geen dikte beperking op die handskoen nie.
Geen handskoen wat so styf of onbuigbaar is dat dit die gewrig verhoed om te buig, mag gebruik word nie.

4.5.4 Spesiale Toerusting

Geen kussings of verbande word toegelaat nie. Jurie moet besluit voordat skiet in aanvang neem.

4.6 PRESISIEKLAS (Gebruik as riglyn) ISSF reëls word toegepas.

In ‘n Presisieklas-item moet al die gewere en toerusting voldoen aan die Presisie-Luggeweer toerustingreëls (reëls 4.6, 4.7 en 4.8)

4.6.1 Algemeen

Enige 4.5 mm (177 kaliber) pneumatiese, veergeweer, saamgeperstelug- of CO^2-geweer wat ooreenstem met die ISSF spesifikasies, mag gebruik word.

4.6.2 Presisiegeweer Afmetingstabel en diagram



Tabel 4.3

Item	Beskrywing	Dimensie
A	Lengte van korreltonnel	50 mm
B	Deursnee van die korreltonnel	25 mm
C	Afstand vanaf die middel van die korrel tot die middel van die geweerloop (reg bokant die bek van die geweer)	60 mm
D	Diepte van voor-ent	120 mm
E	Laagste punt van die pistoolgreep	160 mm
F	Laagste punt van die kolf of toon van skouerstuk met die skouerstuk in die laagste posisie.	140mm
G	Diepte van die kurwe van die skouerstuk (geen haak toegelaat)	20 mm
H	Haak tot toon van skouerstuk	153 mm
I	Maksimum dikte (breedte) van die voor-ent	60 mm
J	Maksimum afstand (horisontaal) van wangstuk vanaf die middel van die loop.	40 mm
J2	Maksimum afstand van die pistoolgreep van ‘n vertikale lyn reghoekig tot die middel van die loop	60mm
K	Verplasing van skouerstuk vanaf die middel van die normale posisie – links of regs.	30 mm
L	Snellergewig (Geen “set” sneller) toegelaat nie.	Vry
M	Gewig met visiere en handstop	5,5 kg
N	Die korrel mag nie by die geweerloop of enige verlengstuk of loopgewig verby steek nie	Mag nie oorskry nie
O1	Totale lengte van die luggeweer-sisteem (vanaf die agterste punt van die loop of verlengstuk tot die einde van die aksie of sisteem)	850 mm

4.6.3 Skouerstuk

Die skouerstuk mag op of af verstel word. Die laagste punt van die kolf of toon van die skouerstuk, met die skouerstuk op die maksimum laagste posisie, mag nie verder as 220mm van die middellyn van die loop wees nie. Die verplasing mag ***30***mm parallel met die middellyn van die normale posisie van die skouerstuk wees (links of regs) of die volledige skouerstuk mag op die vertikale as gedraai word ***(sien skets).***
Die skouerstuk mag nie horisontaal op die as gedraai word nie.



4.6.4 Buite Gewigte / Gewigte aan die Buitekant

Gewigte kan aan die geweer aangebring word, solank die totale gewig van die geweer, visiere, ander bybehore, bandknip of handstop, nie 5.5.kg (12.2lb) oorskry nie.
Slegs loopgewigte wat in ‘n radius van 30 mm (1.2dm) vanaf die middel van die loop is, word toegelaat.
Die gewigte mag op enige plek aan die geweerloop aangebring word.
Die gewigte aan die skouerstuk mag nie verder as 40mm uitsteek vanaf die middellyn van die loop nie en mag nie verder terug gaan as die vertikale vlak, loodreg met die diepste deel van die skouerstuk nie.
Enige apparaat of gewig wat vorentoe of kant toe wys vanaf die laagste deel van die skouerstuk, is ontoelaatbaar.

4.6.5 Bandknip of Handstop

‘n Handstop of bandknip mag nie in die staanposisie gebruik word nie.

4.6.6 Greep Materiaal / Klou Materiaal

Geen materiaal wat die greep verstewig, mag aan die voorent, pistoolgreep, skouerstuk of die laer deel van die kolf gebruik word nie. Geen kleef spuitstof mag op die geweer of deelnemers se klere gebruik word nie.

4.6.7 Geweerloop verlengstukke

Die totale lengte van die luggeweer-stelsel, gemeet vanaf die agterkant tot aan die einde van die loop, insluitend enige verlengstuk aan die loop, mag nie 850 mm (34 dm) oorskry nie. Geweerlope en verlengstukke mag nie geperforeer word nie.
Enige konstruksies of toestelle aan die binnekant van die loop, is verbode.
Die gebruik van `n kompenseerder of knaldemper is verbode.

4.6.8 Pistoolgreep en Kolf-voorkant

Die pistoolgreep mag nie anatomies gevorm wees nie.
Enige toevoegsels aan die pistoolgreep of kolf-voorkant, moet aan die nodige vereistes voldoen en mag nie anatomies gevorm wees nie.
Geen uitsteeksel, verlenging of verlaging aan die voorkant of sykant van die pistoolgreep, wat ontwerp is om te verhoed dat die hand gly (soos ‘n handrus) word toegelaat nie.
‘n Voorkant verhogingsblok wat nie afmeting D (reël 4.6.2) oorskry nie, wanneer dit aan die voorkant geheg is, mag in een of meer van die posisies gebruik word of verwyder word.

4.6.9 Verstellings aan die Geweer

Die skouerstuk en wangstuk kan tussen posisies verstel word, solank die geweer nog voldoen aan die vereistes van die luggeweer afmetingstabel en diagram.

4.6.10 Spesiale Eienskappe

‘n Duimgaatjie, duimrus, handpalmrus, hakrus en waterpas is verbode. Daar mag materiaal aan die kolf geheg word, solank dit nie die maksimum afmetings oorskry nie. Enige toevoegsels moet aanpas by die bestaande vorm van die geweer en mag nie anatomies gevorm wees nie. Enige meganisme of stelsel wat kunsmatig die beweging of ossillasie van die geweer demp of verminder, voordat die skoot gevuur word, is verbode.

4.7 PRESISIEGEWEER VISIERE

4.7.1 Algemeen

Enige visier, wat nie lense bevat nie en wat voldoen aan die volgende vereistes/ beperkings mag gebruik word.

4.7.2 Korrektiewe lense en Teleskopiese Visiere

Teleskopiese visiere mag nie aan die geweer geheg word nie.

Korrektiewe lense kan deur die deelnemer self gedra word of ‘n enkel korrektiewe lens mag slegs op die agterste visier geheg word (m.a.w. getoetste of voorskrif bril lense).

4.7.3 Ligfiltreerders / Filters

Ligfiltreerdes mag op die korrel en agterste visiere monteer word.

4.7.4 Helling Aanwysers (“Cant Indicators”)

Helling aanwysertoestelle mag binne die korrel aangebring word. Waterpasse (“bubbles) word nie toegelaat nie.

4.8 PRESISIE KLERASIE EN TOERUSTING

4.8.1 Algemeen

Slegs een (1) skietbaadjie, een (1) skietbroek en een (1) paar skoene mag in enige kompetisie gedra word. Die baadjie moet in al drie posisies (lê, staan en kniel) gebruik kan word en moet aan al die ander vereistes vir die kompetisie voldoen. Alle skietbaadjies, skietbroeke en skiethandskoene moet van buigsame materiaal gemaak wees en mag nie tydens normale skiettoestande verander word om stywer, dikker of harder te word nie. Alle voering, opstopping (“padding”) of versterkings moet aan bogenoemde (dieselfde) vereistes voldoen. Alle voering, opstopping (“padding”) of versterkings aangebring, mag nie deurgestik, kruissteek gewerk, gegom of op ‘n ander manier aan die buitekant van die kledingstuk geheg word nie, behalwe op die normale manier wat vir kleremaak gebruik word.
Alle voerings en opstoppings (“paddings”) moet as deel van die klerasie gemeet word.
Uit/aantrek van klere op die baan op so `n wyse dat onderklere sigbaar is, is verbode.

4.8.2 Skietbaadjie

'n Skietbaadjie moet aan die standaarde van reël 4.8 voldoen en die volgende vereistes en beperkings moet in aanmerking geneem word as toelaatbaar:



4.8.2.1 Dikte

Die lyf en moue van die baadjie (insluitend die voering) mag nie, op enige plek waar plat oppervlakte gemeet kan word, 2.5mm (0.1dm) in enkeldikte en 5 mm (0.2dm) in dubbeldikte oorskry nie.

4.8.2.2 Lengte van baadjie

Die baadjie mag nie langer wees as die onderkant van die deelnemer se gebalde vuis nie.
In lê- en knielposisies, mag die mou van die skietbaadjie nie langer wees as die gewrig van die arm waaraan die geweerband vas is nie.
Die mou mag nie tussen die hand of handskoen en die voorpunt van die kolf wees as die deelnemer in 'n skietposisie is nie.

4.8.2.3 Toemaak van die baadjie

Die baadjie mag slegs op 'n nie verstelbare manier toegemaak word (bv knope of ritssluiter)
Wanneer die baadjie toegemaak is, mag die pante nie meer as 100 mm (4dm) oor mekaar vou nie.
Die baadjie moet lospassend wees. Om dit vas te stel moet die baadjie ten minste 70 mm (2.8 dm) meer kan oorvleuel – gemeet van die middel van die knoop tot aan die buitekant van die knoopsgat – as by normale toemaak.

4.8.2.4 Bande, veters, omboorsels, some, stikwerk en ander ondersteuningsmetodes.

Alle bande, veters, omboorsels, some, stikwerk en ander ondersteuningsmetodes kan as kunsmatige ondersteuning beskou word en is dus verbode.
Een ritssluiter en nie meer as twee bande nie word egter toegelaat om materiaal by die skouerkussing vas te bind.
Geen ander ritssluiter of ander toemaak- of saamtrekmetode, wat in die reëls en diagramme uiteengesit is, word toegelaat nie.

4.8.2.5 Agterste Paneel

Die konstruksie van die agterste paneel mag uit meer as een stuk material bestaan, insluitend 'n band of strook, maar hierdie konstruksie mag nie die baadjie verstewig of die buigsaamheid van die baadjie

verminder nie.
Alle dele van die agterste paneel moet aan die beperkings betreffende dikte en styfheid voldoen.

4.8.2.6 Sakke

Slegs een sak aan die buitekant van die regter voorkant van die baadjie word toegelaat.
Alle sakke aan die binnekant van die baadjie is verbode.

4.8.2.7 Opstopping ("Padding")

Versterking of opstopping mag op albei moue, op een helfte van die omtrek van die mou en aan die skouer waar die skouerstuk rus, aangebring word.
Die kussing mag op die bandarm reik vanaf die bo-arm tot 100 mm (4 dm) van die einde van die mou.
Die ander kussings mag 'n maksimum lengte van 300 mm (12 dm) hê.
Die maksimum dikte van enige versterkte of opgestopte area, insluitend die materiaal en voering van die baadjie, is 10 mm (0.4 dm) enkel dikte of 20 mm (0.8 dm) dubbel dikte.

4.8.2.7 Geweerband hegstuk

Slegs een hakie, lussie, knoop of soortgelyke toestel mag aan die buitekant van die mou of skouersoom aangebring word om te verhoed dat die band gly.

4.8.2.8 Velcro en Klewerige stowwe

Geen Velcro, klewerige stowwe, vloeibare kleefmiddel of spuitstof mag aan die binne of buitekant van die baadjie, kussinkies of toerusting gebruik word nie.
Die materiaal van die baadjie mag grof gemaak word.

4.8.2.9 Moue

Die deelnemer moet in staat wees om beide arms volledig reguit te maak (reguit moue) terwyl 'n toegeknoopte baadjie gedra word.

4.8.3 Skietbroeke

Skietbroeke moet voldoen aan reël 4.8 en die volgende spesifikasies word toegelaat:



4.8.3.1 Dikte

Die skietbroek (insluitend die voering) mag nie, by enige plek waar die plat oppervlakte gemeet kan word, 2.5 mm (0.1 dm) in enkel dikte of 5 mm (0.2 dm) in dubbel dikte oorskry nie.
Die maksimum dikte of enige versterkte area, insluitend die broek se materiaal en alle voering is 10 mm (0.4 dm) in enkel dikte en 20 mm (0.8 dm) in dubbel dikte.

4.8.3.2 Snit en Passing

Die skietbroek mag nie hoër as 50 mm (2 dm) bokant die ronding van die heupbeen gedra word nie.
Die broekspype moet lospassend wees.
Alle trektoutjies, ritssluiters of vasmaakmiddele wat ontwerp is om die skietbroek styf teen die bene of die heupe vas te trek, is verbode.
Die deelnemer moet in staat wees om gemaklik met die skietbroek in ‘n stoel te kan sit met alle ritssluiters of vasbinders gemaklik toegemaak.

4.8.3.3 Die lyfband

Die lyfband mag nie meer as 70 mm (2.8 dm) breed wees nie. Die lyfband kan met een hakie en nie meer as 5 ogies nie, 5 verstelbare drukknope of Velcro toegemaak word. Daar mag ‘n maksimum van 7 gordel lussies wees. Daar mag slegs van een toemaakmetode gebruik gemaak word.
(‘n Velcro toemaakmetode mag nie saam met ‘n ander toemaakmetode gebruik word nie)

4.8.3.4 Gordel

Slegs een gewone gordel, nie meer as 40 mm (1.6 dm) breed en 3 mm (0.12 dm) dik nie, of ‘n rekbare gordel mag gebruik word om die skietbroek te ondersteun.
Die gespe mag nie gebruik word om die linkerarm of elmboog in die staanposisie te ondersteun nie.

4.8.3.5 Ander vasmaakmiddels en toemaakmetodes

Ritssluiters, knope, Velcro en ander nie-verstelbare vasmaakmiddels of toemaakmetodes mag net op die volgende plekke in skietbroeke gebruik word. Net een vasmaakmiddel mag voor gebruik word om die gulp toe te maak. Die gulp mag nie laer as die hoogte van die kruis wees nie.
Slegs een vasmaakmiddel word op elke broekspyp toegelaat.
Die vasmaakmiddel van die broekspype mag nie nader as 70 mm (2.8 dm) van die boonste punt van die broek wees nie, maar mag tot onder aan die kant van die broekspyp reik.

Een vasmaakmiddel word of op die voorkant of op die agterkant van die broekspyp toegelaat, maar nie op beide plekke op dieselfde been nie.

4.8.3.6 Opstopping (“padding”)

Versterking of opstopping mag aan albei knieë van die skietbroek aangebring word. Die kniekussings mag nie breër wees as die helfte van die omtrek van die been nie en mag ‘n maksimum lengte van 300 mm hê. Sitvlakopstopping is nie toelaatbaar op die skietbroek nie.

4.8.4 Onderklere en Oefenklere

Klere wat onder die skietbaadjie en skietbroek gedra word, mag nie dikker as 2.5 mm (0.1 dm) enkel dikte, maar nie dikker as 5 mm (0.2duim) dubbel dikte nie. Slegs normale persoonlike onderklere en/of oefenklere, wat nie die deelnemer stabiliseer nie, mag onder die skietbaadjie en skietbroek gedra word. Gewone broeke mag nie onder die skietbroeke gedra word nie. As skietbroeke nie gedra word nie, mag gewone gemaklike broeke gedra word, mits hulle geen kunsmatige ondersteuning aan enige liggaamsdeel bied nie. Kinesio, mediese of enige rekverbande of rekpleister word nie toegelaat nie.

4.8.5 Skoene

Spesiale skietskoene, gewone straat- (dra-) **of** atletiekskoene **moet** in enige van die posisies gebruik word.
Skuts mag nie kaalvoet of net met kouse aan skiet nie.
Skoene moet pasmaats wees.
Skoene moet buigbaar wees by die voetkussings.
Ortopediese sole word toegelaat.
Skuts moet skietskoene aanhou vir die duur van die kompetisie. Indien spesiale skietskoene gebruik word, mag dit eers na die laaste posisie uitgetrek word solank die mede-kuts nie gesteur word nie. Indien gewone dra- of atletiekskoene gedra word, mag dit eers buite die skietlokaal uitgetrek word.

Alle skoene moet aan die volgende vereistes voldoen:



A	Maksimum dikte van sool by tone: 10mm
B	Lengte van skoene: word deur die deelnemer se voetgrootte bepaal.
C	Maksimum hoogte van skoen: mag nie twee derdes (2/3) van die lengte van B (sien skets) Plus 10mm oorskry nie.
D	Materiaal van die boonste deel van die skoen mag nie dikker as 4 mm wees nie.
E	Die skoensool moet die vorm van die skoen volg en mag nie op enige plek meer as 5mm verby die eksterne afmetings van die skoen verbysteek nie. Die toon en haakgedeelte mag nie vierkantig of plat gesny wees nie.

4.8.6 Geweerband (“sling”)

‘n Geweerband met ‘n maksimumbreedte van 40mm (1.6dm) word in die lê-posisie en knielposisie toegelaat. Die geweerband mag slegs oor die boonste deel van die linkerarm (regterarm vir linkshandige deelnemers) gedra word en moet van daar af aan die voorste punt van die kolf geheg word.
Die geweerband mag slegs aan een kant van die hand en gewrig verby gaan.
Geen deel van die geweer mag aan die geweerband of enige van die bybehore raak nie, behalwe by die bandknip of handstop. Die geweerband word nie in die staanposisie toegelaat nie.

4.8.7 Handskoen

‘n Handskoen wat aan die volgende spesifikasies of beperkings voldoen, word toegelaat:



4.8.7.1 Dikte

Die dikte mag nie 12 mm (0.48dm) oorskry wanneer die voorste en agterste materiaal gelyktydig gemeet word nie; behalwe by some en nate.

4.8.7.2 Afmetings

Die handskoen mag nie meer as 50mm (2dm) verby die middel van die polsgewrig gaan nie.
Enige band of ander vasmaakmiddel by die gewrig word verbied.
'n Gedeelte van die handskoen by die gewrig mag rekbare materiaal bevat, sodat die handskoen aangetrek kan word. Die handskoen moet egter los om die gewrig pas.

4.8.7.3 Buiten bogenoemde handskoen wat gebruik word om die geweer te ondersteun, kan die skut ook 'n sport handskoen dra aan die sneller hand.

4.8.8 Kniel Hakskeen Matjie

'n Los matjie van buigsame en saampersbare materiaal met maksimum afmetings van 200mm x 200mm mag op die hakskeen geplaas word in die knielposisie. Die dikte van die mat mag nie 10mm oorskry nie. (Saamgepers, gemeet met standaard dikte-metingstoerusting)

4.8.9 Oop-klas kompetisie

In 'n Oop-klas item moet alle deelnemers in dieselfde klas of item deelneem en alle gewere en toerusting moet aan die Presisie-luggeweer toerustingreëls voldoen. Sporterklas gewere mag in oop items gebruik word, maar hulle hoef nie aan die Sporterklas reëls te voldoen nie.

4.9 ALGEMENE TOERUSTING VIR ALLE KLASSE.

Hierdie reëls vir toerusting is op alle drie-posisie (3P) luggeweerdeelnemers van toepassing: Veerklas, Sporterklas, Presisieklas of in 'n Oop-kompetisie.

4.9.1 Ammunisie

Slegs .177 kaliber (4.5 mm) "Match pellets" wat van lood of ander sagte ***loodallooi*** materiaal gemaak word, mag gebruik word ***(die ammunisie moet vervorm onder impak met die koeëltjie vanger of teiken raamwerk)***. Die ammunisie moet algemeen in die handel beskikbaar wees en 'n plat punt hê. ***Met ander woorde, loodvrye ("lead free") ammunisie word nie toegelaat nie.***



Indien 'n deelnemer se ammunisie nie aan hierdie reël voldoen nie, moet die Baanoffisier eers 'n waarskuwing gee, sodat die deelnemer sy fout kan herstel. Die deelnemer moet die fout regstel en die ammunisie vervang, voordat hy kan voortgaan met die kompetisie. Daar sal geen ekstra tyd of ekstra proefskote toegelaat word nie (in ooreenstemming met reël 7.18.1). As die deelnemer hierna nog nie die fout regstel nie, moet hy gediskwalifiseer word, want dit hou 'n veiligheidsrisiko in (reël 7.18.3).

4.9.2 Knielrol

Een silindriese rol mag onder die regtervoet (linkervoet vir linkshandige skuts) geplaas word in die knielposisie. Die rol mag nie langer as 25 cm en dikker as 18 cm in deursnee wees nie. Die rol mag nie van 'n voorafgevormde aard wees nie. Die rol moet gevul wees met 'n sagte, buigbare materiaal. Die gebruik van 'n knielrol is opsioneel en nie 'n vereiste nie.

4.9.3 Teleskoop

Die gebruik van ’n losstaande teleskoop met toepaslike staander is wel toelaatbaar in al drie posisies. Die teleskoop mag nie ‘n hindernis vir ander deelnemers wees nie.

4.9.4 Skietmat

‘n Skietmat mag slegs in die lê- en knielposisie gebruik word. Enige mat van saampersbare materiaal met ’n maksimum dikte van 5 cm mag gebruik word, solank dit nie addisionele steun aan die skut verskaf nie. Dieselfde skietmat moet vir die lê- en knielposisies gebruik word. Die skietmat moet so geplaas word dat dit nie die ander deelnemers hinder nie. Die skietmat mag gevou word solank dit in totaal nie dikker as 5 cm is nie. Addisionele matte, handdoeke ens mag nie gebruik word nie.

4.9.5 Hoorbare toestelle

Geen radio’s, bandspelers, “walkmans”, selfone of ander hoorbare toestelle word op die skietpunt toegelaat nie. Geen selfoon/slim horlosie mag vir ‘n stophorlosie gebruik word nie.

4.9.6 Skietbril

’n Skietbril, gekleurd of ongekleurd, is toelaatbaar. Die gebruik van ‘n veiligheidsbril deur die skut word ten sterkste aanbeveel. Spesiaal vervaardigde skietbrille word nie by sporter- en veerklas toegelaat nie.

4.9.7 Hoofbedekkings of sonskerms

‘n Pet, hoed of sonskerm word toegelaat, maar dit mag nie aan die visier of geweer raak terwyl die deelnemer skiet nie. Die pet of sonskerm mag nie meer as 80mm verby die deelnemer se voorkop strek nie en mag nie so gedra word dat dit ’n blinding vorm nie (reël 4.9.8)

4.9.8 Blinders

4.9.8.1 Kant Blinder

Geen kant blinders mag aan die eenkant, of beide kante van die kop aangebring word nie. Geen kant blinders mag teen ‘n pet, hoed, skietbril of kopband aangebring word nie.

Geen toerusting of kledingstuk mag uitsteek onder ‘n lyn vanaf die senter van die oog tot die bokant van die oor nie.



“A” nie toelaatbaar nie.

‘n Blinder mag aan die nie-skiet oog aangebring word, dit mag egter nie wyer as 30 mm (B) wees nie.

4.9.9 Agterste Visierblinder

‘n Blinder mag aan die agtervisier aangebring word. Die blinder moet aan die kant van die nie-skiet oog wees. Dit mag egter nie meer as 30 mm (A) diep of 100 mm (B) lank wees nie. Die lengte word gemeet vanaf die middel van die agtervisier tot die kant van die blinder.



4.9.10 Geweerstaander/tafel en stoel

Wanneer van ‘n geweerstaander gebruik gemaak word, moet die deelnemer seker maak dat die loop van die geweer nooit in die rigting van ‘n ander deelnemer wys nie, maar altyd na die teikengebied. Die geweerstander mag nie so geplaas word of so groot wees dat dit ander deelnemers hinder nie. Geen deel van die geweerstaander mag hoër as die deelnemer se skouer, met die geweer in die staanhouding, wees nie.
Indien hakke vir ‘n geweer teen die geweerstaander aangebring word, mag dit nie hoër as ‘n derde van die deelnemer se skouer hoogte vanaf die grond aangebring word nie. Dit sal verhoed dat die staander maklik omval.
‘n Geweer mag nooit vry en alleen op ‘n geweerstaander gelaat word nie.
`n Tafel en stoel mag gebruik word om tussen skote te rus in die staanposisie. Die tafel moet voor die vuurlyn geplaas word en die rand van die tafel moet 10cm voor die vuurlyn wees.
As die geweerstaander direk onder die geweer geplaas word moet daar in die skietposisie `n spasie van 75 mm tussen die staander en die geweer wees.

4.9.11 Gebruik van spesiale toerusting.

Enige gewere, toerusting, bykomstighede of kleredrag wat ‘n deelnemer bo ‘n ander kan bevoordeel en wat nie in hierdie reëls omvat is nie, of wat teenstrydig is met die gees van hierdie reëls, word verbied.
Enige gebruik van spesiale toestelle, middele of kleredrag wat ‘n deelnemer kan immobiliseer, of wat kunsmatige ondersteuning verskaf of die beweeglikheid van ‘n deelnemer se bene of arms kan beïnvloed, word verbied.
Indien verlang moet ‘n deelnemer sy toerusting aan kompetisie-beamptes beskikbaar stel vir inspeksie. Die kompetisie-beamptes mag enige tyd die deelnemers se toerusting ondersoek om seker te maak dat dit aan die reëls voldoen.

5 KOMPETISIETOESTANDE

5.1 SKIETPOSISIES

Drie-posisie luggeweerdeelnemers skiet in drie verskillende posisies nl. Lê-posisie, Staanposisie en Knielposisie. Geen liggaamsdeel van die deelnemer mag aan die vuurlyn raak nie. In die Lê-posisie moet die linker elmboog agter die vuurlyn wees. In die Staan- en Knielposisies moet albei voete heeltemal agter die vuurlyn wees. Die geweer en liggaamsdele mag oor die lyn wees solank dit nie met die grond, tafel of geweerstander wat voor die lyn is, kontak maak nie.

5.1.1 Lê-posisie

Die deelnemer mag op die grond of op ‘n skietmat lê. Die lyf is uitgestrek op die grond met die kop na die teiken. Die geweer moet met albei hande en ‘n skouer alleen ondersteun word.
Die wang van die deelnemer mag teen die geweerkolf gehou word wanneer die deelnemer korrel.
Die deelnemer se kop of wenkbrou of ooglid mag nie aan die visier of die visier se oogstuk of die visier se blinder raak nie.
Die geweer mag deur ‘n geweerband ondersteun word, maar die voor-ent agter die linkerhand mag nie die geweerbaadjie raak nie. Geen deel van die geweer mag aan die geweerband of bybehore raak nie.
Die deelnemer se voorste arm moet minstens ‘n hoek van 30° met die vloer maak.
Die regterhand of arm mag nie aan die linkerhand, -arm, skiethemp (baadjie) of geweerband raak nie.

5.1.2 Staanposisie

Die geweer mag aan geen ander voorwerp of punt raak of daardeur ondersteun word nie.
Die deelnemer moet onafhanklik staan met altwee voete op die baanoppervlakte, met geen verdere ondersteuning nie.
Die geweer moet met albei hande en die skouer of die bo-arm naby die skouer, of die gedeelte van die borskas direk langs die regter skouer ondersteun word. Die wang mag op die kolf rus.
Die deelnemer se kop of wenkbrou of ooglid mag nie aan die visier of die visier se oogstuk of die visier se blinder raak nie.
Die geweer moet nie deur klerasie of die borskas verder as die area van die regterskouer ondersteun word nie.
Die linker bo-arm en elmboog mag op die borskas of heup rus. Die gordel of gespe van ‘n broek mag nie vir ondersteuning gebruik word nie.

Die regterhand of arm mag nie aan die linkerhand, arm, skiethemp (baadjie) of geweerband raak nie.
Die handstop mag nie in die staanposisisie op die geweer wees nie.
As die handstop nie verwyder kan word nie, mag dit op wees, maar dit mag nie aan die hand of handskoen raak nie.
In die Sporterklas mag die band aan die arm bly, maar dit mag nie aan die geweer vas wees of enige ander ondersteuning bied nie.

5.1.3 Knielposisie

Die deelnemer mag slegs met die regtertoon, regterknie en die linkervoet aan die grond raak.
Die geweer mag met albei hande en teen die regterskouer vasgehou word en die wang mag teen die kolf geplaas word.
Die deelnemer se kop of wenkbrou of ooglid mag nie aan die visier of die visier se oogstuk of die visier se blinder raak nie.
Die elmboog moet op die knie ondersteun word.
Die kontakarea tussen die punt van die elmboog en die punt van die knie mag nie meer as150mm agter die knie of meer as 100mm voor die knie wees nie (middel van die knieskyf).
Die geweer mag deur ‘n band ondersteun word, maar die voorkant agter die linkerhand mag nie aan die skietbaadjie raak nie.
Die regterhand of arm mag nie aan die linkerhand, arm, skiethemp (baadjie) of geweerband raak nie.
Geen deel van die geweer mag aan die band of sy bybehore raak nie.
Die geweer mag nie aan enige ander punt raak of teen enige voorwerp rus nie.
Indien ‘n knielrol onder die brug (enkel) van die regtervoet geplaas word, mag die voet nie verder as 45^{o} gedraai word nie.
Indien die knielrol nie gebruik word nie, mag die voet teen enige hoek gedraai word en die hele kant van die voet en onderbeen mag met die grond kontak maak.
Die boonste deel van die been of die boude mag nie aan die grond raak nie.
‘n Skietmat mag gebruik word.
Slegs die skut se broek en onderklere mag tussen sy/ haar boude en hak wees, behalwe waar ’n kniel hakskeen matjie in die presisie-klas gebruik mag word (reël 4.8.8). Die baadjie of ander artikels mag nie tussen hierdie twee punte of onder die regterknie geplaas word nie.

Hierdie reëls beskryf die posisies vir regshandiges – vir linkshandiges vervang “regs” met “links”.

5.1.4 Gestremdheid en Plaasvervangende Posisies

Deelname vir tydelik of permanente gestremde persone moet aangemoedig word, maar hulle mag nie bo ander deelnemers bevoordeel word nie. Skuts wat nie ‘n sekere posisie kan inneem nie, sal in die volgende naas moeilikste posisie skiet. ‘n Plaasvervangende posisie moet aan die reëls vir daardie posisie voldoen. **Daar moet ‘n mediese sertifikaat van die verwysende dokter en spesialis voor die kompetisie ingehandig word by die organiseerders van die kompetisie. Die dokterr of spesialis mag nie ‘n familielid wees van die skut nie. Indien dit ‘n langtermyn besering sou wees moet die rehabilitasie periode ook aangedui wees.** Die Direkteur van die kompetisie of die Jurie (Skeidsregters) moet die plaasvervangende posisie goedkeur. Pleisters of verbande mag net met die goedkeuring van die Jurie/Direkteur gebruik word. Kinesio pleisters is totaal verbode. Toestemming moet skriftelik wees. Toestemming mag nie verleen word om enige gewrig (pols, elmboog, knie, enkel of skouer) te verbind nie.

‘n Deelnemer wat nie op sy regtervoet in die kniel-posisie kan sit nie, mag op sy linkervoet sit en steeds van die regterskouer skiet, maar die Reëlkomitee moet toestemming gee dat hierdie posisie gebruik kan word.

5.2 AFRIGTING

Afrigting of hulp aan ‘n deelnemer word onder die volgende voorwaardes toegelaat:

5.2.1 Afrigting tydens Sporter- en Veerbyeenkomste

Agt minute afrigting en inskiettyd word in die lê-posisie toegelaat, indien die kompetisieprogram dit toelaat.(reël 7.4.1) Afrigting word nie toegelaat tydens proewe vir toerspanne ***(byvoorbeeld VSA of BJI)*** en die SANSSU kampioenskappe ***(SA’s)*** nie. Sodra die inskiettyd verby is moet afrigting gestaak word en die afrigter moet die skietpunt verlaat. Nadat die eerste telskoot geskiet is mag ‘n deelnemer

slegs met ‘n baanoffisier op die vuurlyn praat. ***[VSA :*** *Afrigting word toegelaat tydens voorbereiding, proewe en oorskakelingstyd.]*
Afrigting op die vuurlyn kan verbied word as dit die ander deelnemers hinder.
Indien afrigting op die vuurlyn in Sporterklas nie toegelaat word nie, moet dit so in die kompetisieprogram aangedui word. Indien dit ‘n kompetisie vir Sporterklas sowel as Presisieklas is, moet deelnemers in verskillende afdelings en op verskillende punte van die vuurlyn deelneem, sodat die deelnemers in die Sporterklas wel afrigting kan ontvang, terwyl presisieskuts aangaan om toerusting op te stel.

5.2.2 Afrigting tydens Presisie-byeenkomste

Afrigting tydens Presisie-luggeweerbyeeenkomste is verbode. ‘n Deelnemer mag op die vuurlyn slegs met die baanoffisier praat.

5.2.3 Afrigting gedurende Kompetisies

Indien ‘n deelnemer tydens die kompetisieperiodes met ‘n afrigter wil praat, moet hy sy geweer in ‘n veilige toestand op die vuurlyn plaas, die baanoffisier in kennis stel, die vuurlyn verlaat sonder om die ander deelnemers te steur.
‘n Afrigter mag gedurende die kompetisie met ‘n spanlid praat, maar slegs met toestemming van die Baanoffisier. Die Baanoffisier sal die deelnemer in kennis stel, waarna die deelnemer sy geweer in ‘n veilige toestand op die vuurlyn moet los en na die afrigter moet beweeg.

5.3 Kompetisie-items en Tydsbeperkings

In 3P-kompetisies word elke posisie se tyd afsonderlik geneem. Op die wyse kan tellings vinniger bereken word. Alle deelnemers moet van ‘n voorbereidings- en oorskakelingsperiode gebruik maak.

5.3.1 Individuele, 3x20 of 3x20 plus finaal

Die individuele 3 x 20 afdeling bestaan uit 20 skote elk in die Lê-, Staan- en Knielposisies in die gegewe volgorde. Daar kan ‘n finaal gedoen word (3 x 20 plus finaal reël 10.0 **Finaal**).

Individuele 3P 3 x 20 skoot Tydsbeperking		
AFDELING	**POSISIE**	**TYD**
Neem posisies in		5 min
Inskiet met afrigting (slegs sporter en veer indien toegelaat)	Lê (Reël 7.5)	8 min (opsioneel)
Voorbereiding, Proefskote en Telskote	Lê – Onbeperkte proewe 20 telskote	25 min
Oorskakeling	Lê na staan	5 min (10 min vir pres)
Voorbereiding, Proefskote en Telskote	Staan – Onbeperkte proewe 20 telskote	30 min
Oorskakeling	Staan na kniel	5 min (10 min vir pres)
Voorbereiding, Proefskote en Telskote	Kniel – Onbeperkte proewe 20 telskote	25 min

[VSA : *Voorbereiding en onbeperkte proewe 10 minute*
20 telskote Lê-posisie geen proewe 20 minute
Oorskakeling lê na staan 5 minute
Proewe 5 minute (Presisie kan 10 min kry)
20 telskote Staan geen proewe 25 minute
Oorskakeling staan na kniel 5 minute
Proewe 5 minute (Presisie kan 10 min kry)
20 telskote Kniel geen proewe 20 minute]

5.3.2 Individuele 10 m Staan-posisie, 2 x 20

Die individuele Staanposisie 2 x 20 bestaan uit twee 20 skoot-afdelings in die Staan-posisie.

Individuele 10m Staan 2 x 20 skoot Tydsbeperking (multi diagram)		
AFDELING	**POSISIE**	**TYD**
Neem posisies in		5 min

Voorbereiding, Proefskote en Telskote	Staan – Onbeperkte proewe 20 telskote	30 min
Ruil teikens		
Oorskakelingstyd en gas hervul		5 min
Proefskote en Telskote	Staan – Onbeperkte proewe 20 telskote	25 min

***[VSA** : Voorbereiding en proewe 15 minute*
20 telskote Staanposisie 25 minute
Teiken omruil
Proewe 5 minute (Kan 10 min wees by Presisie) 20 telskote
Staanposisie 25 minute.]

Die individuele Staanposisie 40 skoot op enkel diagram teikens bestaan uit een 40 skootafdelings in die Staanposisie op enkel diagram teikens.

Individuele 10m Staan 40 skoot Tydsbeperking (enkel diagram)		
AFDELING	**POSISIE**	**TYD**
Neem posisies in		5 min
Voorbereiding en Proefskote	Staan – Onbeperkte proewe	10 min Presisie 15 min
Telskote	Staan – 40 telskote (geen proefskote toegelaat)	50 min

5.3.3 Veelvuldige Reeks Saamgestelde kampioenskappe

‘n Kompetisieprogram wat bestaan uit saamgestelde items of reeks soos in reëls 5.3.1, 5.3.2 of 5.3.3 beskryf, kan ook aangebied word. Hierdie program kan/mag oor meer as een dag strek.

5.3.4 Spanne 4 x 3Px2 = 4800 + 4 x 10 m Staan = 1600Totaal = 6400

Enige kompetisie mag spanne bestaande uit 4 persone inskryf. Elke lid van die span neem aan een van die individuele afdelings deel soos uiteengesit in reëls 5.3.1, 5.3.2 en 5.3.3.

5.3.5 Spansamestelling en voorwaardes.

‘n Span bestaan uit 4 lede. Elke span behoort ‘n volwasse spanleier te hê. Mans en dames mag saam in spanne deelneem.
Deelnemers mag nie vir meer as een span deelneem nie.
Alle spanlede se name moet voor die aanvang van die kompetisie bekend gemaak word.

NB Tellings van finale rondtes word nie ingereken in spantellings nie.

5.4 TEIKENS

Papier- of elektroniese teikens mag tydens kompetisies gebruik word.
Papierteikens mag met enige tipe teikenwisselaar gebruik word of dit mag vasgesit word aan die teikenbord.
Tydens kompetisies moet alle deelnemers van dieselfde teikens en teikenstelsel gebruik maak.
Slegs amptelike 10 meter luggeweerteikens soos gespesifiseer deur die Internasionale Skiet Sport Federasie mag gebruik word.

5.4.1 Proefskootteikens

Proefskootteikens moet duidelik geïdentifiseer of aangedui word. Wanneer enkel kolskoot-teikens gebruik word, behoort proefteikens geïdentifiseer te word deur ‘n duidelike swart streep in die boonste regterkantste hoek van die teiken.

Deelnemers mag vyf (5) proefskootteikens vir elke posisie uit 200 gebruik.

5.4.2 Rekordhouding met Enkelteikens (Opskryf van Teikens)

Indien enkelteikens gebruik word, moet elke teiken in elke stel ‘n reeksnommer hê, om deelnemers te kan identifiseer. Teikens moet in numeriese volgorde geskiet word.Teikens met 5- of 10-merkteikens moet

gemerk word, sodat die skut en sy skietposisie geïdentifiseer kan word. As daar meer as een teiken vir elke skietposisie is, moet hulle in volgorde genommer word en in numeriese volgorde geskiet word.

5.4.3 Omruil van Teikens

Deelnemers of die baanbeamptes mag die teikens omruil. Indien van teiken-omruilers gebruik gemaak word, moet elke skut sy eie teiken omruil.
Enige skut wat nie in staat is om teikens om te ruil of om die teiken-omruiler te hanteer sonder om sy skietposisie te verander nie, mag van ‘n assistent gebruik maak. Skuts moet self ‘n assistent voorsien.
Kompetisie organiseerders moet redelike voorsorg tref dat assistente nie die ander deelnemers steur nie.
Die assistente moet sit wanneer die teikens nie omgeruil word nie. Hulle mag nie met die skut praat of aan hom hulp verleen nie en hulle mag nie die ander deelnemers steur nie.
Die deelnemer bly verantwoordelik om seker te maak dat die korrekte teiken aangebring word.

5.5 BAANSPESIFIKASIES

5.5.1 Afstand

Die skietafstand vanaf die teiken tot by die vuurlyn is 10 meter.

5.5.2 Vuurlyn en Vuurpunt

Die vuurlyn is die ***voorkant van die beskikbare vuurpunte op die skietbaan.***
Die vuurlyn moet gemerk wees sodat Baanoffisiere en deelnemers dit kan sien.
Die vuurpunt is die oppervlakte, direk agter die vuurlyn, wat aan ‘n deelnemer toegewys is.
Die aanbevole minimum breedte van elke vuurpunt is 1.0 meter. (39.4 dm)
Die aanbevole minimum lengte is 2.2 meter (86.6 dm)
Daar moet ‘n vuurpunt vir elke teiken wees.
Agter die vuurpunt moet genoeg ruimte wees sodat baanoffisiere en deelnemers vrylik kan beweeg.

5.5.3 Teikenaanwysings en die nommer van teikens

Teikens en teikenhouers moet in ‘n loodregte lyn met die vuurpunt wees.
Teikens en teikenhouers moet geïdentifiseer word met nommers wat bokant of onderkant die teikens aangebring is. Die nommers moet groot genoeg wees om maklik van die vuurpunt gesien te kan word.
Teikens word opeenvolgend genommer met teiken nommer een (1) aan die linkerkant.
Daar word aanbeveel dat die nommers teen verskillende agtergronde of op kontrasterende kleure vertoon word.

5.5.4 Teikenhoogtes

Baanoffisiere moet seker maak dat die teikens op die regte hoogte geplaas word.
Die teikenhoogte gemeet vanaf die grond tot by die middel van die teiken, is:

Lê-posisie	0.5m (± 10cm)
Staanposisie	1.4m (± 5 cm)
Knielposisie	0.8m (± 10cm)

Alle teikens op die baan moet op dieselfde hoogte aangebring word.
Toegewings kan vir verskillende bane gemaak word, maar verskillende hoogtes vir individuele skuts word nie op dieselfde baan toegelaat nie.
Bane waar papierteikens gebruik word, mag voorsiening maak vir die hang van twee kolskoot-teikens en telskote op dieselfde hoogte vir een posisie.
Op bane waar die konstruksie van bane of die skietwal verhoed dat die teikens op die korrekte hoogte aangebring word, moet teikens so na as moontlik aan die korrekte hoogte gehang word.
Indien teikens nie op die korrekte hoogte aangebring is nie, moet die kompetisieprogram inligting oor die hoogte wat die teikens wat gehang is verskaf.

5.5.5 Skiettafels

Bane met vasgemonteerde teikens vir Staanposisie, moet platforms of skiettafels verskaf sodat deelnemers in die Lê- en Knielposisies gelig kan word tot op die hoogte van die teikens.
Skiettafels en platforms moet van sterk materiaal wees, veilig wees vir gebruik en mag nie buig of beweeg tydens normale gebruik nie.
Die kompetisieprogram moet deelnemers inlig indien skiettafels gebruik word.

Indien van skiettafels gebruik gemaak word, is dit nie nodig dat alle dele van die liggaam tydens die Lê-posisie op die tafel hoef te wees nie, maar tydens die Knielposisie moet alle dele van die liggaam op die tafel of platform wees.
Geen tafel of platform mag voor die vuurlyn geplaas word nie.
Geen tafel of platform mag ‘n aangrensende vuurpunt oorsteek nie, ongeag daarvan of dit ‘n oop vuurpunt is of nie.
Vir Lê-houding is die aanbevole minimum grootte 0.9 m breed en 1.8m lank. Die skiettafel moet min of meer dieselfde hoogte as die bank met die teiken en -omruiler wees, gewoonlik 0.9 m.
Die aanbevole minimum oppervlakte vir ‘n Knielposisie platform is 0.9m x 0.9m en min of meer 0.6m hoog.

5.5.6 Beligting

Binnenshuise bane moet voldoende beligting verskaf sodat daar nie enige glinstering of skadu’s op die teikens of vuurpunt is nie.
‘n Minimum beligting van 1000 ligeenhede op die teiken word aanbeveel.
Teikens moet egalig verlig word, ‘n indirekte lig wat op die teiken val word aanbeveel.
Goeie beligting op die vuurlyn word ook ernstig aanbeveel.

5.5.7 Amptelike Tellingbord

Die amptelike tellingbord moet vir deelnemers en afrigters toeganklik wees.
Alle amptelike verslae en resultate moet op hierdie punt (tellingbord) aangebring word.

5.5.8 Musiek

Die speel van musiek op die baan is toelaatbaar. Die goedgekeurde SANSSU musiek kieslys sal gebruik word by alle SANSSU kompetisies. Provinsies, skole en klubs kan hul eie musiek kieslyste gebruik solank dit nie teenstrydig is met die kulturele en christelike waardes van skuts nie.

5.6 KOMPETISIEPROGRAM

Die voorwaardes vir die kompetisie moet in skriftelike vorm wees.
Die kompetisieprogram of amptelike program moet inligting verskaf oor: die naam van die kompetisie, plek, volgorde van items, tydskedules, pryse/toekennings en enige ander spesiale vereistes.
Die kompetisieprogram mag nie enige van die reëls verontagsaam nie.
Die kompetisieprogram dien as aanvulling tot die reëls en voorwaardes gestel in die program, geld ook vir die kompetisie.
Baanoffisiere en Jurielede (Skeidsregters) mag nie die kompetisieprogram gebruik om geskille te besleg nie. Indien daar ‘n konflik tussen die kompetisieprogram en die reëls is, sal die reëls van krag wees.

6 KOMPETISIEBEAMPTES EN HULLE PLIGTE

6.1 KOMPETISIE-DIREKTEUR

Die Kompetisie-Direkteur is primêr verantwoordelik vir die veilige en doeltreffende afhandeling van ‘n kompetisie.
‘n Kompetisie-Direkteur kan deur die reëlingskomitee van ‘n groot kompetisie aangewys word.
By kleiner kompetisies kan die Kompetisie-Direkteur ook as ‘n baanoffisier of puntetelling offisier gebruik word.
Die reëlingskomitee en die Kompetisie-Direkteur stel die voorwaardes van ‘n kompetisie vas en verskaf ‘n kompetisieprogram. (Reël 5.6)
Die Kompetisie-Direkteur stel die ander Kompetisie-Beamptes aan.
Indien daar enige verandering aan die program is, moet die verandering op die amptelike verslagbord aangebring word, sodat alle deelnemers en afrigters daarvan kennis neem.
Die Kompetisie-Direkteur moet, volgens sy beste oordeel, onpartydige, ferme, hoflike en versigtige besluite neem.
Wanneer die reëls toegepas word, mag die Kompetisie-Direkteur oorleg pleeg met die Jurie (Skeidregters) of die Nasionale Jurie (Jurie Raad).

6.2 BAANOFFISIERE

Die Hoof-Baanoffisier is in beheer van die baan en is vir baanveiligheid en baanbedrywighede verantwoordelik. Sy pligte sluit in: baanopdragte, versekering dat deelnemers se posisie en toerusting aan die reëls se vereistes voldoen, herstel van tegniese baanfoute, straftoepassings (waarskuwings/ punte penalisering/ diskwalifisering), ontvangs van besware en die oplos van onreëlmatighede soos steurnisse, straftoepassings (waarskuwings/ punte penalisering/ diskwalifisering), onreëlmatige skote, ekstra tyd toegelaat, ens.
Baanoffisiere het die reg om enige tyd ‘n deelnemer se posisies of toerusting te ondersoek. ‘n Baanoffisier behoort nie die deelnemer te nader terwyl hy ‘n skoot skiet nie. Daar moet egter dadelik opgetree word indien dit ‘n veiligheidsrisiko is.
By groter kompetisies kan ‘n veiligheids-/assistant-baanoffisier aangestel word om die Hoof-baanoffisier by te staan.

6.3 JURIE (SKEIDSREGTERS)

Die kompetisie kan ‘n Jurie van 3 lede aanwys om die reëls toe te pas en geskille op te los.
Een lid van die Jurie word as Voorsitter verkies.
Jurie-lede moet met al die reëls vertroud wees en ondervinding van kompetisies hê.
Die Jurie-lede kan kompetisie-beamptes, spanbeamptes, ouers of deelnemers wees.
Die Kompetisie-Direkteur kan ‘n plaasvervanger aanwys indien ‘n Jurie-lid nie meer beskikbaar is nie.
Besluite deur die Jurie moet op die toepaslike reëls gebaseer wees. Indien daar nie ‘n toepaslike reël is nie, moet besluite in die gees van die reëls geneem word.
Geskille word deur ‘n meerderheidstem van die Jurie opgelos. (Appèl mag aan die Jurie raad gerig word).

6.4 TOERUSTING KONTROLE-BEAMPTE/TEGNIESE DIREKTEUR

Kontrole van toerusting is nie verpligtend nie.
Die Kompetisie-Direkteur kan egter ‘n persoon aanwys om deelnemers se toerusting voor ‘n kompetisie te ondersoek.
Toerusting mag ook deur baanbeamptes voor die aanvang van ‘n kompetisie op die vuurlyn ondersoek word.
Spanbeamptes en deelnemers moet voor die tyd ingelig word omtrent waar en wanneer hulle toerusting ondersoek sal word.

6.5 STATISTIEKE-BEAMPTE

Die statistieke-beampte is daarvoor verantwoordelik dat alle uitslae tydens ‘n kompetisie bekend gemaak word.
Die statistieke-beampte doen direk verantwoording aan die Kompetisie-Direkteur.
Die statistieke-beampte moet alle gebruikte teikens bewaar totdat die tydperk waarin uitdunne gehou of besware gemaak kan word, verby is.
Die Kompetisie-Direkteur en Statistieke-beampte moet tellinghouers aanwys en oplei.

By kleiner kompetisies, kan die Statistieke-beampte ook die tellinghouer wees.
Die Statistieke-beampte moet verseker dat alle uitslae op die amptelike tellingbord verskyn en dat ‘n Finale uitslag aan die spanbeamptes en deelnemers gegee word.

6.6 TELLINGHOUERS

Tellinghouers moet regverdig en onpartydig telling hou.
Tellinghouers kan ander kompetisie-beamptes, span-beamptes of ouers wees, maar nie deelnemers nie.
‘n Persoon mag nie telling hou vir ‘n deelnemer waarby hy ‘n persoonlike belang het nie.
Tellinghouers kan in pare werk om skote te beoordeel of om besluite oor onseker skote te neem.
Indien twee tellinghouers van mekaar verskil, moet die Statistiek-beampte of die Kompetisie- Direkteur self besluit, of ‘n ander persoon aanwys om die finale besluit te neem.

6.7 SPANAFRIGTER

Elke span moet ‘n spanafrigter hê.
Die spanafrigter kan ‘n afrigter, instrukteur, jeugleier, ouer of ‘n ander verantwoordelike volwassene wees.
Die spanafrigter is verantwoordelik vir al die spanlede asook om dissipline in die span te handhaaf.
Spanafrigters moet saam met die baanbeamptes veiligheid, goeie gedrag en goeie sportmanskap

verseker.
Spanafrigters moet bekend wees met die program, inskrywings behartig en seker maak dat spanlede betyds en met die regte toerusting op die vuurpunt is.
Spanafrigters mag tellings nagaan, dagings rig en besware aanteken en namens alle spanlede registreer.

7 KOMPETISIE PROSEDURES

7.1 INSKRYWINGS

Individuele- en spaninskrywings moet afgehandel wees voor die aanvang van die kompetisie of voordat enige deelnemer begin skiet.
Die deelnemer of spanafrigter is daarvoor verantwoordelik dat die inskrywingsvorm volledig ingevul is.

7.2 BAANLOTINGS

Alle deelnemers moet by die vuurpunte ingedeel word met behulp van ‘n onpartydige trekking.
Lede van dieselfde span mag op aaneengrensende vuurpunte deelneem.
Indien daar meer as een aflos op dieselfde dag van die kompetisie is, behoort deelnemers van dieselfde span aan twee of meer van die verskillende aflosse deel te neem.
Reisskedules van spanne kan egter in ag geneem word wanneer aflosse op verskillende dae plaasvind.
In die geval van spanitems, moet die geskeduleerde aflos, deelnemers van twee of meer spanne bevat.

7.3 TOERUSTING KONTROLE

Kompetisie-beamptes mag vereis dat deelnemers hulle toerusting laat kontroleer om sodoende te verseker dat toerusting aan die reëls voldoen.

Indien ‘n deelnemer se geweer, toerusting of kleding nie aan die reëls voldoen met ‘n post-kompetisie toets en die Hoof Baanbeampte of ‘n ander kompetisie beampte bevestig dat die toets korrek gedoen is, sal die deelnemer se telling vir die betrokke kompetisie aflos gediskwalifiseer word.

7.4 PLASING/NEEM VAN TOERUSTING NA EN VAN VUURLYN

Die Baanoffisier moet die deelnemers na die vuurlyn roep en 5 minute tyd gee om hulle toerusting op die vuurlyn te plaas voor die aanvang van die inskiet/ wedstryd.
Nadat die teikens gereed gemaak en die baan gesluit is en 5 minute voor die inskiettyd begin, sal die Baanoffisier die bevel gee

“NEEM JULLE POSISIES IN / TAKE YOUR POSITIONS”

Deelnemers kan nou hulle toerusting gereedmaak en hulle wapens hanteer, maar hulle mag nie die veiligheidskoord (GBI) verwyder, die slot toemaak of droë skote vuur nie.

7.4.1 Afrigtingstyd

In die lê-posisie kry veer- en sporterdeelnemers ***agt (8)*** minute inskiet met afrigting voor die wedstryd begin, indien die wedstryd voorwaardes dit toelaat. Dit begin met die bevel :

“JOU *AGT* MINUTE INSKIETTYD MET AFRIGTING BEGIN”

Let wel : (afrigting slegs in die lê-posisie en slegs gedurende die eerste 3P)
Tydens proewe vir SANSSU span en SA’s geen afrigtings tyd nie.

Die Baanoffisier moet die deelnemers inlig as 30 sekondes oor is vir die inskiettyd met die bevel “30 SEKONDES”.

Na ***8*** minute kom die bevel: **“STOP**” Alle wapens moet veilig gemaak word en die Baanoffisier moet seker maak geen skote is op wedstryd teikens geskiet nie. Indien skote op wedstryd teikens geskiet is, moet dit deur die Baanoffisier gemerk word as inskietskote en sal nie gebruik word vir die deelnemer se telling nie.

7.5 VOORBEREIDING EN INSKIET TYD

Slegs indien enkeldiagram teikens in die 10m staan posisie gebruik word

Die voorbereidings en inskiet tyd begin met die bevel:

“JOU TIEN-MINUTE (Presisie 15 minute) VOORBEREIDINGSTYD EN INSKIET TYD .....BEGIN.”

Deelnemers gaan nou voort met voorbereiding, kan veiligheidskoorde verwyder, kan droë skote en onbeperkte proefskote vuur. Geen skote mag op wedstryd teikens gevuur word nie. Die baanoffisier moet dertig sekondes voor die verstryking van die tyd die deelnemers waarsku met die bevel **30 SEKONDES** en aan die einde van die tyd die bevel gee **STOP.**
Alle proefskoot teikens moet verwyder word en wedstryd (tel) teikens moet gereed gemaak word.

7.6 BEGIN EN EINDE VAN WEDSTRYD (WEDSTRYDTYD)

Slegs indien enkeldiagram teikens in die 10m staan posisie gebruik word

Sodra die wedstryd teikens gereed is, direk na die voorbereidings- en inskiettyd gee die baanoffisier die bevel:

“STAAN, DAAR IS 50 MINUTE VIR 40 TELSKOTE, GEEN PROEFSKOTE ... LAAI - BEGIN”

Geen proefskote mag nou gevuur word nie.

Indien multi-diagram teikens gebruik word

Die voorbereidingstyd word gekombineer met die wedstrydtyd om skuts toe te laat om terug te gaan na proefskote toe nadat hulle begin het om telskote te skiet. Geen aparte voorbereidings tyd word toegelaat nie. Sodra die opstel/inskiettyd met afrigting verstreke is of teikens gereed is na ’n verandering in posisie gee die baanoffisier die bevel:

“LÊ (STAAN / KNIEL) 20 TELSKOTE, ONBEPERKTE PROEFSKOTE IN Y MINUTE .... LAAI - BEGIN”

Die kompetisie neem ‘n aanvang met die bevel “**BEGIN**” en eindig met die bevel “**STOP**”.
Alle telskote moet tussen hierdie twee bevele geskiet word.

7.6.1 Vyf (5) minuut waarskuwing

Die baanoffisier moet aankondig dat slegs 5 minute van die skiettyd oor is met die bevel:

“VYF MINUTE OOR”

7.6.2 Twee (2) minuut waarskuwing

Die Baanoffisier moet aankondig dat nog net twee (2) minute van die skiettyd oor is met die bevel:

“TWEE MINUTE OOR”

Die vyf en twee minuut bevele dien slegs as waarskuwing.
Nogtans moet die deelnemers self sorg dat hulle binne die toegelate tyd klaar skiet, ongeag of die waarskuwings gegee is of nie.
Deelnemers mag slegs addisionele tyd kry indien daar ‘n onderbreking of weiering in die skietroetine was.
Indien al die deelnemers klaarmaak voordat die skiettyd verstreke is, mag die Baanoffisier die bevel “STOP” gee. Alle deelnemers moet hulle skote vir Lê-posisie voltooi, voordat hulle begin opstaan vir Staanposisie en alle deelnemers moet hulle skote vir Staanposisie voltooi voordat hulle begin kniel vir die Knielposisie.

7.7 POSISIE OORSKAKELINGSTYD

Deelnemers moet vyf (5) minute oorskakelingstyd voor die aanvang van die Staanposisie en vyf (5) minute oorskakelingstyd voor die aanvang van die Knielposisie gegee word. Indien teikens na afloop van elke posisie omgeruil word, mag die oorskakelingstyd nie begin, voordat die teikens klaar omgeruil is nie. Gedurende die oorskakelingstyd, mag die deelnemers hulle toerusting vir die volgende posisie opstel,

hulle gewere hanteer en aanlê-oefeninge doen. Die vk mag nie verwyder word nie. Waar presisieskuts deelneem, mag die oorskakelingstyd tussen lê en staan en tussen staan en kniel na 10 minute verleng word. As hierdie opsie uitgeoefen word moet alle aflossings 10 minute oorskakelingstyd kry.

7.8 VERLAAT VAN BAAN EN VERWYDERING VAN TOERUSTING.

Indien ’n skut die baan vir enige rede wil verlaat gedurende die inskiettyd, oorskakelingstyd of wedstrydtyd moet die skut:
a) sy vuurwapen op die vuurlyn los met die slot-aksie oop en met ‘n veiligheidskoord in die loop
b) die baanoffisier verwittig en
c) die baan verlaat sonder om ander skuts te steur.
Indien ’n skut klaar geskiet het voor die wedstrydtyd verstreke is, mag hulle die baan verlaat met die toestemming van die baanoffisier maar hulle mag nie hulle toerusting van die baan verwyder nie. Wapens en toerusting mag slegs verwyder word nadat die baanoffisier die bevel **STOP** gegee het, bevestig het dat al die wapens veilig is om te verwyder en toestemming gegee het dat wapens en toerusting verwyder mag word. Die enigste uitsondering is om ’n wapen wat veilig gemaak is te verwyder vir herstelwerk met die toestemming van die baanoffisier.

7.9 DROË SKOTE

Droë skote beteken die loslating van die sneller-meganisme, sonder om enige dryflading (lug of CO_2) vry te laat. Atlete mag droë skote vuur tydens inskiettyd en wedstrydtyd. Slegs wanneer multidiagram teikens gebruik word.
Nota: Nie alle luggewere kan droog vuur nie.

7.10 VRYLAAT VAN ’N DRYFLADING.

Die vrylaat van ’n dryflading is wanneer lug of CO_2 vrygelaat word deur die sneller te trek sonder dat ’n koeël gelaai is.

- Enige vrylating van ’n dryflading gedurende die wedstrydtyd (slegs enkeldiagram teikens) sal getel word as ’n mis.
- Indien ’n dryflading vrygelaat word gedurende oorskakelingstyd moet die deelnemer ’n waarskuwing gegee word vir die eerste oortreding. Vir enige vêrdere oortredings sal twee punte per oortreding van die eerste telskoot afgetrek word**. (Indien dryflading vrygelaat word, beteken dit dat die VK nie in die loop was nie en kan dit gesien word as ‘n veiligheidsoortreding)**
- Dryfladings mag vrygelaat word gedurende afrigtingstyd/ inskiettyd aangesien proefskote nie tel nie. *Nota – dryfladings word soms vrygelaat om die vuurmeganisme te stabiliseer*.

7.11 PROEFSKOTE EN TELSKOTE

Slegs een koeëltjie mag op ‘n keer gelaai word.

7.11.1 Proefskote

Proefskote is oefen of opwarming skote wat nie gebruik word vir die deelnemer se telling nie. Onbeperkte proefskote mag gevuur word op teikens uitgesonder vir die doel in die tye daarvoor toegelaat (Reël 5.3) Op multi-diagram teikens mag daar na die eerste telskoot weer proefskote geskiet word. ***[VSA*** *word dit nie toegelaat nie.]* Geen proefskote mag gedurende die wedstrydtyd op enkeldiagram teikens geskiet word nie en enige sulke proefskote sal getel word as ’n mis wat van die laaste teiken(s) afgetrek sal word. Die baanoffisier mag addisionele proefskote toelaat indien die wapen herstel moet word, daar ’n onderbreking in die wedstryd is of ’n deelnemer na ’n ander baan geskuif is.

7.11.2 Telskote

Slegs een skoot mag na enige enkelskootteiken geskiet word.
Enige skoot wat na die bevel **BEGIN** gedurende die wedstrydtyd gevuur word, insluitend die vrylating van lug of ‘n skoot wat per ongeluk afgetrek is, moet as ‘n telskoot gereken word, of dit die teiken getref het of nie.(**slegs enkeldiagram teikens**)

7.12 SKIETBAAN BEVELE

Die baanoffisier sal alle fases van ’n normale 3P-wedstryd beheer met bevele en prosedures soos uiteengesit in reël 7.0 en vir finale rondtes soos uiteengesit in reël 10. ’n Opsomming van die bevele is aangeheg in AANHANGSEL A**.**

7.13 ONGEWONE SKOTE EN ANDER VOORVALLE

Enige skoot wat gevuur is teenstrydig met hierdie reëls word aangemeld as ‘n ongewone skoot.
Enige deelnemer wat ‘n ongewone skoot het, moet dit onmiddelik aan die Baanoffisier rapporteer.
Die Baanoffisier moet rekord hou van enige ongewone skoot tydens die kompetisie, sodat dit later gebruik kan word om teikens se tellings te bereken. Waar papierteikens gebruik word, moet die Baanoffisier dit op die teiken self skryf.

7.13.1 Skote gevuur voor die “BEGIN” bevel

Enige skoot gevuur voor die “**BEGIN”** bevel van inskiettyd / afrigtingstyd of enige skoot gevuur voor die “BEGIN” bevel van wedstrydtyd sal getel word as ’n mis op die eerste kompetisieteiken.

7.13.2 Skote gevuur na die “STOP” bevel

Enige skoot wat na die **“STOP”** bevel gevuur is aan die einde van inskiettyd (**enkeldiagram teikens**) en voor die bevel **BEGIN** vir die vuur van telskote sal gepenaliseer word met twee (2) punte op die eerste kompetisieteiken. Enige skoot wat na die **“STOP”** bevel gevuur is aan die einde van die telskote, sal as ‘n misskoot bereken word op die laaste kompetisieteiken.

7.13.3 Eerste skote buite die afgemerkte area (*proefskote strook area en telskote teiken area)*

Indien die eerste skoot ‘n misskoot is, met ander woorde dit mis die afgemerkte area (proefskote strook area of telskote teiken area), moet dit dadelik aan die Baanoffisier verklaar word. Die Baanoffisier moet dan vasstel waar die skoot getref het.
Die Baanoffisier hou dan toesig by so ‘n skut totdat die proefskote binne die afgemerkte area, proefskote strook area, begin val. Die Baanoffisier merk hierdie skote, wat ‘n kompetisie-teiken getref het of binne die telskote teiken area geval het, as proefskote. Hierdie skote sal deur die tellinghouer geïgnoreer word.
Alle daaropvolgende skote wat die kompetisie-teiken tref, sal bereken word asof dit tydens die kompetisie gevuur is. Daar sal geen ekstra tyd hiervoor toegelaat word nie.

7.13.4 Gelaaide geweer na die “STOP” bevel

As daar nog ‘n koeëltjie in die loop is, nadat die bevel **“STOP”** gegee is, of as die geweer oorgehaal maar nie gelaai is nie, moet die deelnemer die Baanoffisier in kennis stel deur sy hand op te steek en te sê:
“GELAAIDE GEWEER”
Die Baanoffisier moet dan die geweer toepaslik ontlaai of veilig laat afvuur. Hierdie skoot mag nie na ‘n teiken geskiet word nie en mag nie as ‘n telskoot bereken word nie (reël 2.5)
Die Baanoffisier moet oor hierdie prosedure toesig hou.

7.13.5 Ongevuurde skote

Enige nie-afgevuurde skote word as misskote gemerk.

7.13.6 Meer as een skoot per teiken

Indien ‘n deelnemer meer as een skoot op een teiken in ‘n 3P-kompetisie skiet en elke keer een teiken oop los sal hy nie vir die eerste twee gevalle gepenaliseer word nie.
Vir enige verdere sulke skote sal die deelnemer met twee (2) punte gepenaliseer word.
Nota:
In die drie-posisie item word die penalisasie toegepas wanneer daar in al drie posisies, drie of meer teikens met meer as een skoot is.
Voorbeeld: Een teiken in die Lê-posisie het twee skote (een is oop), een teiken in die Staanposisie het twee skote (een is oop) en een teiken in die Knielposisie het twee skote (een is oop). In hierdie geval

moet 'n twee (2) punt penalisasie by die Knielposisie se telling in werking tree.

7.13.7 Te veel skote in skietposisie

Indien die skut meer as die voorgeskrewe aantal skote in 'n posisie skiet (11 of meer skote in een reeks of teikenkaart in 'n 3 x 10 item of 21 of meer skote in twee reeks of teikenkaart in 'n 3 x 20 item) word ekstra skote gekanselleer en word 'n twee (2) punte penalisasie gegee vir elke ekstra skoot op die volgende wyse:

a) Indien enkelkol teikens of elektroniese teikens gebruik word : die laaste skoot/skote geskiet in die posisie moet gekanselleer word en 'n twee (2) punte penalisasie vir elke ekstra skoot moet afgetrek word vanaf die laagste waarde skoot/skote in die eerste reeks.

b) Indien 'n 10 kolle teiken gebruik word : tel slegs die tien (10) laagste waarde skote (m.a.w. die hoogste waarde skote val weg vir elke ekstra skoot) en 'n twee (2) punte penalisasie word toegepas vir elke ekstra skoot op die laagste waarde skoot/skote.

c) Indien 'n twee x 10 kolle teiken gebruik word : tel slegs die twintig (20) laagste waarde skote (m.a.w. die hoogste waarde skote val weg op die teiken vir elke ekstra skoot) en 'n twee (2) punte penalisasie word toegepas vir elke ekstra skoot op die laagste waarde skoot/skote in die eerste reeks (m.a.w. die eerste 10 kolle of 2 kolomme van die teiken).

d) Let wel dat met die penalisering onder items a) tot c) hierbo, mag 'n skoot nie minder as nul tel nie. Byvoorbeeld as die laagste skoot se waarde 1 is en die 2 punte penalisasie word toegepas, is die nuwe waarde van die skoot 0 en nie -1 nie en netso as die laagste skoot se waarde 0 is en die 2 punte penalisasie word toegepas, is die nuwe waarde van die skoot 0.

7.13.8 Kruisvuur

Kruisvuur vind plaas wanneer een deelnemer 'n skoot op 'n ander deelnemer se teiken skiet.
'n Deelnemer wat doelbewus en aanhoudend op die ander deelnemer se teiken skiet, kan gediskwalifiseer word.
Indien die deelnemer 'n proefskoot op 'n ander deelnemer se proefteiken skiet, word hy nie gepenaliseer nie.
Indien 'n proefskoot op die telteiken van 'n ander deelnemer geskiet word, word hy met twee (2) punte gepenaliseer.
Indien 'n deelnemer 'n telskoot op 'n ander deelnemer se teiken skiet, word dit as 'n misskoot getel.
Indien 'n deelnemer 'n kruisvuur op sy teiken ontvang en dit onmoontlik is om te bepaal watter skoot syne is, ontvang hy die hoër punte.

7.13.9 Misvuur

Indien 'n skoot geskiet word en die koeëltjie nie die loop verlaat nie, moet die deelnemer die Baanoffisier onmiddellik in kennis stel.
Die Baanoffisier sal die deelnemer help om die "koeëltjie" uit die loop te verwyder.
So 'n skoot sal nie as 'n telskoot gereken word nie en die deelnemer mag die skoot oorskiet.
As 'n tweede skoot weier, mag die geweer nie weer gebruik word, voordat dit herstel is en deur 'n baanoffisier veilig verklaar is nie.

7.13.10 Geskil-skote

Indien 'n deelnemer 'n skoot op sy teiken ontken, moet die Baanoffisier dadelik verwittig word.
Indien die Baanoffisier sonder twyfel bevestig dat die deelnemer nie die skoot gevuur het nie, sal die skoot buite rekening gelaat word vir die skut se telling.

Indien die Baanoffisier nie kan bepaal wie die skoot gevuur het nie, sal die skoot vir die skut bereken word.

7.14 ONDERBREKINGS IN SKIET

Indien 'n deelnemer tydens 'n kompetisie onderbreek word, 'n wanfunksie moet herstel of moet ophou skiet tydens 'n kompetisie en dit is nie deur sy eie toedoen nie, kan hy vra vir ekstra tyd en proefskote.

Dit is die verantwoordelikheid van die deelnemer om self met ‘n behoorlik gevulde gassilinder by die vuurlyn op te daag.
Geen ekstra tyd of proefskoot word toegelaat, sodat ‘n deelnemer ‘n gassilinder kan omruil of volmaak nie.

7.14.1 Ekstra tyd verlang

Indien die onderbreking nie die skut se fout is nie, kan hy ekstra tyd kry gelykstaande aan die tyd wat verlore gegaan het. ‘n Maksimum van vyftien (15) minute word toegelaat om ‘n weiering van die geweer te herstel. As die onderbreking plaasvind a.g.v. ‘n toelaatbare weiering/storing by ‘n geweer, kry die deelnemer ekstra tyd gelykstaande aan die tyd wat die onderbreking geduur het, of vyftien (15) minute. Indien ekstra tyd langer as vyf minute duur, kan die Baanoffisier aanbeveel dat die onderbroke skietoefening later moet plaasvind, om sodoende ontwrigting van die kompetisie te verhoed. In hierdie geval sal die deelnemer vyf (5) minute voorbereidingstyd kry. Indien deelnemers geregtig is op ekstra proefskote, word daar nie meer as vyf (5) minute hiervoor toegelaat nie.

7.14.2 Ekstra proefskote verlang

Indien ‘n onderbreking langer as vyf (5) minute duur of ‘n deelnemer word na ‘n ander teiken geskuif, word ‘n onbeperkte getal proefskote toegelaat. Ekstra proefskote sal in dieselfde posisie as waarin die deelnemer besig was gegee word.

7.14.3 Onderbrekings op totale baan

Indien skiet op die hele baan of deel van die baan onderbreek word, moet alle deelnemers ekstra tyd kry, wanneer die vuur hervat word.
Indien skiet vir meer as vyf (5) minute onderbreek word, moet alle deelnemers ekstra proefskote kry.

7.14.4 Teikens wat loskom

As `n teiken loskom moet dit hanteer word deur 7.14.1 toe te pas. Sorg moet gedra word dat ander deelnemers nie benadeel word nie.

7.15 WEIERINGS

As daar ‘n toelaatbare weiering op ‘n deelnemer se geweer is, of as ‘n geweer nie veilig afgevuur kan word nie, mag hy dit met toestemming van die Baanoffisier laat herstel of vervang. Enige deelnemer wat ‘n weiering het, moet die Baanoffisier daarvan in kennis stel. Die Baanoffisier sal aanwysings gee, wat deur die deelnemer gevolg moet word. Deelnemers moet by die Baanoffisier toestemming kry om die baan te verlaat of om hulle toerusting van die vuurlyn te verwyder gedurende die kompetisie.
Die Baanoffisier se toestemming moet ook verkry word om terug te keer na die vuurlyn of om toerusting op die vuurlyn te vervang tydens die kompetisie. Gewere of toerusting wat herstel, verstel of herlaai moet word, moet van die vuurlyn verwyder word, sodat ander deelnemers, toeskouers en beamptes nie gesteur word of in gevaar gestel word nie. Indien ‘n deelnemer die Baanoffisier nie vooraf in kennis stel van herstelwerk aan ‘n funksie-fout/weiering nie, sal geen ekstra tyd of proefskote toegelaat word nie. Ekstra proefskote sal in dieselfde posisie as waarin die deelnemer besig was gegee word.

7.15.1 Toelaatbare/nie toelaatbare weierings

‘n Toelaatbare fout is ‘n fout wat voorkom omdat die geweer nie reg funksioneer nie.
‘n Nie-toelaatbare fout is ‘n fout wat deur die deelnemer self gemaak is.
As dit ’n toelaatbare funksiefout is en dit langer as een (1) minuut duur om te herstel, mag ekstra tyd toegelaat word (maksimum 15 minute).

As ‘n toelaatbare funksiefout meer as vyf (5) minute duur om te herstel, kry die deelnemer onbeperkte ekstra proefskote wanneer hy weer begin vuur.
As ‘n lug- of CO_2 silinder vervang moet word omdat dit nie behoorlik gevul was voor die kompetisie nie, word dit as nie-toelaatbare fout gereken.
Indien moontlik moet ekstra tyd aan die einde van die afdeling waarin die fout voorgekom het, gegee word. Indien bogenoemde nie moontlik is nie, moet die kompetisie-organiseerder ‘n tyd vasstel om dié skietoefening te voltooi. Hierdie deelnemer kry vyf (5) minute tyd vir proefskote plus die tyd wat toegelaat word om die skietoefening te voltooi.

7.15.2 Ongeoorloofde laai van ‘n geweer

Indien ‘n deelnemer ‘n koeëltjie agterstevoor laai of ‘n pneumatiese luggeweer nie behoorlik laai nie, tel alle skote wat gevuur word en ‘n funksie-fout word nie toegelaat nie. Indien twee of meer skote gelyk afgaan moet die Baanoffisier in kennis gestel word, voordat die volgende skoot geskiet word. Indien die Baanoffisier nie in kennis gestel word nie, tel alle skote op die teiken. As die baanoffisier/Jurie kan bepaal dat die twee skote op die teiken wel as gevolg van die laai van twee patrone tergelykertyd is (beide is gewoonlik laag) sal die skoot met die hoogste waarde tel en die ander sal gekanselleer word. Die baanoffisier moet dit so op die teiken aantoon sodra dit afgehaal word. Sou dit nie moontlik wees om dit te bepaal nie sal beide skote tel. Sou dit gebeur terwyl die skut met proewe besig is en die skote is op die telkaart moet die skut die baanoffisier onmiddelik in kennis stel voordat met telskote begin word. Die baanoffisier moet dit dan so op die teiken aantoon. Indien ‘n deelnemer vermoed dat hy twee koeëltjies gelaai het, of vergeet het om ‘n koeëltjie te laai, moet hy toestemming van die Baanoffisier kry om die geweer veilig te ontlaai. Dit mag slegs in die teenwoordigheid van die Baanoffisier gedoen word.
Daar word geen ekstra tyd hiervoor toegelaat nie. As ‘n koeëltjie in die loop agterbly na ‘n skoot, moet die Baanoffisier toesig hou wanneer die koeëltjie verwyder word. Die deelnemer word toegelaat om die skoot te herhaal. As ‘n koeëltjie na ‘n tweede skoot in die geweerloop agterbly, moet die Baanoffisier in kennis gestel word. Die geweer word dan ongeskik vir gebruik verklaar en van die vuurpunt verwyder vir inspeksie en vir bevredigende herstel, voordat dit weer in ’n kompetisie gebruik mag word. Die deelnemer kry ‘n ander geweer en word toegelaat om die skietoefening sonder straf te voltooi.

7.15.3 Skote geskiet met lae gasdruk

Enige skoot geskiet met te lae gasdruk omdat die deelnemer in gebreke gebly het om sy gassilinder te vul sal as `n telskoot gereken word.

7.15.4 Vervang van silinders

Indien ‘n lug- of CO_2 silinder gedurende die kompetisie vervang moet word a.g.v. nalatigheid van die deelnemer, sal geen ekstra tyd toegelaat word nie.
Deelnemers mag nie die silinders vervang, voordat die Baanoffisier hulle wapens veilig verklaar het nie. Daarna moet hulle die geweer van die vuurlyn verwyder om die silinder te vervang.
Die vervanging en hervulling van silinders mag slegs op ‘n spesiale, veilige area wat deur die Kompetisie-Organiseerder aangewys is, gedoen word.
Dit is om te verseker dat hierdie prosedure nie die ander deelnemers, baanbeamptes en toeskouers steur of in gevaar stel nie.

7.15.5 Herstel van ‘n geweer en toelating om dit weer te gebruik in die kompetisie

Indien ‘n geweer van die vuurpunt verwyder word vir herstelwerk, moet die Hoof Baanbeampte ‘n aantekening maak van die skut en geweer se gegewens en deurgee aan die Kompetisie-Direkteur.
Voordat die herstelde geweer weer in die kompetisie gebruik mag word, moet die geweer eers onderwerp word aan ‘n wapeninspeksie deur die Kompetisie-Direkteur of Tegniese Beampte.

7.16 LAAT OPDAAG.

Indien ‘n deelnemer laat opdaag vir ‘n aflos waarin die deelnemer geskeduleer was om te skiet, mag die deelnemer op ‘n paslike plek, met die toestemming van die Kompetisie-Direkteur, by die program inval en begin skiet, maar geen ekstra tyd sal toegelaat word nie en verbeurde afdelings sal prysgegee word.
Indien die deelnemer kan motiveer dat die vertraging as gevolg van omstandighede buite sy beheer was, mag die deelnemer in ‘n later aflos geskeduleer word, mits dit nie die wedstryd program nadelig beïnvloed nie.

7.17 TOESKOUERS EN DIE MEDIA

Kompetisie-borge moet die bywoning van toeskouers en die media by hulle kompetisies aanmoedig en bevorder. Toeskouers moet agter die vuurlyn bly en mag nie met deelnemers kommunikeer nie, behalwe wanneer die Baanoffisier aan ‘n deelnemer toestemming gee om met iemand agter die vuurlyn te praat.

Toeskouers en die media moet met ‘n normale stemtoon praat, maar moenie so hard praat dat hulle deelnemers steur nie.
Toeskouer- en media-fotograwe mag nie kameras wat flits of terugflits gebruik gedurende kompetisies

nie. Alle selfone en ander kommunikasietoestelle moet afgeskakel wees.

7.18 STRAWWE VIR OORTREDING VAN REËLS

Indien ‘n reël of ‘n opdrag wat deur ‘n Baanoffisier of die Jurie gegee is, verontagsaam word, kan die Hoof-Baanoffisier of Jurie straf toepas.
Dit kan ‘n waarskuwing, aftrek van punte of diskwalifikasie uit die kompetisie wees.
Die besluit om ‘n deelnemer te diskwalifiseer moet deur ten minste twee kompetisie-beamptes geneem word.

7.18.1 Openlike oortredings

In geval van openlike verontagsaming van die reëls (geweer, klerasie, posisie, ens.)
moet die Baanoffisier eers ‘n waarskuwing gee, sodat die deelnemer sy fout kan herstel.
Indien moontlik moet die waarskuwing gedurende voorbereidingstyd of proefskote gegee word.
Die deelnemer moet die fout regstel of die toerusting vervang, voordat hy voortgaan met die kompetisie.
Daar sal geen ekstra tyd of ekstra proefskote toegelaat word nie.
Indien die deelnemer voortgaan sonder om die fout reg te stel, moet twee (2) punte van sy telling afgetrek word.
As die deelnemer hierna nog nie die fout regstel nie, moet hy gediskwalifiseer word.
Openlike oortredings wat aan die lig kom, nadat die deelnemer klaar geskiet het, mag nie gestraf word nie, maar die deelnemer moet in kennis gestel word sodat dié fout reggestel kan word.

7.18.2 Verborge oortredings

In die geval van ‘n doelbewus verborge oortredings van die reëls, moet die deelnemer onmiddelik gediskwalifiseer word.
Verborge oortredings sluit die onregmatige verandering van toerusting, nadat dit deur ‘n toerusting inspeksie of Baanoffisier nagegaan is, of veranderings tydens die kompetisie.
Deelnemers kan gediskwalifiseer word vir verborge oortredings wat nadat hy klaar geskiet het, aan die lig kom.

7.18.3 Veiligheidsoortredings

In die geval van ‘n ernstige, doelbewuste of gevaarlike hantering van ‘n geweer waardeur die veiligheid van ander persone in gedrang kom, mag die deelnemer onmiddellik gediskwalifiseer word.

7.18.4 Afrigting oortredings

In die geval van ongemagtigde afrigting, oortredings terwyl die deelnemer op die vuurlyn is, moet die afrigter en die deelnemer ‘n eerste waarskuwing ontvang.
Na die tweede oortreding, moet twee (2) punte van die deelnemer se telling afgetrek word en die afrigter moet die area van die vuurlyn verlaat.

7.18.5 Onsportiewe Optrede

Onsportiewe optrede sluit in: oneerlikheid, verontagsaming van opdragte van baanbeamptes, steur van ander deelnemers, doelbewuste mors van tyd, verandering van teikens, vervalsing van telling/uitslae, doelbewuste beskadiging van baantoerusting, oproerige gedrag, onvanpaste dreigemente en/of beledigende gedrag of taal en die misbruik van toerusting soos die neergooi van geweer.
Indien onsportiewe optrede voorkom, kan die Kompetisie-Direkteur of die Jurie strawwe, soos waarskuwings gee, aftrekking van punte of diskwalifikasie toepas, afhangende van die aard en die erns van die oortreding.
Enige afrigter of toeskouer wat onsportief optree kan beveel word om die area van die vuurlyn te verlaat.

8 EVALUERING VAN TEIKENS

8.1 WAARDE VAN SKOTE

Die telling wat aan die skoot toegeken word is die hoogste waarde van die telring waaraan die koeëlgaatjie raak.

8.1.1 Misskote

Indien nie een van die telringe raakgeskiet word nie, word dit as ‘n misskoot gereken.

8.1.2 Ongewone skote

Ongewone skote moet deur die baanoffisier uitgewys word. Hierdie skote word geëvalueer volgens die reëls vir ongewone skote.

8.2 PAPIERTEIKEN EVALUERING

Papierteikens moet deur die tellinghouer persoonlik met die elektroniese telmasjien bereken word.
Indien twee tellinghouers van mekaar verskil, moet die hulp van ‘n derde tellinghouer of tellingtoesighouer/Statistieke-beampte ingeroep word.
Die waarde van elke skoot en die feit dat die skoot gemeet was, moet op die teiken aangeteken word.
Die teiken dien as die amptelike telkaart.

8.2.1 Die gebruik van ‘n tellingmeter (PROP)

Indien die waarde van ‘n skoot nie bepaal kan word nie en albei tellinghouers instem, moet die waarde van die skoot d.m.v. ‘n tellingmeter (prop) bepaal word.
Die tellingmeter mag net een keer gebruik word om die waarde van dié skoot te bepaal.
Die tellinghouer moet noukeurig bepaal presies waar die buitekant van die rand van die meter aan die tellingring raak.
Skote wat gemeet is, moet met ‘n plus-teken (+) gemerk word vir ‘n hoër waarde en ‘n minus-teken (-) vir ‘n laer waarde.
Albei tellinghouers moet die skoot merk en daarby teken.
Indien ‘n derde persoon se mening gevra word, moet hy ook die skoot merk en daarby teken.
Die beslissing van die tellinghouers op die waarde van die gemete skoot is finaal. Daar mag geen beswaar aangeteken word teen ‘n skoot wat gemeet is nie.

8.2.2 Die Gebruik van ‘n uitwaartse tellingring

Die uitwaartse puntemeter het ‘n deursnee van 5.45mm – 5.50mm en word gebruik om skote in tellingringe 3 – 10 te evalueer.
Indien die buiterand van die skoot die wit tellingring breek, word die laer waarde aan die skoot toegeken.
Indien die buiterand van die skoot aan die wit tellingring raak of binnekant die buitenste rand van die wit tellingring lê, moet die hoër waarde aan die skoot toegeken word.



Skets A illustreer ‘n twyfelagtige skoot. Die uitwaartse puntemeter wys die buitekant van die skoot se rand

lê binne die 7 tellingring, daarom tel die skoot 9.

Skets B illustreer ‘n twyfelagtige skoot. Die uitwaartse puntemeter wys die buitekant van die skoot se rand lê oor die 7 sirkel en in die gebied van die 6 sirkel, daarom tel die skoot 8.

8.2.3 Die gebruik van die inwaartse tellingring

Die inwaartse puntemeter het ‘n deursnee van 4.50mm – 4.55mm en moet gebruik word by tellingringe 1 en 2 asook voltelskote (10^e) te evalueer.
Die hoogste waarde waaraan die inwaartse tellingmeter raak, word aan die skoot toegeken.
Wannneer die inwaartse tellingmeter gebruik word en jy ‘n dowwe swart spasie tussen die rand van die meter en die tellingring kan sien, word die laer waarde van die skoot toegeken.
As jy nie ‘n spasie kan sien nie en die buitekant raak aan of gaan oor die sirkel, word die hoër waarde aan die skoot toegeken.

8.2.4 Evaluering van voltelskote (10^e)

‘n Voltelskoot (10^e) is ‘n skoot waar die 10-ring heeltemal deur ‘n skoot vernietig word. Twyfel oor die evaluering van ‘n voltelskoot (10^e) moet met behulp van die inwaartse tellingmeter bepaal word.
Voltelskote (10^e) word net vir gelykopuitslae, wat nie deur ander reëls vir gelykop-uitslae opgelos kan word nie, gebruik.

8.2.5 Evaluering van geskeurde gaatjies

As die buitekant van die skietgaatjie geskeur is, moet die skoot ge-evalueer word op die plek waar die koeël die teiken werklik getref het.
Vir ‘n skietgaatjie wat so erg geskeur is dat ‘n tellingmeter nie gebruik kan word nie, moet ‘n maatplaat of masker gebruik word.

8.3 ELEKTRONIESE TEIKENS

8.3.1 Elektroniese teikentellings

Elektroniese teikentellings is finaal. Daar mag slegs besware aangeteken word volgens die bepaalde reëls.

8.3.2 Elektroniese teikentellingbesware

Indien elektroniese teikens gebruik word en die deelnemer glo dat ‘n skoot nie geregistreer het nie, of dat ‘n skoot of reeks skote verkeerd bereken is, moet beswaar onmiddelik by die Baanoffisier aangeteken word.
Beswaar moet aangeteken word, voordat ‘n volgende skoot geskiet word of binne drie (3) minute na die laaste skoot, behalwe waar daar teen die akkuraatheid van die teiken beswaar gemaak word.
Die Baanoffisier sal toesig hou oor die vuur van addisionele skote of die deelnemer na ‘n ander vuurpunt verskuif. Alle bevindings, besluite of verslae oor die voorval moet skriftelik aangeteken word.
Die deelnemer word nie gepenaliseer vir ekstra skote toegelaat nie.
Die deelnemer mag gepenaliseer word vir ekstra skote wat nie toegelaat is nie.
Nadat die skietsessie voltooi is, sal die Baanoffisier en Jurie beluit of die skote waarteen beswaar gemaak is, korrek bereken is en of dit ge-evalueer en getel moet word.
Indien die besware teen die waarde van die skote nie bekragtig of gehandhaaf word nie, word die deelnemer met twee (2) punte gepenaliseer.
Besluite deur die Baanoffisier en Jurie is finaal en appėl mag nie aangeteken word nie.

8.4 VISUELE BEELD ELEKTRONIESE MERK STELSELS (VBS)

8.4.1 Definisie:

'n Visuele beeldstelsel(VBS) is 'n stelsel wat gebruik maak van rekenaar visuele tegnieke (skandering, digitalisering, ens.) om teikens te evalueer. Die stelsel moet van ‘n kwantifiseerbare meetstelsel gebruik maak om die akkuraatheid van elke skoot te bepaal.

8.4.2 Goedgekeurde stelsels

Die In Die Kol merkstelsel is deur SANSSU goedgekeur as VBS stelsel vir kompetisies.

8.4.3 Tellingringe op'n VBS teiken.

Tellingringe gedruk op papierteikens wat gebruik word in die VBS stelsel is vir die skut se verwysing alleen. Hulle kan nie gebruik word om die waarde van 'n skoot te bepaal of oor te merk met `n ander stelsel as die VBS stelsel nie. Nota: Dit is omdat die VBS en handstelsels nie dieselfde metode gebruik om die waarde van die skoot te bepaal nie. Die VBS bereken die afstand van die middel van die teiken na die middel van die koeëlgat terwyl die handstelsel die kant van die koeëlgat met die kant van die telring vergelyk.

8.4.4 Visuele Beeld Elektroniese Tellings

Tellings wat bepaal word deur die VBS stelsel is finaal tensy daar in ooreenstemming met Reëls 9 en 8.2.8.4 beswaar aangeteken word. Wanneer 'n VBS stelsel gebruik word mag die Merkers net voor die handliggende telfoute, soos versuim om 'n skoot op te spoor, verskeie skote op 'n kol, geskeurde papier ens. regstel.

8.4.5 Beswaar Teen VBS Tellings

Beswaar kan teen die telling van 'n individuele skoot op `n 20 kol teiken gemaak word indien die deelnemer van mening is dat die VBS stelsel die skoot verkeerd getel het.
Wanneer 'n beswaar ingedien word in ooreenstemming met reël 9 sal die merkers die spesifieke skoot evalueer deur die oorspronklike skandering op te roep om te bepaal of die stelsel 'n redelike bepaling van die posisie van die koeëlgat gemaak het. 'n Ooglopende fout is waar die koeëlgat nie ooreenstem met die aangeduide telskoot op die VBS stelsel nie (Sien diagram). As daar 'n ooglopende fout is moet die merkers dit regstel sonder dat daar verlang word dat die deelnemer 'n amptelike beswaar aanteken.
As `n deelnemer wil beswaar maak teen die telling van `n kaart waar die merkers geen voor die handliggende foute kon waarneem nie, moet die deelnemer `n beswaarfooi, soos deur die organiseerders bepaal, betaal. Die merkers sal dan die teiken hermerk deur van die VBS se " Vergrotingssisteem" gebruik te maak. As die beswaar gehandhaaf word sal die telling aangepas en moet die deelnemer sy beswaarfooi terugkry. Teikens wat oorgemerk is met die VBS stelsel se " Vergrotingsisteem" se telling is finaal en daar kan nie daarteen geappelleer word nie.



In sommige gevalle kan geskeurde of oneweredige koeëlgate veroorsaak dat die VBS stelsel die posisie van die koeëlgat verkeerd bereken. Die diagram dui 'n koeëlgat wat korrek geplaas en getel is en 'n koeëlgat met 'n ooglopende fout. As 'n beginsel, indien die VBS telring meer as 0.2 mm verplaas is van die werklike posisie van die koeëlgat, kan die merker bepaal dat daar 'n ooglopende fout is en 'n regstelling aanbring.

8.5 BESLISSING VAN GELYKOP-UITSLAE

Gelykop-uitslae vir al die posisies in individuele- en span items moet beslis word.
Gelykop-uitslae moet as volg beslis word:

8.5.1 Individuele 3P-items

Gedurende ‘n finaal moet alle gelykop-uitslae tussen die boonste agt deelnemers beslis word deur addisionele skote, totdat iemand uitval.
Ander (alle) gelykop-uitslae word beslis ten gunste van die deelnemer wat die hoogste telling in die laaste 10-skoot reeks van die tweede 3P gehad het (d.w.s die knielposisie), dan die hoogste telling van die voorafgaande 10 skote, ens.
As ‘n gelykop-uitslag nie opgeklaar kan word nie, word die uitslag ten gunste van die deelnemer met die meeste tiene, neges, agts, ens. in al drie posisies beslis.

As daar dan nog ‘n gelykop-uitslag is, moet toekennings met gelykwaardige waarde aan albei deelnemers gegee word.

8.5.2 Individuele, een posisie items.

Beslissings word gemaak volgens:

1. Die hoogste tellings gevuur in die laaste 10-skoot reeks, dan die voorafgaande 10-skote, ens.
2. Die hoogste getal tiens, neges, agts, ens.
3. Die hoogste getal voltelskote.
4. As daar dan nog ‘n gelykop-uitslag is, behoort duplikaat toekennings/gelykwaardige toekennings gegee te word.

8.5.3 Individuele groottotale

As daar ‘n finaal of ‘n laaste finaal is, word die prosedure vir die finale gelykop-uitslae soos uiteengesit in Reël 8.5.1 gevolg.

As daar nie ‘n finaal is nie, word ‘n gelykop-uitslag beslis deur die laaste 3P-telling, dan die voorlaaste 3P-telling, ens. Daarna word die toepassing van die reëls vir Gelykop-uitslae in individuele items gebruik.
As daar dan nog ‘n gelykop-uitslag is, behoort duplikaat toekennings/gelykwaardige toekennings gegee te word.

8.5.4 Span-items

Gelykop-uitslae word bepaal deur die totaal van die deelnemers van die betrokke spanne en daarna die toepassing van die reëls vir gelykop-uitslae in individuele items.
As daar dan nog ‘n gelykop-uitslag is, behoort toekennings met gelykwaardige waarde gegee te word.
‘n Finaal word nie gebruik om gelykop-uitslae by spanne te beslis nie.
Nota: Dit beteken dat die eerste stap om ‘n gelykop-uitslag vir spanne in die drie posisie (3P) items te beslis, is om die totaal van al die tellings in die laaste 10-skoot Knielposisie te bereken en dan te vergelyk.

8.5.5 Onopgeloste gelykop-uitslae

Spanne en individue met gelykop-uitslae moet in alfabetiese volgorde gelykwaardig gerangskik word, bv.

Centurion	1=
Eldoraigne	1=
Garsfontein	3=
Wagpos	3=

Duplikaattoekennings of pryse met gelykwaardige waarde word gewoonlik aan deelnemers of spanne gegee in die geval van ‘n onbesliste gelykop-uitslag.
Indien die toekennings medaljes is, moet ‘n duplikaat medalje of stel medaljes vir elke span gegee word.
Alle individue of spanne wat by ‘n gelykop-uitslag betrokke is, kry medaljes vir die bepaalde posisie behaal, bv.

Centurion	1= goue medaljes
Eldoraigne	1= goue medaljes
Garsfontein	3= brons medaljes
Wagpos	3= brons medaljes

(Geen silwer medaljes word toegeken nie, omdat daar nie ‘n tweede plek was nie)
Indien pryse vir gelykop-uitslae geld of geskenkbewyse is, moet die waarde van die pryse eweredig tussen die spanne of individue verdeel word.
Indien die pryse goedere is, kan dit deur middel van loting verdeel word.

8.6 LYS VAN RESULTATE

Teikens moet so gou as moontlik nadat hulle geskiet is, ge-evalueer word.
Nadat teikens ge-evalueer is moet die resultate op die amptelike tellingbord aangebring word, sodat spanafrigters en deelnemers dit kan sien, voordat die tyd waarin beswaar gemaak kan word, in aanvang kan neem. (reël 9.1)
Nadat besware en gelykop-uitslae beslis is, moet die Statistieke-beampte die amptelike lys van resultate of finale uitslag verskaf.
Die lys met amptelike resultate moet al die individuele en span-deelnemers se name in die volgorde waarin hulle geplaas is, weergee.
Afskrifte van die volledige uitslae moet aan al die spanne en individuele deelnemers gegee word.

9 BESWARE EN APPÈLLE

9.1 BESWARE TEEN FOUTIEWE TELLINGS OF PUNTE

Nadat tellings/punte op die amptelike telbord aangebring is, moet daar ‘n vasgestelde tydperk wees waarin besware gemaak kan word. Die presiese tyd wanneer die uitslae op die bord geplaas word moet skriftelik deur die beampte wat dit op die bord plaas aangebring word.
By die gebruik van elektroniese teikens, verstryk die tydperk twintig (20) minute nadat punte / tellings op die bord verskyn het.
Indien papierteikens gebruik word, moet deelnemers en afrigters geleentheid gegee word om hulle teikens te sien, sodat hulle beswaar kan aanteken indien hulle wil.
Slegs die deelnemer en sy Spanafrigter mag die deelnemer se teiken besigtig.
Die deelnemers moet voldoende tyd kry om hulle teikens te ondersoek, nie minder as twintig (20) minute nie, maar gewoonlik ook nie langer as sestig (60) minute nie.
Indien daar meer as een aflos in ‘n kompetisie of byeenkoms is, kan punte na elke aflos beskikbaar gestel word.
Die verstryking van tyd waarin besware gemaak kan word, moet op die puntelys aangedui word.
Slegs deelnemer en sy Spanafrigter kan gedurende dié tydperk besware aanteken.
Enige besware teen puntetoekenning moet in hierdie genoemde tydperk gemaak word.
Puntetoekennings word aan die einde van hierdie tydperk as finaal beskou.

9.1.1 Wie mag beswaar aanteken?

Deelnemers moet self hul besware indien en slegs vir hul eie teikens.
Vir spesiale gevalle waar die deelnemer nie self die beswaar kan indien nie, mag die Statistieke-Beampte die Spanafrigter toelaat om besware in te dien.

9.1.2 Waarde van skote wat gemeet is, mag nie betwis word nie.

Besware mag slegs aangeteken word by skote wat nie gemeet was nie.
Waarde van skote wat gemeet is kan slegs betwis word indien daar ‘n opskryf, tabellering of ander voor die handliggende fout voorkom.

9.1.3 Besware teen skote in die finaal

Besware teen die waarde van ‘n skoot in die finaal moet gemaak word, voordat die volgende skoot geskiet word of sodra die puntetoekenning bekend gemaak is.

9.1.4 Besware teen opponent (ander spanne/individue)

Deelnemers en spanbeamptes mag nie beswaar aanteken teen puntetoekenning vir ander deelnemers of spanne nie, tensy daar ‘n oordragfout, skryffout of ander voor die handliggende fout voorkom.

9.1.5 Gelde betaalbaar

Die Kompetisie-Direkteur mag besluit oor enige gelde wat betaalbaar mag wees wanneer besware gemaak word. Indien die beswaar suksesvol is, is die gelde terugbetaalbaar.

9.2 BESWARE TEEN VOORWAARDES VAN KOMPETISIE

Enige deelnemer kan beswaar maak teen ‘n voorwaarde van die kompetisie.
Die beswaar kan mondelings of skriftelik by enige kompetisie-beampte ingedien word.
Die kompetisie-beampte wat die beswaar ontvang mag ‘n besluit daaroor neem.
Indien die beswaar van die hand gewys word, kan ‘n deelnemer of spanbeampte ‘n mondelingse of skriftelike beswaar aan die Jurie rig.
Indien die kompetisie-beampte wat oor die beswaar besluit het op die Jurie dien, moet ‘n ander persoon sy plek op die Jurie inneem wanneer daar oor die beswaar besluit word.
Die besluit van die meerderheid van die Jurie-lede is finaal, behalwe as die Jurie dit na die Nasionale Jurie vir appèl verwys.

9.2.1 Gelde betaalbaar vir besware

Die Kompetisie-Direkteur mag bepaal of daar enige gelde betaalbaar sal wees indien ‘n beswaar ingedien sou word.
Indien ‘n fooi vereis word, moet dit met die indien van die beswaar betaal word.
Indien die beswaar suksesvol is, is die gelde terugbetaalbaar. Indien die beswaar onsuksesvol is, is die gelde nie terugbetaalbaar nie.

9.2.2 Kompetisie besware

Enige deelnemer of spanbeampte kan beswaar maak teen onreëlmatighede in die voorwaardes van of uitvoering van ‘n kompetisie, asook teen die verbreking van reëls deur ander deelnemers of kompetisie-beamptes.
Die beswaar moet binne dertig (30) minute nadat die voorval plaasgevind het, ingedien word.
Geskrewe besware moet die volgende inligting bevat:

- Naam van persoon wat beswaar aanteken.
- Datum en tyd wanneer die beswaar ingedien is.
- Beskrywing van die voorval, voorwaarde of besluit waarteen beswaar aangeteken word.
- Die bepaalde reël of reëls wat volgens die persoon wat beswaar aanteken, oortree is.

Die besluit deur die Kompetisie-Direkteur of Jurie oor die beswaar moet skriftelik genoteer word.
Die persoon wat die beswaar ingedien het moet oor die bevinding ingelig word.

9.2.3 Verwysing van besware na die Nasionale Jurie/Raad

Selfs as daar nie appèl teen die beswaar aangeteken word nie moet verslae en afskrifte van die besware aan die Nasionale Jurie vir appèl gestuur word, sodat die reëls wat by die beswaar ter sprake was moontlik in heroorweging geneem word.

9.3 APPÈL TEEN BESLUITE OOR BESWARE

Indien die Jurie nie ‘n beswaar, geskil of vraag kan oplos nie mag appèl gerig word aan die Jurieraad (reël 1.7)
Die beswaar of vraag mag, binne 72 uur na afloop van die kompetisie, per faks of e-pos ingedien word en telefonies of per sms bevestig word. Enige besluit deur die Jurieraad is finaal.

10 FINALE

By al die groter skietbyeenkomste soos die Olimpiese Spele, Wêreldkampioenskappe, Wêreldbekerbyeenkomste en Nasionale Kampioenskappe word daar vir ‘n finale rondte voorsiening

gemaak.
By 3P (Drie-posisie) byeenkomste is ‘n finale rondte nie ‘n vereiste nie, maar dit word aanbeveel.
Indien die finale op die kompetisieprogram aangedui word, word die 3P-punte slegs gebruik om die agt finaliste in die finaal te bepaal.
Die punte wat in die finaal behaal word, word gebruik om die kampioen skut te bepaal. Die eerste drie plekke behaal goud, silwer of brons.
Die finale rondte bestaan uit ***24*** skote in die staan-posisie wat op ‘n uitvalmetode sal plaasvind.

10.1 FINALE RONDTE PROSEDURE

Die beste 8 deelnemers in die 2 x 3P + 1 x 10m (1600 punte) reeks (die kwalifiserende rondte) neem aan die finale rondte deel.
Indien papierteikens in die kwalifiserende rondte gebruik is, kan of elektroniese of papierteikens in die finale rondte gebruik word.
Indien elektroniese teikens in die kwalifiserende rondte gebruik is, moet elektroniese teikens ook in die finale rondte gebruik word.

10.1.1 Bepaling van aanvangsposisies vir die finale rondte.

Die beste agt deelnemers word volgens hulle punte in volgorde geplaas.
Alle gelykop uitslae tussen die beste agt deelnemers moet uitgeklaar word volgens die hoogste telling in die laaste 10-skoot reeks van die kwalifiserende rondte, dan die voorlaaste 10-skoot reeks, ens. (Reël 8.5.1)

10.1.2 Puntetelling van finale teikens.

Puntetelling vir die finaal kan d.m.v. elektroniese teikens, telmasjiene of handtoestelle wat elke telring in tiendes verdeel (1.1, 1.2 – 10.9) bereken word.
Indien die stelsel wat gebruik word nie voorsiening maak vir onmiddelike berekening nie mag die finaal nie aangebied word nie. Teikens kan nie ge-evalueer word wanneer die finaal amptelik verby is nie.
Om toeskouer belangstelling aan te moedig kan die finaliste se name, en die tellings soos die finaal vorder, op ‘n groot kennisgewingsbord aangebring word.

10.1.3 Uitvoering/ Aanbieding van finale rondtes, d.m.v. elektroniese teikens.

Indien elektroniese teikens in die finaal gebruik word moet prosedures soos beskryf in reël 10.2 - 10.4 gevolg word. Alle finale rondte skote moet bereken word in die tiendes van ‘n punt (d.w.s.10.3, 9.7, 10.8, ens.) waardes.

10.1.4 Uitvoering/ Aanbieding van finale rondtes d.m.v papierteikens en teikendraers.

Indien enkeldiagram teikens en teikendraers gebruik word, word prosedures soos in reëls 10.2 - 10.4 uiteengesit gevolg. Alle finale rondte skote moet bereken word in die tien-kring (d.w.s. 10.3, 9.7, 10.8, ens). Indien geskikte tellingmeettoestelle beskikbaar is. Andersins kan die skote volgens die totale volkring bereken word (d.w.s 10, 9, 8 ens).

10.1.5 Uitvoering/ Aanbieding van die finaal d.m.v. vaste papierteikens.

Indien vaste papierteikens gebruik word en teikendraers nie beskikbaar is nie, moet die prosedures beskryf in reëls 10.2 - 10.4 verander word, sodat alternatiewe prosedures vir punte-telling gevolg kan word.
Alle finale rondte skote moet in die tien-kring waardes bereken word (d.w.s 10.3, 9.7, 10.8 ens.), indien geskikte tellingmeters beskikbaar is. Andersins kan die skote volgens die totale volkring bereken word (d.w.s 10, 9, 8 ens.)
Indien dit veilig en gerieflik is kan teikens na elke skoot bereken word.
Indien dit gedoen word, mag finaliste nie hulle wapens hanteer terwyl die tellinghouer op die baan is nie.

10.2 VOORBEREIDING VIR FINAAL

Die aanvangstyd vir ‘n finaal is die tyd wanneer bevele vir die eerste skoot wat tel gegee word.
Die tyd wanneer ‘n finaal in aanvang neem moet vooraf aangekondig word.
Finaliste moet ten minste twintig (20) minute voor die begin van ‘n finaal met al hulle toerusting en gereed om te skiet, by die baanoffisier aanmeld. Sodoende sal hulle genoeg tyd hê vir die voorbereidings en proefskoot tydperke.

10.2.1 Aanwys van vuurpunte

Die Finaliste skiet almal gelyktydig op agt (8) aangrensende vuurpunte.
Die finalis met die hoogste totaal kry die eerste vuurpunt (links), die finalis met die tweede hoogste totaal kry die tweede vuurpunt, ens.

10.2.2 Teikens

Indien enkeldiagram teikens gebruik word kry deelnemers twee (2) proefteikens en tien (10) telteikens.
As vaste teikens gebruik word en punte-telling op die baan gedoen word, word twee (2) proefteikens aangebring en tien (10) telteikens vir telskote word vir elke skoot deur die tellinghouer gehang.
Andersins moet twee (2) proefteikens en tien (10) telteikens voor die aanvang van die voorbereidingstyd aangebring word.

10.2.3 Voorstel van deelnemers

Voor die voorbereidingstyd begin, word elke deelnemer aan die ander deelnemers en toeskouers voorgestel in die volgorde van hulle huidige baanplasings (volgens totale). Aankondiging begin met die deelnemer in die agtste plek.
Voorstellings behoort die deelnemer se huidige plasing, punte-totaal, naam, klub, skool, ens. in te sluit.

10.3 AANBIEDING VAN ‘N FINALE RONDTE

Die finale rondte moet op die aangekondigde tyd of so gou as moontlik daarna begin, maar nie voordat die tyd waarin beswaar teen punte-toekennings gemaak kan word, verby is nie.
Deelnemers moet genoeg tyd hê om voor die aanvang van ‘n finale rondte hulle gewere en toerusting op hulle vuurpunte te plaas en hulle voorbereiding vir die finaal te doen.

10.3.1 Bevele

’n Opsomming van die bevele is aangeheg in Aanhangsel “A”.

10.3.2 Afsluiting van die finaal

Alle deelnemers moet op die vuurlyn bly totdat die laaste skote ge-evalueer en aangekondig is.
Indien vaste teikens en waarnemers (“spotter”) gebruik word, moet die baanoffisier alle luggewere veilig verklaar en op die baanoppervlak laat neerlê, voordat teikens vir evaluering afgehaal kan word.
Die teikens moet amptelik ge-evalueer word om vas te stel of daar nie enige gelykop uitslae is nie.
Deelnemers mag die vuurlyn verlaat nadat die baanoffisier aangekondig het dat daar geen gelykop uitslae is nie.
Indien daar gelykop uitslae is, moet die deelnemers met gelykop uitslae op die vuurlyn agterbly.

Alle ander deelnemers moet onmiddelik terugtree van die vuurlyn af en hulle gewere en toerusting op die vuurlyn laat.

10.3.3 Verbreking van gelykop uitslae

Indien daar in die finaal na 8 skote, gelykop uitslae is, moet die gelykop uitslag gebreek word deur ‘n skoot-vir-skoot-uitskietrondte om die agste posisie te bepaal.
Die uitskietrondte moet onmiddellik en sonder enige addisionele proefskote gevuur word.
Die baanoffisier gebruik dieselfde bevele soos vir finale kompetisie-skote.
Indien die deelnemers nog gelyk is na die eerste uitskietskoot, moet die uitskietrondtes skoot-vir-skoot voortgaan, totdat die gelykop uitslag gebreek is.
Daarna word gelykop uitslae slegs vir die opeenvolgende laagste posisie na elke reeks skote (met die laagste tellings) beslis met ‘n skoot-vir-skoot-uitskietrondte.

10.4 SPESIALE PROSEDURES VIR DIE FINAAL

10.4.1 Verkorting van deelnemer se tyd

As die bevel **STOP** gegee is voordat die **50/150** sekondes onderskydelik verby is en ‘n deelnemer nog nie sy skoot**/skote** geskiet het nie, word die deelnemer weer ‘n **50/150** sekondes tydperk gegee om te skiet, met die bevel:

Die volgende bevele is vir die skut in posisie X alleenlik.
DIE BEVEL LAAI IS REEDS GEGEE - GEREED – wag **5** sekondes - **BEGIN**

Die ander finaliste moet wag totdat hierdie skoot voltooi is voordat hulle met die finaal mag voortgaan.

10.4.2 Funksiefoute (weierings) in die finaal

In die geval van ‘n toelaatbare funksiefout (weiering) (reël 7.15) mag die deelnemer die skoot voltooi indien hy sy geweer binne drie (3) minute kan herstel of vervang.
Sodra die funksiefout (weiering) herstel is, moet die baanoffisier ‘n nuwe reeks bevele gee met **toepaslike** tyd vir die deelnemer alleenlik.
Die ander finaliste moet wag totdat die deelnemer klaar geskiet het voordat hulle kan voortgaan.
Slegs twee (2) funksiefoute (weierings) word vir elke deelnemer in ‘n finaal of gelykop uitslag uitskietrondte toegelaat.

Enkelteiken funksiefout (weiering)
Indien ‘n elektroniese teiken nie reg funksioneer nie, word die deelnemer na ‘n ander teiken verskuif.
Hy word ‘n addisionele twee (2) minute tyd toegelaat vir proefskote voordat hy die skoot voltooi.
Die ander finaliste moet wag totdat hy die skoot voltooi het voordat die finaal voortgaan.

Funksiefoute (weierings) by al die teikens
Indien al die elektroniese teikens nie korrek funksioneer tydens die finaal nie en binne een (1) uur herstel kan word, moet die oorblywende rondtes voltooi word na ‘n vyf (5) minuut proefskoot-tydperk.
Indien die teikens nie binne een (1) uur herstel kan word nie, word die rondtes wat alreeds geskiet is, bymekaar getel en gebruik as die finale puntetelling.

10.4.3 Vroeë en laat skote

Enige skoot wat voor die **BEGIN** bevel en na die **STOP** bevel geskiet word, word as misskote gereken.

10.4.4 Besware

‘n Finalis wat die waarde van ‘n skoot in die finaal wil betwis, moet onmiddellik nadat die waarde van die skoot aangekondig of amptelik ge-evalueer of bereken is en voor die bevel vir die volgende skoot gegee word, beswaar aanteken.

Hy teken beswaar aan deur sy hand op te steek en te sê: **“BESWAAR”**

Die Tellinghouers of Jurie moet daarna dadelik die skoot hersien.
Indien die waarde van die skoot verander ontvang die finalis die nuwe waarde (punt) van die skoot.
Indien die kompetisiereëls dit vereis en die waarde (punt) van die skoot na herberekening dieselfde bly, moet die geld (fooi) betaalbaar vir besware aanteken, aan die einde van die kompetisie betaal word.
Besware teen skiettoestande in die finaal moet dadelik gemaak word, voordat die finale uitslae aangekondig word.

11 SANSSU REKORDS

SANSSU sal die volgende rekords erken:
SANSSU- en SANSSU-ouderdomsgroep rekords vir 3P-luggeweer items; vir spanne en individue in Presisie-, Sporterklasse en Veerklasse.
SANSSU- en SANSSU-ouderdomsgroeprekords vir die Staanposisie, wat alreeds op rekord is, vir spanne en individue.

SANSSU- en SANSSU-ouderdomsgroep rekords sal erken word vir die volgende items:

Sporter-luggeweer: 40 skote in Staanposisie, individueel en spanne van 4.

Sporter-luggeweer: 3P, 3 X 20 skote, individueel en spanne van 4
Veer-geweer: 40 skote in Staanposisie, individueel en spanne van 4
Veer-geweer: 3P, 3 X 20 skote, individueel en spanne van 4
Presisie-luggeweer: 3 P, 3 X 20 skote, individueel en spanne van 4
Presisie-luggeweer: 40 skote in Staanposisie, individueel en spanne van 4.

SANSSU- en SANSSU-ouderdomsgroep rekords mag net in SANSSU goedgekeurde en georganiseerde skietkompetisies erken word. Nadat die SANSSU rekordlys gepubliseer is, sal enige telling gelyk aan of beter as die huidige rekord erken word.
As twee of meer skuts of spanne die rekord verbeter in dieselfde byeenkoms en in dieselfde aflos sal net die hoogste telling in ag geneem word. As twee of meer SANSSU rekords in verskillende aflosse oortref word of as twee of meer skuts of spanne die rekord in verskillende byeenkomste op dieselfde dag oortref, sal die skiettye en die volgorde waarin die tellings aangeteken is, in ag geneem word om te bepaal of meer as een Nasionale rekord erken mag word.
As die volgorde van die potensiële rekordtellings in dieselfde byeenkoms of op dieselfde dag nie bepaal kan word nie, sal net die hoogste telling erken word.
Aansprake op erkenning van SANSSU rekords moet binne 28 dae vanaf die kompetisie deur die deelnemer, spanafrigter of kompetisie-organiseerder aan SANSSU ***Statistikus*** voorgelê word. Die teikens, as elektroniese teikens gebruik is, sowel as die oorspronklike telkaarte moet die skriftelike aanspraak vergesel.

AANHANGSEL A *: BAANBEVELE.*

DIE HOOF BAANOFFISIER GEE LEIDING BY DIE WEDSTRYD DEUR DIE VOLGENDE BEVELE EN PROSEDURE:

Die baanoffisier moet voor ’n kompetisie die baan gereed maak, en indien ’n deelnemer teikens wil opsit, daaroor toesig hou. Deelnemers mag nie toerusting op die vuurlyn plaas voordat die baanoffisier daarvoor toestemming verleen nie.
Die tye “Y” toegelaat vir elke dissipline is uiteengesit in 5.3.1.

Multi diagram teikens

Individuele 3P 3 x 20 skoot Tydsbeperking		
AFDELING	**POSISIE**	**TYD**
Voorbereiding, Proefskote en Telskote	Lê – Onbeperkte proewe 20 telskote	25 min
Voorbereiding, Proefskote en Telskote	Staan – Onbeperkte proewe 20 telskote	30 min
Voorbereiding, Proefskote enTelskote	Kniel – Onbeperkte proewe 20 telskote	25 min

Individuele 10m Staan 2 x 20 skoot Tydsbeperking (multi diagram)		
AFDELING	**POSISIE**	**TYD**
Voorbereiding, Proefskote en Telskote	Staan – Onbeperkte proewe 20 telskote	30 min
Proefskote en Telskote	Staan – Onbeperkte proewe 20 telskote	25 min

Bevel	**Aksie**
Aflossing X julle mag julle toerusting op die vuurlyn plaas. **NEEM JULLE POSISIES IN**	Sodra die skietbaan voorberei is en 5 minute voor die aanvang van die inskiet / wedstryd, roep die baanoffisier deelnemers na die vuurlyn. Deelnemers word tyd gegee om toerusting gereed te maak voordat die inskiet/ wedstryd begin. Maak seker dat elke deelnemer op die regte skietpunt is en dat alle wapens veilig is. Wapens mag hanteer word, maar die veiligheidskoord mag nie verwyder word nie.
GAAN VORENTOE EN SIT TEIKENS OP.	Deelnemers mag self hulle teikens opsit.
DIE BAAN IS NOU GESLUIT.	Sodra alle deelnemers hulle teikens opgesit het en agter die vuurlyn is, word die baan as gesluit verklaar. Op hierdie stadium moet die veiligheidskoord nog in die loop wees.
JOU *AGT*-MINUTE INSKIETTYD MET AFRIGTING BEGIN (sien let wel nota hieronder) ***Die Baanoffisier moet die deelnemers inlig as 30 sekondes oor is vir die inskiettyd met die bevel “30 SEKONDES”.*** na *8* minute kom die bevel – **STOP** **Let wel :** (afrigting slegs in die lê-posisie en slegs gedurende die eerste 3P) **Tydens proewe vir SANSSU span en SA’s geen afrigting tydens inskiettyd nie.**	Sodra die bevel **LAAI BEGIN** gegee is mag deelnemers hulle wapens hanteer, die veiligheidskoord verwyder en die wapen mag gelaai word. Die lê-posisie word ingeneem en daar word gereed gemaak vir die afrigtingstyd. Afrigter onttrek na die tyd verstreke is na die bevel **STOP** en hulpbaanoffisiere gaan maak seker dat geen telskote geskiet is nie.

LÊ (STAAN / KNIEL) 20 TELSKOTE, ONBEPERKTE PROEFSKOTE IN "Y" MINUTE .... LAAI - BEGIN	Na opsteltyd, afrigtingstyd of oorskakelingstyd verstreke is, kondig die baanoffisier die houding aan. Hierdie bevel gee toestemming aan deelnemers om voort te gaan met die vuur van onbeperkte proefskote en 20 telskote. Tyd begin met die bevel – **BEGIN**
Die helfte van die tyd word aangekondig.	Die baanoffisier moet aankondig dat die helfte van die tyd nog beskikbaar is vir die dissipline.
VYF MINUTE OOR.	Die baanoffisier moet aankondig dat slegs 5 minute nog beskikbaar is vir die dissipline.
TWEE MINUTE OOR.	Die baanoffisier moet aankondig dat slegs 2 minute nog beskikbaar is vir die dissipline.
	Sodra die skut klaar geskiet het, moet hy/sy die wapen sigbaar op die vuurpunt plaas met die die veiligheidskoord reeds in die loop.
STOP – ONTLAAI.	Sodra tyd verstreke is of alle deelnemers die dissipline voltooi het, volg die bevel: STOP ONTLAAI. Alle deelnemers moet dadelik stop, die wapen se aksie oopmaak en op aanvraag dit aan die baanoffisier toon vir veilig verklaring. Lope moet te alle tye in die rigting van die teiken wees. Indien daar nog 'n gelaaide wapen op die vuurlyn is, moet die deelnemer roep: **Gelaaide wapen**, die baanoffisier moet dan toepaslik die wapen ontlaai of veilig laat afvuur.
Skietbaan is veilig u mag vorentoe beweeg en teikens vervang.	Sodra alle wapens veilig verklaar is deur die baanoffisier, mag deelnemers voor die vuurlyn beweeg en mag teikens vervang word..
DIE BAAN IS GESLUIT. 5 MINUTE (presisie 10 minute) OORSKAKELINGSTYD BEGIN NOU	Sodra die skietbaan voor die vuurlyn ontruim is, die baanoffisier die skietbaan gesluit verklaar het en al die deelnemers weer agter die vuurlyn is, begin die oorskakelingstyd.
	Herhaal die prosedure vir elke houding
Deelnemers mag toerusting verwyder vanaf die vuurlyn	Wanneer die skut se aflos voltooi is en alle wapens veilig verklaar is, met aksies oop en veiligheidskoord in die loop, mag die toerusting verwyder word.

Enkeldiagram teikens (10m)

Bevel	**Aksie**
NEEM JULLE POSISIES IN	Sodra die skietbaan voorberei is, en 5 minute voor die aanvang van die wedstryd, roep die baanoffisier deelnemers na die vuurlyn. Deelnemers word tyd gegee om toerusting gereed te maak voordat die wedstryd begin. Maak seker dat elke deelnemer op die regte skietpunt is en dat alle wapens veilig is. Wapens mag hanteer word maar die veiligheidskoord mag nie verwyder word nie.
JOU TIEN-MINUTE (PRESISIE 15 MINUTE) VOORBEREIDINGSTYD EN INSKIET TYD .....BEGIN	Sodra die baan gesluit is, mag deelnemers hulle wapens hanteer, die veiligheidskoord verwyder en voortgaan met voorbereiding en die vuur van onbeperkte proefskote
30 SEKONDES	Dertig (30) sekondes voor die tyd verstreke is gee ’n waarskuwing.
STOP	Na 10 minute (Presisie 15 minute) kom die bevel **STOP**, wapens moet veilig gemaak word en wedstryd teikens voorberei word en direk daarna moet voortgegaan word met die wedstrydtyd.
STAAN, DAAR IS 50 MINUTE VIR 40 TELSKOTE, GEEN PROEFSKOTE ... LAAI - BEGIN	Na die voorbereiding en inskiet tyd. Hierdie bevel gee toestemming aan deelnemers om voort te gaan met die vuur van telskote (geen proefskote word toegelaat nie. Tyd begin met die bevel – **BEGIN**
Die helfte van die tyd word aangekondig.	Die baanoffisier moet aankondig dat die helfte van die tyd nog beskikbaar is vir die dissipline.
VYF MINUTE OOR.	Die baanoffisier moet aankondig dat slegs 5 minute nog beskikbaar is vir die dissipline.
TWEE MINUTE OOR.	Die baanoffisier moet aankondig dat slegs 2 minute nog beskikbaar is vir die dissipline.
	Sodra die skut klaar geskiet het, moet hy/sy die wapen sigbaar op die vuurpunt plaas met die die veiligheidskoord reeds in die loop.
STOP – ONTLAAI.	Sodra tyd verstreke is of alle deelnemers die dissipline voltooi het, volg die bevel: **STOP ONTLAAI**. Alle deelnemers moet dadelik stop, die wapen se aksie oopmaak en op aanvraag dit aan die baanoffisier toon vir veilig verklaring. Lope moet te alle tye in die rigting van die teiken wees. Indien daar nog ’n gelaaide wapen op die vuurlyn is, moet die deelnemer roep: **Gelaaide wapen**, die baanoffisier moet dan toepaslik die wapen ontlaai of veilig laat afvuur.
Skietbaan is veilig, handig alle teikens in.	Die baanoffisier verklaar die baan veilig en maak seker dat alle teikens ingehandig is.
Deelnemers mag toerusting verwyder vanaf die vuurlyn	Wanneer die skut se aflos voltooi is en alle wapens veilig verklaar is, met aksies oop en veiligheidskoord in die loop, mag die toerusting verwyder word.

BAANBEVELE VIR DIE AANBIED VAN 'N FINAAL

a) Formaat vir 'n finaal	Uitval metode: Die finaal bestaan uit twee (2) reekse van ***vyf (5)*** kompetisie skote wat afgevuur word in 'n tydgleef van ***250*** sekondes per reeks. Daarna volg veertien (14) enkel kompetisie skote wat elk na 'n bevel in 'n tyd van 50 sekondes afgevuur word. Die eerste eliminasie vind plaas na die ***twaalfde*** skoot van die skut in die finaal met die laagte telling en gaan voort na elke tweede skoot tot die Goud en Silwer medalje beslis word. Daar word 'n totaal van ***vier en twintig (24)*** skote geskiet. *Elke finalis moet 'n "runner" hê wat agter sy vuurpunt stelling sal inneem en wat die teikens moet gaan opsit.* (Die BEGIN TYD van die finaal soos aangedui op die program, is die tyd wanneer die eerste kompetisie skoot afgevuur word, nie die tyd wanneer skuts by die baan opdaag nie.)
b) Punte toekenning	Tellings in die finaal word bymekaar getel om die volgorde te bepaal. 'n Uitskiet sal die uitslag van 'n gelykop telling bepaal. Aftrekking vir oortredings tydens die eerste kompetisie skoot sal toegepas word op die punt van die eerste skoot. Aftrekkings vir verdere oortredings sal toegepas word op die telling van die skoot waar die oortreding plaasvind.
c) Toerusting opsteltyd – 20 min voor aanvang	Finaliste of hul afrigters moet toegelaat word om hul gewere en apparaat op die vuurpunt te plaas – nie later as 20 minute voor die BEGIN TYD. *Runner moet onmiddelik 'n proefteiken gaan opsit.*
d) Opwarm tyd – 16 min voor aanvang	Die Hoofbaanoffisier (HBO) sal die die finaliste **sestien (16) minute** voor die begin tyd na die vuurpunt roep met die bevel: **"SKUTS NA DIE VUURLYN"** Na **twee (2) minute** sal die Hoofbaanoffisier die gekombineerde Voorbereidings- en Inskiettyd aankondig met die bevel: **"Agt minute voorbereiding en inskiettyd……..Begin"** Teen 30 sekondes voor die einde van Voorbereidings- en Inskiettyd, sal die Hoofbaanoffisier die volgende bevel gee: **"30 Sekondes"** Na agt minute sal die Hoofbaanoffisier die volgende bevel gee: **"STOP…….ONTLAAI"** *Hierdie agt (8) minute van voorbereiding- en inskiettyd kan opgedeel word in twee sessies van 5 & 3 minute waartydens 'n nuwe proefteiken na 5 minute opgesit moet word. Die nodige bevele sal net aangepas moet word en omruil van teikens sal spoedig moet plaasvind om nie tyd te verspul nie.* Geen tellings word tydens die inskiettyd aangekondig nie. Na die bevel "STOP ….ONTLAAI", moet finaliste hul gewere ontlaai en veiligheidskoord in die loop plaas. Hulpbaanoffisier/e moet seker maak die geweeraksies is oop en die veiligheidskoord in die loop. Skuts moet in hul posisies bly, hul gewere laat sak vanuit die skouer en hul koppe en gesigte draai na die toeskouers. Gewere moet vir die duur van die aankondiging, gesak bly en mag nie in die skouer wees nie. *HBO gee instruksie aan runners om onmiddellik die proefteikens te gaan verwyder en eerste drie (3) Kompetisie teikens op te sit.*

e) Voorstelling van die finaliste – 5 min voor aanvang	Nadat finaliste se gewere nagegaan is, sal die Aankondiger die finaliste, Hoofbaanoffisier (HBO) en Jurie Lid in beheer aankondig.
f) 1ste Kompetisie stadium 2 x ***5*** skote Tydbeperking: ***250*** sekondes per reeks Kompetisie begin op 0:00 min (volgens program)	Die HBO gee bevel: **"VIR DIE EERSTE KOMPETISIE REEKS……LAAI"** en na 5 sekondes die bevel: **"BEGIN"** Finaliste het ***250*** sekondes om die ***vyf (5)*** skote te skiet. Na ***250*** sekondes of wanneer al die finaliste hul ***vyf (5)*** skote geskiet het, sal die HBO die bevel gee: **"STOP"**. *HBO gee instruksie aan Hulpbaanoffisiere om teikens op te neem en aan die runners om die volgende* ***vyf (5)*** *Kompetisie teikens op te sit.* Tellings word op groot skerm geplaas en die Aankondiger gee vir 15-20 sekondes kommentaar oor die huidige volgorde van die finaliste en uitstaande skote wat geskiet is, maar individuele skuts se tellings word nie genoem nie. Onmiddelik na die Aankondiger klaar is, sal die HBO die bevel gee: **"VIR DIE VOLGENDE KOMPETISIE REEKS… LAAI"** en na 5 sekondes die bevel: **"BEGIN"** Na ***250*** sekondes of wanneer al die finaliste hul ***vyf (5)*** skote geskiet het, sal die HBO die bevel gee: **"STOP"**. *HBO gee instruksie aan Hulpbaanoffisiere om teikens op te neem en aan die runners om die volgende enkel Kompetisie teiken op te sit.* Tellings word op groot skerm geplaas en die Aankondiger sal weer kommentaar gee oor die finaliste en hul tellings. Daarna sal die Aankondiger verduidelik dat die enkel skote gaan begin en dat na elke tweede skoot, sal die skut met die laagste telling, ge-elimineer word.
g) 2de Kompetisie stadium met enkel skote 14 x 1 skoot Tydsbeperking: 50 sek	Onmiddelik na die Aankondiger klaar is, sal die HBO die bevel gee: **"VIR DIE VOLGENDE KOMPETISIE SKOOT… LAAI"** en na 5 sekondes die bevel: **"BEGIN"** Finaliste het 50 sekondes vir elke skoot. Op 50 sekondes sal die HBO die bevel gee: "STOP" HBO gee instruksie aan Hulpbaanoffisiere om teikens op te neem en aan die runners om die volgende enkel Kompetisie teiken op te sit. Tellings word op groot skerm geplaas en die Aankondiger gee kommentaar oor die finaliste en hulle tellings. Onmiddelik na die Aankondiger klaar is, sal die HBO die bevel gee: **"VIR DIE VOLGENDE KOMPETISIE SKOOT… LAAI"** en na 5 sekondes die bevel: **"BEGIN"** Hierdie volgorde sal voortgaan tot 'n totaal van ***24*** skote, insluitende 14 enkel skote, geskiet is. Na die ***24ste*** skoot, gee die HBO die bevel: **"STOP…..ONTLAAI"**. Die hulpbaanoffisier/e moet seker maak die gewere

	is veilig met veiligheidskoorde in die lope.
h) Eliminasies	Na al die finaliste ***twaalf (12)*** skote geskiet het, word die atleet met die laagte telling ge-elimineer (8ste plek) Na ***14 skote*** –7de plek Na ***16 skote*** – 6de plek Na ***18 skote*** – 5de plek Na ***20*** ***skote*** – 4de plek Na ***22 skote*** – 3de plek (Wenner van die Brons medalje) Na ***24 Skote*** – 2de en 1st plek (Wenner van Silwer en Goue medalje)
i) Gelykop uitslae	Indien daar gelykop tellings is, moet die skuts met die gelykop tellings, additionele enkel skote skiet totdat ‘n uitslag bereik word en iemand ge-elimineer word. (Hierdie addisionele skote se tellings word nie in berekening gebring nie). Vir die addisionele skote, sal die HBO die name van die gelykop skuts aankondig en hulle beveel om volgens die normale prosedure enkel skote te skiet totdat die gelykop uitslag gebreek is
j) Finaal verstreke	Wanneer die oorblywende twee (2) finaliste hul 20ste skote geskiet het en daar is geen gelykop uitslae of besware nie, verklaar die HBO: **“RESULTATE IS FINAAL”** Die Aankondiger gaan onmiddellik voort om die GOUD, SILWER en BRONS medalje wenners aan te kondig.

BAANBEVELE VIR DIE AANBIED VAN 'N FINAAL BY SA KAMPIOENSKAPPE OM DIE PROSES TE VERSNEL (soos gebruik vanaf 2018)

a) Formaat vir 'n finaal	Uitval metode: Die finaal bestaan uit twee (2) reekse van ***vyf (5)*** kompetisie skote wat afgevuur word in 'n tydgleef van ***250*** sekondes per reeks. Daarna volg veertien skote bestaande uit (7) reekse van twee (2) kompetisie skote wat elk na 'n bevel in 'n tyd van 100 sekondes afgevuur word. Die eerste eliminasie vind plaas na die ***twaalfde*** skoot van die skut in die finaal met die laagte telling en gaan voort na elke tweede skoot tot die Goud en Silwer medalje beslis word. Daar word 'n totaal van ***vier en twintig (24)*** skote geskiet. *'n Meganiese "runner" word gebruik vir enkele teikens met EEN SKOOT PER TEIKEN.* (Die BEGIN TYD van die finaal soos aangedui op die program, is die tyd wanneer die eerste kompetisie skoot afgevuur word, nie die tyd wanneer skuts by die baan opdaag nie.)
b) Punte toekenning	Tellings in die finaal word bymekaar getel om die volgorde te bepaal. 'n Uitskiet sal die uitslag van 'n gelykop telling bepaal. Aftrekking vir oortredings tydens die eerste kompetisie skoot sal toegepas word op die punt van die eerste skoot. Aftrekkings vir verdere oortredings sal toegepas word op die telling van die skoot waar die oortreding plaasvind.
c) Toerusting opsteltyd – 20 min voor aanvang	Finaliste of hul afrigters moet toegelaat word om hul gewere en apparaat op die vuurpunt te plaas – nie later as 20 minute voor die BEGIN TYD. *Skut moet onmiddelik 'n proefteiken opsit.*
d) Opwarm tyd – 16 min voor aanvang	Die Hoofbaanoffisier (HBO) sal die die finaliste **sestien (16) minute** voor die begin tyd na die vuurpunt roep met die bevel: **"SKUTS NA DIE VUURLYN"** Na **twee (2) minute** sal die Hoofbaanoffisier die gekombineerde Voorbereidings- en Inskiettyd aankondig met die bevel: **"Agt minute voorbereiding en inskiettyd……..Begin"** Teen 30 sekondes voor die einde van Voorbereidings- en Inskiettyd, sal die Hoofbaanoffisier die volgende bevel gee: **"30 Sekondes"** Na agt minute sal die Hoofbaanoffisier die volgende bevel gee: **"STOP…….ONTLAAI"** *Hierdie agt (8) minute van voorbereiding- en inskiettyd het die skut twee proefteikens om te gebruik.* Geen tellings word tydens die inskiettyd aangekondig nie. Na die bevel "STOP ….ONTLAAI", moet finaliste hul gewere ontlaai. Hulpbaanoffisier/e moet seker maak die geweeraksies is oop. Dit is nie nodig om die veiligheidskoord in die loop te plaas tensy die skut ge-elimineer is of die baan verlaat of die kompetisie eindig. Skuts moet in hul posisies bly, hul gewere laat sak vanuit die skouer en hul koppe en gesigte draai na die toeskouers. Gewere moet vir die duur van die aankondiging, gesak bly en mag nie in die skouer wees nie. *HBO gee instruksie aan skuts om onmiddellik die proefteikens te verwyder en eerste Kompetisie teikens op te sit.*

e) Voorstelling van die finaliste – 5 min voor aanvang	Nadat finaliste se gewere nagegaan is, sal die Aankondiger die finaliste, Hoofbaanoffisier (HBO) en Jurie Lid in beheer aankondig.
f) 1ste Kompetisie stadium 2 x ***5*** skote Tydbeperking: ***250*** sekondes per reeks Kompetisie begin op 0:00 min (volgens program)	Die HBO gee bevel: **"VIR DIE EERSTE KOMPETISIE REEKS……LAAI"** en na 5 sekondes die bevel: **"BEGIN"** Finaliste het ***250*** sekondes om die ***vyf (5)*** skote te skiet. Na ***250*** sekondes of wanneer al die finaliste hul ***vyf (5)*** skote geskiet het, sal die HBO die bevel gee: **"STOP"**. *HBO gee instruksie aan Hulpbaanoffisiere om teikens op te neem en aan die skuts om die volgende Kompetisie teikens op te sit.* Tellings word op groot skerm geplaas en die Aankondiger gee vir 15-20 sekondes kommentaar oor die huidige volgorde van die finaliste en uitstaande skote wat geskiet is, maar individuele skuts se tellings word nie genoem nie. Onmiddelik na die Aankondiger klaar is, sal die HBO die bevel gee: **"VIR DIE VOLGENDE KOMPETISIE REEKS… LAAI"** en na 5 sekondes die bevel: **"BEGIN"** Na ***250*** sekondes of wanneer al die finaliste hul ***vyf (5)*** skote geskiet het, sal die HBO die bevel gee: **"STOP"**. *HBO gee instruksie aan Hulpbaanoffisiere om teikens op te neem en aan Skuts om volgende Kompetisie teiken op te sit.* Tellings word op groot skerm geplaas en die Aankondiger sal weer kommentaar gee oor die finaliste en hul tellings. Daarna sal die Aankondiger verduidelik dat die dubbele skote reeks, een per teiken, gaan begin en dat na elke tweede skoot, sal die skut met die laagste telling, ge-elimineer word.
g) 2de Kompetisie stadium met dubbel skote, een per teiken 7 x 2 skote Tydsbeperking: 100 sek	Onmiddelik na die Aankondiger klaar is, sal die HBO die bevel gee: **"VIR DIE VOLGENDE TWEE KOMPETISIE SKOTE… LAAI"** en na 5 die bevel: **"BEGIN"** Finaliste het 100 sekondes vir TWEE SKOTE. Op 100 sekondes sal die HBO die bevel gee: "STOP" HBO gee instruksie aan Hulpbaanoffisiere om teikens op te neem en aan die skuts om die volgende Kompetisie teiken op te sit. Tellings word op groot skerm geplaas en die Aankondiger gee kommentaar oor die finaliste en hulle tellings en watter skut uitgeskakel word. Onmiddelik na die Aankondiger klaar is, sal die HBO die bevel gee: **"VIR DIE VOLGENDE TWEE KOMPETISIE SKOTE… LAAI"** en na 5 die bevel: **"BEGIN"** Hierdie volgorde sal voortgaan tot 'n totaal van ***24*** skote, insluitende 7 DUBBEL skote reeks, geskiet is. Na die ***24ste*** skoot, gee die HBO die

	"STOP…..ONTLAAI". Die hulpbaanoffisier/e moet seker maak die gewere is veilig met veiligheidskoorde in die lope.
h) Eliminasies	Na al die finaliste ***twaalf (12)*** skote geskiet het, word die atleet met die laagte telling ge-elimineer (8ste plek) Na ***14 skote*** –7de plek Na ***16 skote*** – 6de plek Na ***18 skote*** – 5de plek Na ***20*** ***skote*** – 4de plek Na ***22 skote*** – 3de plek (Wenner van die Brons medalje) Na ***24 Skote*** – 2de en 1st plek (Wenner van Silwer en Goue medalje)
i) Gelykop uitslae	Indien daar gelykop tellings is, moet die skuts met die gelykop tellings, additionele enkel skote skiet totdat 'n uitslag bereik word en iemand ge-elimineer word. (Hierdie addisionele skote se tellings word nie in berekening gebring nie). Vir die addisionele skote, sal die HBO die name van die gelykop skuts aankondig en hulle beveel om volgens die normale prosedure enkel skote te skiet totdat die gelykop uitslag gebreek is
j) Finaal verstreke	Wanneer die oorblywende twee (2) finaliste hul 24ste skote geskiet het en daar is geen gelykop uitslae of besware nie, verklaar die HBO: **"RESULTATE IS FINAAL"** Die Aankondiger gaan onmiddellik voort om die GOUD, SILWER en BRONS medalje wenners aan te kondig.

AANHANGSEL B:

LYS VAN VERBODE MIDDELS SOOS GEPUBLISEER IN 2024